85/17

# RESTORICA

APRIL 1985 NO 17

STIGTING
SIMON VAN DER STEL
FOUNDATION

ONDERWYSKOLLEGE PRETORIA
TYDSKRIFTE
STAND NR. T968 STI
BIBLIOTEEK



# Craftsmanship. Conserving our past for the future.



South Africa's architectural heritage is constantly threatened by sad neglect and — often — demolition.

There is, therefore, a continuing need for the dedicated restoration and refurbishing of our beautiful historical buildings.

For 25 years, our commitment has been to fill that need.

Throughout the country, Gordon Verhoef & Krause has established teams of experienced artisans, all craftsmen in their individual fields. They all have a respect for the preservation of our traditional skills.

By combining our inherent expertise with modern project management techniques, the name of Gordon Verhoef & Krause has become synonymous with the superior and efficient craftsmanship vital for the preservation of our buildings.

Today, the company is striving to maintain this leading position as a major developer of restored properties and as a main contractor in the recycling of buildings, endeavouring to improve the overall quality of life in our environment.

Gordon Verhoef & Krause

25

Johannesburg 614 6511 • Cape Town 45 5575 • Port Elizabeth 46 757 • Durban 6 4317 • Pretoria 26 0555 • Windhoek 2 5641
London 735 8636 • Manchester 789 7105

# RESTORICA STIGTING SIMON VAN DER STEL

APRIL 1985 NO 17

**Stigting Simon van der Stel Foundation**
(Ingelyfde Vereniging sonder winsoogmerk
Incorporated Association not for gain.)
Opgerig/Established 8 April 1959.
Magtigingsnommer/Fundraising number:
FO2 200215 000 8

**Nasionale Raad/National Council**

*Erepresident/Honorary President*
Dr. S. Meiring Naudé, D.V.S./D M S

*Nasionale Voorsitter/National Chairman*
Prof. H.W. Snyman

*Nasionale Ondervoorsitter*
*National Vice-Chairman*
Mnr./Mr. F.D. Conradie LP/MP

**Kaapprovinsie/Cape Province**
Mnr./Mr C.P. de L. Beyers
Mnr./Mr W.P.L. van Zyl
Mnr./Mr G.T. Fagan
Mnr./Mr S. Theron
Mnr./Mr M.F. Smuts
Mej./Miss. C. Malan

**Natal**
Dr. J. Pringle

**Oranje-Vrystaat/Orange Free State**
Prof. P.J. Nienaber D.V.D./D M S

**Transvaal**
Mnr./Mr J.B.C. Roets
Mnr./Mr N.C. Bloom
Mnr./Mr B.J. van der Walt
Mnr./Mr J.H. Meiring
Dr. C.J.F. Human

**Adres/Address**
Posbus/P.O. Box 1743, Pretoria 0001
Tel: 26-6748, 26-8651

*Kopiereg voorbehou/Copyright reserved*

**Drukkers/Printers**

Promedia Publikasies/Publications
Posbus/P O Box 255
Silverton 0127

# INHOUD/CONTENTS

5 Redaksioneel

7 The 1984 Annual General Meeting in Johannesburg
Caro Woodward

10 Zeekoeigat word 'n nasionale gedenkwaardigheid
Helena Marincowitz

11 Kerkplein, Worcester
E. Elstadt

12 Restourasie of herbou
Dr. C. Pama

24 Medaljes

25 The need for a Cape Dutch houses foundation
G.S. Hofmeyr

26 Sammy Marks- en Kynochgebou gerestoureer

27 Die W.D. Pretorius-huis, Potchefstroom
Prof. Frans Pretorius

33 Verblyfplekke van die Boeregeïnterneerdes in Portugal, 1901-1902
Dr. O.J.O. Ferreira

41 The Towers
Mnr J.M.D. Erasmus

43 Briewe

45 Boeke

46 Bloemspruit en sy sandsteenbrûe
Dr. C.J.P. le Roux

51 Die Wonderboomfort-bewaringsprojek
J. Dreyer

**VOORBLAD: Vervalle meule, Wepener, OVS.**

**FRONT PAGE: Dilapidated Mill, Wepener OVS.**

RESTORICA SIMON VAN DER STEL FOUNDATION


APRIL 1985 NO 17



Volkskas is die bank vir jou
'n bankgenoot deur dik en dun
vir die kom-wat-wil-
jongdae



'n Bankgenoot om jou by
te staan deur die raap-en-skraap
broekskeur-dae



Volkskas is jou
steunpilaar vir die pa-en-ma-en-
kleindingdae





By Volkskas is ons trots daarop
dat jy op ons kan staatmaak

'n Tak naby en
'n vriend daarby vir die
salig-uitspan-aftreedae



Volkskas Beperk (Geregistreerde Handelsbank).

Volkskas
ARBEIDSAAMHEID
Jou bankgenoot deur dik en dun.

de Villiers en Kie 200132

# REDAKSIONEEL

In tye van swak ekonomie word eerste op die sogenaamde "nie-noodsaaklike dienste" besnoei. Kultuursake val natuurlik ook in hierdie ongelukkige kategorie — so asof die mens sonder kultuur kan bestaan. Hande wat voorheen oop was vir bewaring word nou toegehou — alhoewel harte nog dikwels oop is. So 'n situasie laat 'n mens wonder of dit waarmee jy besig is, dan nog die moeite werd is as vele om jou dit klaarblyklik as 'n luukse beskou.

So 'n dinksessie of hand-in-eie-boesemsessie kan nogal verrykend (en verrassend) wees. Wanneer 'n mens so na die geboue-erfenis om jou kyk, kom die besef: dit is méér as geld werd. Dit is goud wat nie teen 'n dollar kán daal nie — want dit is geestelik sowel as stoflik. Stoflik omdat dit 'n materiële skepping is en geestelik omdat dit deur 'n geestesaksie voorafgegaan is en 'n sekere geestesgesindheid weerspieël. Om stoflik arm te wees, is vergeeflik. Maar geestelik arm: aikôna. Dan bly daar vir die kultuurmens geen anker oor nie. Daarom is dit juis te meer in ekonomies moeilike tye nodig om voort te gaan met kultuurwerk, want dan is die behoefte daaraan soveel groter.

'n Positiewe aspek wat uit die swak ekonomie gevloei het, is die hernude besef dat dit dikwels meer ekonomies is om 'n ou gebou te bewaar en te herbenut as om 'n nuwe op te rig — veral as die stygende boukoste in ag geneem word. Ontwikkeling en vernuwing, veral binne stedelike gebiede, is tydelik gestrem en daar word nou twee maal gedink voordat 'n gebou summier gesloop word. Dit werk natuurlik bewaring in die hand.

Die huidige ekonomie het ook vir die Stigting moeilike tye gebring. Daar is byvoorbeeld tydens die fondsinsamelingspogings gevind dat daar nou al hoe meer organisasies in die tou staan om van die privaatsektor 'n bydrae vir bewaring te kry. In Transvaal word daar nou selfs van owerheidsweë van hierdie bron gebruik gemaak vir die finansiering van restourasieprojekte. Dit maak insamelingspogings vir die Stigting heelwat moeiliker. Dit laat 'n mens ook wonder wat die rol van privaatinisiatief in bewaring behoort te wees.

Maar uit hierdie nood is by die Stigting ook inisiatiewe gebore wat lei tot hoër produktiwiteit, beter spangees en die lê van 'n stewige administratiewe en finansiële fondasie vir die goeie jare wat, so glo ons, op die maer jare gaan volg. Hier word veral verwys na die stigting van 'n finansieskomitee wat daartoe gelei het dat nuwe lewe in die fondsinsameling en administrasie geblaas is. Ons het ontdek dat ons baie vriende het — meer as wat ons gedink het — wat ons deur hierdie moeilike tyd gaan bystaan.

Ons het vir vyf-en-twintig jaar oorleef. Ons gaan hierdie swak ekonomie óók oorleef, sterker daaruit tree en slaggereed wees vir die opbloei wat daar in Suid-Afrika, ook vir bewaring, gaan kom.

***Mev Elize Labuschagne (Redakteur)***

*Redaksionele Komitee:*

*Prof H W Snyman*
*Dr T J Botha*
*Mnr U Küsel*



# "If you want to know how much Escom cares about wildlife, ask the Cape Vulture."

**Dr. John Ledger, Endangered Wildlife Trust.**

Like so many of our country's indigenous birds and animals, the Cape Vulture is an endangered species.

Some years ago it was discovered that Cape Vultures were being electrocuted in large numbers as a result of roosting on the pylons of live powerlines, causing frequent power failures in certain areas.

In trying to solve what was originally a technical problem, Escom's engineers consulted with a group of experts on the behaviour and habits of the Cape Vulture.

Escom established a Bird Research Committee to conduct ongoing research into interactions between birds and powerlines. It was imperative to try and prevent any further fatalities not only among the Cape Vulture, but among all birds. Burying the powerlines was out of the question, because of the vast expense — estimated at hundreds of millions of rand. What was needed was some means of protecting the vultures from electrocution.

It was decided to avoid using hazardous pylon designs when routing new lines through areas where vultures occur. In critical areas special perches were fitted to more than 400 pylons, greatly improving the situation. More recently experiments with insulators have been carried out in an effort to finally eliminate this problem.

The ready cooperation between Escom and environmental interest groups has removed one major hazard from the life of one of nature's most majestic wild creatures.

This is one way Escom tries to minimize the impact of its activities on the environment.

For further information write to the Public Relations Officer at Escom. P.O. Box 1091, Johannesburg 2000.

**The power behind tomorrow.**

ESCOM • EVKOM

GREY-PHILLIPS, BUNTON, MUNDEL & BLAKE 75043

# The 1984 Annual General Meeting in Johannesburg

Caro Woodward

Every newly formed branch of the Foundation should be encouraged or, if necessary, bludgeoned into hosting an A G M as soon as possible. During the run up the fact that the inexperienced committee has not the faintest idea of what is expected from it may be excessively wearying and unnerving for Head Office. Startled and horrified exclamations along the lines of "You don't mean to say that *we* are responsible for that" or "But what if nobody comes and we have to foot the bill? Surely you know we haven't any money?" have to be fielded almost daily; and fielded with tolerance and humour and helpful suggestions if the committee concerned is not going to suffer an irreversible trauma. But if Head Office and the branch committee survive, what a very valuable experience hosting an A G M turns out to be. Faceless names from the National Council are discovered to be sympathetic and approachable human beings; discussions with members from other branches throw a different light on common problems and open up all kinds of new vistas; and the result is that the branch has a sense of integration with a larger whole or, to put it another way, a feeling that it has come of age. That at any rate was the experience of the Witwatersrand Branch Committee which celebrated its third birthday by hosting the 1984 A G M in Johannesburg.



**V.l.n.r.: Dr. en mev. G.v.N. Viljoen, onder-burgemeester en mev. C.E. Fabel, mev. F.D. Conradie, mev. H.W. Snyman en prof. H.W. Snyman tydens die Algemene Jaarvergadering.**

The Witwatersrand Committee are only sorry — in retrospect of course — that the expense of staying in Johannesburg for out-of-town members meant that everything had to be packed into two days so that the opportunity to convince the doubting of the many fascinating and preservation-worthy aspects of our city was severely limited. We do hope, though, that our guests left us semi if not fully convinced that the City of Gold has more to offer than mine dumps, soulless skyscrapers, lots of people, and too many cars.

The A G M opened on the Friday evening with a civic finger supper in the Cafeteria of Randse Afrikaanse Universiteit hosted by the Deputy Mayor and Mayoress of Johannesburg, Councillor Ernie and Mrs Fabel. Happily the food and drink were so delicious and so plentiful that the 200-odd guests were unaware that our guest of honour, the Minister of Education and Training, the Honourable Dr Gerrit Viljoen, did not arrive when he was expected to arrive. Naturally there was consternation in the background and RAU Security breathed a huge sigh of relief when the Minister finally turned up safe and sound. Rumour had it that having flown up from Cape Town a couple of hours beforehand he could not find his black shoes — doubtless a light-hearted excuse for pressing affairs of state.

Dr Viljoen's speech, a very full account of his deep concern with and interest in the numerous problems of preservation that beset the country in general and the Foundation in particular, was of great interest and encouragement to all who heard him. The evening ended with a delightful concert given by the RAU choir under the baton of Professor C Swanepoel — a concert much appreciated by the audience to judge from the prolonged applause.

On the Saturday morning, members of the Foundation again assembled at RAU for the serious business of the weekend, the actual annual general meeting. Once the business of the year was satisfactorily dispatched, we all sat down to lunch in one of the private rooms at the Cafetaria: a good lunch and even better wine thanks to Mr Jack Holloway, a member of the committee who raided his own cellar. Understandably people had to be prised away from their lunch tables so that the bus tour of central Johannesburg could get away on time.

Very fortunately the tour of the CBD proved so fascinating that despite exhortations to the contrary it ran well over schedule. Had it not done so sixty thirsty people would have arrived at Northwards only to find that they could not assuage their thirst because teapots, milk jugs and other necessary appurtenances were not available — the maid with the key to the china cupboard had gone missing! But in the event the maid and the key turned up in the nick of time and everything was in perfect order when the bus eventually drew up.

It was quickly decided to scrap the second part of the tour so that people could relax and enjoy their tea in the beautiful surroundings of Northwards, one of Herbert Baker's splendid houses on the Parktown Ridge. And there the A G M ended in a welter of strawberries, chocolate cake, clattering spoons and loud chatter. Next time round we hope we shall be able to persuade everyone to stay with us for at least another day.

# DIE 25ste ALGEMENE JAARVERGDERING

# van die

# STIGTING SIMON VAN DER STEL

# te

# JOHANNESBURG,

# 21 SEPTEMBER 1984

## TOESPRAAK DEUR SY EDELE DIE MINISTER VAN ONDERWYS EN OPLEIDING

## DR. G. v. N. VILJOEN

Meneer die Voorsitter, dames en here

Dit is vir my 'n buitengewoon aangename voorreg om die Stigting Simon van der Stel namens myself en die Departement van Nasionale Opvoeding geluk te wens met sy vyf-en-twintigste bestaansjaar. U het ses maande gelede, op 9 April, die ouderdom van vyf-en-twintig jaar bereik, en die feit dat u sedert 1959 gedy het, ten spyte van moeilikhede en probleme, is 'n duidelike

bewys dat daar in Suid-Afrika 'n behoefte bestaan aan 'n bewaringsinstansie soos u Stigting.

Gedurende die afgelope vyf-en-twintig jaar het u die bewaring van ons kultuurerfenisse grootliks bevorder deur bv. Coornhoop in Kaapstad van verval en moontlike sloping te red en dit, deur restourasie, in 'n spogplek te ontwikkel. Dieselfde geld vir Boekenhoutfontein, die plaas van pres. Kruger, Fort Merensky, die Macroriehuis, die Bradshawmeul en talle ander geboue.

Deur middel van u tydskrif RESTORICA, die enigste tydskrif in sy soort in Suid-Afrika, dra u gereeld inligting en kundigheid uit oor restourasieprobleme, die geskiedenis van geboue wat van kultuurhistoriese waarde is, en verder, deur die gereelde toere wat u na besienswaardige geboue en terreine reël, aktiveer en inspireer u die mense wat u toere meemaak en dra u so die noodsaaklike kennis oor om 'n liefde vir en trots op ons ryke verlede aan te wakker en te ontwikkel. Mag die volgende vyf-en-twintig jaar u Stigting tot nuwe hoogtes voer.

The strength of your Foundation lies in the fact that it has its roots in almost every city and town in South Africa. Through your members and your local organisations, you are placed in a position to identify the historical and cultural objects which are worthy of preservation. In this respect you are in a better position than, for instance, the National Monuments Council, which, though structured on a regional basis, does not have the local contacts which you have. The Monuments Council and its predecessor, the Historical Monuments Commission, has done sterling work in the field of preservation. Since 1936 it has succeeded in having some 2 200 objects of historic, aesthetic or scientific importance or interest declared to be national monuments. Unfortunately, however, the Monuments Council is often criticised, sometimes severely so, for not taking timeous action to save a historically or culturally important building. But the question arises: Why did the critics not bring these objects to the attention of the Council when they were in no danger of drastic alteration or demolition? Perhaps the critics must share the blame for the loss of that which should have been preserved.

It is in this respect that your Foundation, through its local organisations and members, can assist the Monuments Council in its main function, which is to identify worthwhile objects from our past and have them declared to be national monuments — the only way of ensuring that such objects will be preserved as tokens of the past and will serve as inspiration for the future.

The objects of the National Monuments Council are to encourage and promote the preservation and protection of our cultural heritage and to co-ordinate and control all activities in connection with national monuments. In order to enable the Council to attain these objects, the National Monuments Act makes provision for registration with the Council of persons or bodies engaged in preservation work, and after such registration they can channel their requests for funds through the Council. The State has set up the machinery for controlling and co-ordinating preservation work and has paved the way for rationalisation in this respect.

Ek is bewus daarvan dat daar, op min of meer gereelde grondslag, dialoog op hoë vlak tussen die Stigting en die Raad plaasvind. Om hierdie uiters gewenste optrede soveel moontlik te bevorder, is 'n senior lid van u bestuur onlangs aangestel as lid van die Raad. Ook hier het die Staat dus die gewenste samewerking bevorder, en dit is nou in u en die Raad se hande om rasionalisasie verder uit te bou.

Maar ek is van oordeel dat skakeling ook verder uitgebou moet word om ook ander kultuurliggame te betrek by die aksie om betyds die waardevolle kultuurerfenisse te identifiseer. U kan, in samewerking en oorleg met die Raad, 'n aksie daarstel om bv. die Heemkringe te betrek. Hoe meer wortels daar is, des te suksesvoller sal die bewaringsaksie wees.

Voordat ek van hierdie aspek afstap, wil ek ook die noodsaaklikheid beklemtoon dat daar 'n nasionale lys opgestel moet word van die strukture en voorwerpe wat aandag moet geniet en wat vir permanente bewaring beoordeel en geïdentifiseer kan word. Die lys moet, soos ek dit sien, deur die Raad bygehou word, maar alleen kan die Raad nie die taak onderneem nie, en die aktiewe hulp en gereelde deurvoering na die Raad is 'n absolute prioriteit. Daar moet darem altyd in gedagte gehou word dat die kultuurwaardevolle gebou private besit is, en oorleg met die eienaars is dus gebiedend noodsaaklik.

Dit kom soms voor dat 'n waardevolle kultuurvoorwerp nie losgemaak kan word van sy omgewing nie. Nou is dit so dat die bewaring van die omgewing tot die terrein van die Raad vir die Omgewing behoort. Daar het reeds vrugbare samesprekings tussen die twee Rade plaasgevind, en u Stigting behoort daaraan oorweging te skenk om dergelike gevalle onder die aandag van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede te bring vir die nodige aandag deur die twee Rade.

Wat ál noodsaakliker word, is groepsbewaring — die bewaring van 'n buurt, 'n straattoneel en, indien moontlik, 'n klein dorpie. Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede het reeds in dié rigting gewerk, soos blyk uit die verklaring van die Maleierbuurt, in samewerking met die Stadsraad van Kaapstad, die hele Kerkstraat te Tulbagh en omtrent die hele Dorpstraat in Stellenbosch. Hier, in Pretoria, is Artillerieweg ook verklaar, en onlangs is daar, danksy die oortuigingswerk deur dr. Anton Rupert en sy bewaringsorganisasie, straattonele in Graaff-Reinet tot nasionale gedenkwaardighede verklaar, in hierdie geval hoofsaaklik net die fasades van die geboue en juis met die oogmerk om die straattonele te beskerm — 'n gedragslyn wat myns insiens groot meriete het.

In alle geval, groepsbewaring moet ook van u Stigting aandag kry — hét in die geval van Boekenhoutfontein en Fort Merensky, reeds aandag gekry. Dié optrede is bevorderlik vir die herskepping van 'n juiste beeld van die verlede — "die goeie ou tyd" — en verdien dus ook u verdere aandag.

Dames en here, in 'n tyd van finansiële knellinge is dit noodsaaklik dat ek ook van die hoë — nee, steeds stygende — koste van bewaring en restourasie melding maak. Enkele voorbeelde: In 1969 was die totale begroting van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, R70 000. Vir die huidige boekjaar is 'n bedrag van R1 635 000 aan die Raad toegeken, en die aanvraag styg steeds, maar die bronne bly beperk en die beskikbare fondse sal in die toekoms nog wyer aangewend moet word. Daar moet in gedagte gehou word dat die Staat ook verpligtinge het teenoor ander bewaringsaksies, soos die nasionale museums, wat uiters waardevolle en noodsaaklike dienste lewer. Dit is u ook bekend dat die Staat u Stigting gedurende die afgelope vyf-en-twintig jaar finansieel gesteun het ten bedrae van oor die R400 000.

U Stigting het in die verlede groot sukses gehad om fondse uit die privaatsektor te beding. In dié verband staan u baie sterker in u aanspraak op hulle steun as bv. die Raad vir Nasionale gedenkwaardighede. Ten opsigte van die Raad huldig die privaatsektor, oor die algemeen, die mening dat aangesien die Raad 'n staatsinstelling is, hy uit staatsfondse van die nodige voorsien moet word.

Daar moet dus met groot oorleg te werk gegaan word by die identifisering van voorwerpe wat permanente bewaring regverdig. In hierdie verband is oorlegpleging tussen alle bewaringsliggame aangewese, sodat daar mettertyd konsensus bereik kan word oor die vereistes wat moet geld waar 'n voorwerp so geïdentifiseer word. Die Stigting, die Raad, ja, alle kultuurliggame, synde die deskundiges op die gebied van ons kultuurerfenisse, behoort aandag te gee aan riglyne in dié verband, maar die riglyne moet nie so onbuigsaam wees dat verdienstelike gevalle in die slag bly nie.

Ten slotte, baie dankie vir die geleentheid om u te mag toespreek oor die belangrike onderwerp van bewaring. My beste wense vergesel u in die jare wat voorlê.

# Zeekoeigat word 'n nasionale gedenkwaardigheid

## Helena Marincowitz

Toe die pragtige, gerestoureerde N.G. Kerkie op Zeekoeigat, in Prins Albert se distrik tot 'n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar is, was dit 'n heuglike dag vir die gemeenskap.

Die onthulling van die bronswapen is waargeneem deur 'n dertienjarige seun, Freddie Oosthuizen. Dit was sy oupagrootjie, Frederick Simon Oosthuizen wat die kerkie in 1906 op eie koste laat oprig het. Voordat die gordyn voor die wapen oopgeskuif is, het Freddie gesê "Dit is vir my 'n groot voorreg om vanmiddag namens die Oosthuizen-familie hierdie bronswapen te onthul. As die enigste naamgenoot van Frederick Simon Oosthuizen, beskou ek dit as 'n groot eer." Vir al die familie en belangstellendes wat van heinde en ver gekom het om die feesvieringe by te woon, was dit werklik 'n aandoenlike oomblik.


Prof. Frans Smuts, lid van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en mev. Smuts, het spesiaal vanaf Stellebosch gereis om teenwoordig te wees. Mnr. M.F. Smuts, lid van die Nasionale Raad van die Stigting Simon van der Stel en Voorsitter van die Suid-Kaap-tak, was die hoofspreker by die geleentheid. Hierdie bewaringsbewuste argitek van George het onder andere gesê dat Zeekoeigat tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is, omdat dit volksboukundig is en vertel watter soort mense lank gelede in die omgewing geleef het. Dit speel nog steeds 'n groot rol in die plaaslike gemeenskap en argitektonies is die kerkie van waarde.

Ds. M.M. Coetzee, huidige leraar van Prins Albert, het die kerkdeur ontsluit soos ds. D. Wilcocks dit op 27 Februarie 1907 gedoen het. 'n Krans is ook gelê op die graf van F.S. Oosthuizen deur sy kleinseun mnr. G.A.O. Marincowitz, wat die ouderling van die buitewyk is.

Na 'n heerlike vleisbraai wat almal terdeë geniet het, het mnr. Naas Ferreira, kurator van die C.P. Nel-museum op Oudtshoorn en mnr. Boets Smuts, 'n skyfievertoning gehou.

Die Sondag is die verrigtinge voortgesit met 'n kerkdiens in die kerkie deur ds. F.S. Marincowitz, 'n kleinseun van F.S. Oosthuizen, wat spesiaal vanaf King Williamstown oorgekom het. Ds. Marincowitz se geïnspireerde boodskap was na aanleiding van 1 Kor. 3 vers 9 "Julle is ook die gebou van God". Hy het ook 'n seuntjie, Christiaan Marincowitz, gedoop, wat 'n agter-agterkleinkind (5de geslag) van F.S. Oosthuizen is.

Die Kerkie met sy ou olielampe, outydse orreltjie, rooi en goud kanselkleed, silwer nagmaalbekers en besondere doopbak, het tesame met die houtpaneelwerk en pragtige geel en bronsrangskikkings 'n uitsonderlike en gewyde atmosfeer geskep. Zeekoeigat se verklaring tot Nasionale Gedenkwaardigheid sal nog lank onthou word. Dit was nie slegs 'n gebeurtenis nie, maar 'n aangrypende belewenis.



**Zeekoeigat se kerkie nadat dit gerestoureer is.**



**Prof. Frans Smuts en sy seun Boets Smuts afgeneem by die bronswapen by Zeekoeigat se kerk. Albei die persone het hulle beywer om die kerkie as 'n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar te kry.**

# KERKPLEIN, WORCESTER

**E. Elstadt**

Op 20 September 1974 is Kerkplein tot 'n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar en het almal wat met die verklaring gemoeid was die Kerkpleinkompleks as 'n unieke eenheid beskou wat ten alle koste bewaar moes bly. Die plein is uniek aangesien dit naas Stellenbosch die enigste bestaande dorpsplein in die Boland is. Daarby het die verskillende geboue rondom die plein 'n pragtige beeld gegee van die verskillende boustyle gedurende die eerste 150 jaar van die dorp se bestaan, nl. die Kaaps-Hollandse middelgewelhuis (Beck- en Hoefsmidhuis); die N.G. Moederkerk en die Rynse Sendingkompleks; die Victoriaans-Edwardiaanse "Boys Public School" en die Georgiaanse stadsaal.

Die onmoontlike het egter gebeur en is die "Boys Public School" vir 'n skamele R60 000 aan Edgars verkoop en in dieselfde jaar van die verklaring afgebreek. Slegs 'n hewige stryd het die Tegniese kollegegebou in 1973 gered maar die ou stadsaal wat maklik in 'n nuwe kompleks ingewerk kon gewees het, moes ook plek maak vir die Burgersentrum.

Daar was maar altyd stryd rondom Worcester se Kerkplein en met die deurlees van die ou koerante en ander argiefmateriaal in besit van die Museum ontvou die geskiedenis van ons dorp rondom die gebeure op en om die plein. 'n Mens kan jou dus self afvra, wat het oorgebly om die Plein uniek te maak? Die boomplantery is nog steeds aan die gang; parkeerplek is nog steeds 'n probleem; leeglêery deur mense wat nie sonder 'n bottel kan lê nie, soos mnr. H.J. MacDonald in sy rubriek destyds geskryf het, is nog steeds aan die gang en geen uitsluitsel kan oor die Tuin van Herinnering gekry word nie. Lê die oplossing nie daarin dat die Tuin gerestoureer word soos dit oorspronklik deur Hugo Naudé beplan is, die ou Victoria-spuitfontein weer opgesit word, en vir eens en altyd twee rye bome aan alle kante as windbrekers en skadu teen die vreeslike somerhitte geplant word nie?

Vanwaar kom al die jare se gestry oor watter bome op die Plein geplant moet word, wanneer veranderings aan die Tuin aangebring moet word, wanneer geboue so maklik afgebreek moet word, ens? Kerkplein ken al hierdie aanslae. Dit is tyd dat Worcester sy leuse 'Mutate Sperno' reg lees en letterlik opneem: 'Ek versmaai verandering'. Het die tyd ook nie aangebreek dat 'n bietjie meer lewe op die Plein aangebring word nie in die vorm van feestelike kermisstalletjies, opgewekte orkesmusiek en feestoesprake? Dit kan baie bydra om die hart van Worcester weer warm te laat klop. Selfs die ou kanon kan weer jaarliks die dorp se verjaarsdag aankondig op 28/29 Februarie en wie weet, dalk kan een van die Diensorganisasies weer die ou 'Jubilee Fountain' in ere herstel!


**INLEIDING**

Die Plein was alreeds in 1819 deel van die oorspronklike plan wat van Worcester opgetrek is en bestaan dus reeds 164 jaar. Die erf is as 'n Kerkplein uitgegee met die voorwaarde dat dit slegs as uitspanplek vir Kerkgangers gebruik word.

Dit was oorspronklik 1412 vt by 800 vt (± 434 x 246 m) waar dit vandag slegs 202 x 181 m is. Deur die jare het die gebruike van die Plein ook algaande verander en is dit o.a. gebruik as weiplek vir beeste, skougronde, sportveld, feesvierings, ens.

Op watter tydstip die Hoofstraat (vroeër Colestraat 1854) dwarsdeur die plein gemaak is, weet ons nie, moontlik in 1861 toe die eerste stadsaal gebou is. Reeds in 1886 is 'n gedeelte van die plein vir die eerste keer vir die skou gebruik. Die terrein is met fluitjiesriet omhein. In 1887 is die hele plein gebruik, en is tenders aangevra om die Plein aan drie kante te omhein.[1] In 1904 egter is besluit om die skou na 'Queens Square' regoor die Drostdy te verskuif, omdat Kerkplein nie skaduryk genoeg was nie.

Verskillende sportsoorte is op die Plein beoefen, bv. rugby, tennis, krieket, atletiek, fietswedrenne, hokkie, sokker en selfs kroukie. Die eerste rugbywedstryd het in 1882 plaasgevind, en rugby is tot ongeveer 1906 op die Plein gespeel. Daar was twee krieketbane nl. die Spes Bona-klub aan Baringstraat se kant, en Worcester Senior Klub aan Adderleystraat se kant. Krieket is ook tot ongeveer 1906 op die Plein gespeel.[1] Dit blyk dat alle sportsoorte tot 1906 nog op die Plein bedryf is. In 1921 het die Hokkieklub weer gevra om



**Plan van Worcester in 1819 opgetrek.**



**Rugby is op die Plein gespeel tot ongeveer 1906**

op die Plein te kan speel. Die Munisipaliteit was nie ongeneë nie, aangesien hulle tog voorheen daar gespeel het.

Die Plein was o.a. die oefengronde vir die Pandoers (Hottentotsoldate) asook die 'Worcester Volunteer Rifles'. Hulle het selfs 'n skynoorlog op die Plein gehou. Hierdie oefeninge was 'n groot aantrekkingsgkrag vir die dorpenaars om dop te hou. Die binneste draadheining wat die bome moes beskerm, is toe verwyder. Destyds was daar baie klagtes oor loslopende vee in die dorp, omdat hulle toe buite die dorp moes wei en saans huis toe gekom het.[2] Oorspronklik het slegs die dorpsvee hier gewei en is tot 1936 toegelaat.



**Beeste aan die wei op die Plein met die Fontein in agtergrond**

Oor watter tipe bome geplant moet word, kon nooit deur die jare uitsluitsel gekry word nie. Die doel van die bome, behalwe die aantreklikheid daarvan, was om as windbrekers te dien en skaduwee teen die vreeslike somerhitte te verleen.

Met die uitleg van Worcester word bepaal dat alle huise op die straatgrens gebou moes word en dat akkerbome op elke straathoek aangeplant moet word. Dit blyk gou dat daar 'n probleem met die grond was, nl. brak, en het bloekombome die beste in Worcester se kleigrond gegroei. Bloekombome moet egter gedurig gesnoei word, omdat die takke maklik losskeur in die wind en 'n gevaar vir mense en motors inhou. Daar was dus 'n strydpunt of die bome bladwisselend of bladhoudend moet wees; twee of vier rye bome regrondom. Verskillende soorte bome in een ry was ook nie goed nie! Vir sommige inwoners het dit geblyk dat artistieke oorwegings die botoon oor die nuttigheidsbeginsel voer. Een Raadslid het opgemerk dat die bome nie kans kry om te groei nie, want hulle word kort-kort uitgetrek om te kyk óf hulle groei. Die stormsterk noordwestewind het ook gereeld sy verwoesting gesaai.

Behalwe die laning bome was die Plein ook op 'n tyd met 'n tralieheining omhein. Daar was hekke op elke hoek. Die heining is in 1946 verwyder. Dit is herstel en rondom die oop erf langs die Kleurlingskool vir Dowes opgesit. Die kleiner bome rondom die Plein sou met 'n tydelike omheining beskerm word. Behalwe die heining was daar ook bankies rondom die Plein. Dit is op 29 April 1948 verwyder, omrede vandale dit so beskadig het dat herstelkoste te veel geword het, en ook nie meer die moeite werd sou wees nie.

Parkeerplek in Worcester was al in 1946 'n probleem. Op daardie stadium is in die middel van Hoogstraat geparkeer. 'n Worcesteriet het die volgende voorstel gemaak: "Noudat (1946) die tralies rondom die plein verwyder is, kan die sypaadjies gelyk met die straat gemaak word met 'n vlak deurryslootjie waar die huidige sloot is. Die sypaadjie kan dan tussen die eerste ry bome aangelê word. Die huidige sypaadjiegedeelte is breed genoeg vir skuinsparkering. Honderde motors sal rondom Kerkplein kan parkeer, en dit sal mooi vertoon. Sypaadjies onder koeltebome sal 'n genade wees". Skuinsparkering het egter eers in 1984 gekom en net aan een kant van die Plein: sonder sypaadjies, sonder skadubome. Inheemse bome word geplant en hernude pogings word deur die Munisipaliteit aangewend om die Plein te verfraai.



**Na 'n woeste storm in 1974 is die bome stomp afgekap in 'n poging om hulle te red**


## VICTORIA-GEDENKFONTEIN

1887 was Koningin Victoria se 50ste jaar op die Britse troon. Ook Worcester het gevoel dat hulle moet deel in die jubileumfeeste, daar hulle hulself as van die lojaalste onderdane in die Kolonie beskou het.


Die Worcester-Landbougenootskap het besluit dat 1887 se skou weer op die Kerkplein gehou sal word. Daar is besluit dat die Plein aan drie kante met 8 vt lange riete omhein sal word.[3] Hierop het gevolg 'n voorstel dat die Plein omhein bly en voorberei moes word vir die jubileumfees van Koningin Victoria, asook 'n toekomstige besienswaardigheid vir Worcester as dorp. Om saam te gaan met die skou het die Superintendent van Waterwerke, mnr. J.D. de V. de Wit, "n tydelike fontein in die middel van die Plein opgerig. Die fontein is dus aanvanklik opgerig om deel te wees van die Skouterrein van 1887.[4]

Na die skou is voorgestel dat die fontein moet bly en opgeknap word vir die jubileumfees. Die voorstel is aanvaar en mnr De Wit het beloof om die onkostes van die oprigting so laag moontlik te hou. 'n Komitee is aangestel om fondse in te samel, en ook terselfdertyd voorbereidings te tref vir die jubileumfees. Probleme is ondervind om geld en samewerking van die Worcesteriete te verkry.

Uiteindelik breek 21 Junie 1887 aan — die dag van Koningin Victoria se jubileum. Dit was 'n ideale dag vir feesvieringe. Die fontein het £100 (R200) gekos om te voltooi. Dié dag is die fontein met vlaggies versier en is amptelik om 12 uur deur mev.



**Kerkplein vanuit die Kerktoring 1887.**



**Sport tydens Victoria-jubileumfees, 1887**

Fichat, vrou van die magistraat James Fichat, met 'n bottel sjampanje gedoop onder saluutskote van 'n 200 jaar oue kanon. Die amptelike naam was die 'Victoria Jubilee Fountain'. Die dag se program het bestaan uit kerkdienste, optogte deur die dorp van die boerderye, industrieë, sportliggame, ens., 'n sportbyeenkoms die middag en 'n vuurwerkvertoning die aand.[5]

Die Worcester Advertiser van 25 Junie 1887 beskryf die fontein soos volg: 'The fountain is entirely of cement and rests on a foundation of four cross pillars, standing in a pond of 20 feet diameter. On each pillar is a figure, kneeling on one knee and with arms outstretched, supporting the first basin 5 feet 6 inches in diameter. In the centre of this is a column on one side of which is sculptured the Royal Coat of Arms, and on the other a shield bearing the inscription: Victoria Jubilee Fountain, 1887.

On this column the second basin 4 feet 6 inches in diameter rests. Above rise two other basins each resting on figures and crowned with a double action reversible jet. 'The whole presents a worthy memorial of the Jubilee and will, we trust stand for many, many years, and be the first of a series of improvements our town so badly wants'.


Die fontein het goudvissies gekry wat goed geaard het. Die tralies rondom die fontein was groen geverf. Die fontein moes gereeld weer met sementlae herstel word. Vier grondpaadjies het vanaf die fontein na die hoeke van die plein geloop. Die ou kanon waarmee die saluutskote gevuur is tydens die Jubileumfees is ook langs die fontein geplaas.

In 1919 het Hugo Naudé, skilder, met die plan gekom om 'n Herinneringstuin op die plein op te rig. Sy planne vir so 'n tuin het behels dat die fontein sou verdwyn, en slegs die basis behoue sou bly. Die groen tralieomheining is in 1920 gebruik om kaptein Charles Trappes se graf te omhein.

**TUIN VAN HERINNERING**

Op 21 Julie 1919 het Hugo Naudé en D. Smith toestemming namens die Eeufees- en Oorlogmonumentekommissie van die Stadsraad gevra om 'n monument in die middel van die plein op te rig. Toestemming is verleen en Hugo Naudé het die tuin ontwerp. Dit is beplan as 'n Eeufees- en Oorlogsmonument, en is ook soms genoem 'Eeufeesmonument' omdat Worcester in 1920 eenhonderd jaar oud sou wees, en 'Oorlogmonument' ter ere van gesneuweldes tydens Wêreldoorlog Een. In September 1919 lê Hugo Naudé sy sketsplan van die Tuin aan die Munisipaliteit voor. Die basis van die fontein is behou, terwyl die fontein self verwyder is.

'. . . a cement platform being raised to edge of basin, and this platform, enclosed with a low protecting parapet, approached by flights of short steps. On the Town Hall side of the basin was designed a large shallow pond receiving the overflow of the fountain, this being suitable for children to paddle in and sail their boats. A Roman Torch, a coloured electric light, stands at the foot of the pond. On the Church (North) side of the fountain is shown the Peace Memorial — a huge block of Paarl granite in its natural state, on a raised platform, and embellished with ornamental masonry. On the front (fountain side) of the rock, the brass plate, with the names of Worcester fallen engraved thereon, will be



**Sketsplan deur Hugo Naudé, 1919**

inserted. Finishing touches were imparted to the sketch with ornamental trees and little flower beds and semi-circular seats'. Die tuin sou beplant word met blomme en struike uit Worcester-veld. Die hele projek sou £1000 (R2000) kos.[6]

Die projek is voltooi, en het £1443 19s 1d (R2 887,91) gekos. Hugo Naudé moes self heelwat van die onkoste dra. Weereens het die Worcesteriete traag tot die fonds bygedra. In 1920 het Hugo Naudé gevra dat die Tuin omhein moes word, 'n waarskuwingsbord teen plunderaars opgerig moes word en 'n permanente opsigter aangestel word, asook beligting om die tuin snags te verlig. Dit blyk dat die tuin teen die mens beskerm moes word. Die Munisipale Raad het in beginsel verantwoordelikheid vir die Tuin aanvaar in die vorm van instandhouding daarvan.

Met die Eeufeesviering van Worcester op 27 Maart 1920, is 'n gedenkteken ingewy. Naudé is lof toegeswaai vir sy werk aan die oprigting van die Tuin. Ongelukkig het plundering van die Tuin voortgegaan, soseer dat selfs die Polisie se hulp ingeroep moes word. Inmiddels is op 29 Februarie 1923 die Oorlogsgedenkmonument amptelik deur prins Arthur van Connaught, Goewerneur-Generaal van die Unie, ingewy.[7] In 1946 is 'n gedenkplaat vir die gesneuweldes van die Tweede Wêreldoorlog ook opgerig.

Hugo Naudé het baie gedoen om hierdie Tuin tot stand te bring. Hy het selfs 'n reis na Namakwaland onderneem om plante te versamel en oor die jare is 'n unieke planteversameling opgebou wat deur die Munisipaliteit bewaar moes word. Van hierdie planteversameling is daar vandag niks oor nie. Op 25 Mei 1925 is Hugo Naudé vereer deur die Worcester-publiek deurdat 'n tjek van £100 (R200) aan hom oorhandig is. Oor 'n tydperk van 5 jaar het hy met ywer aan die tuin gewerk.[8]

In sy bedanking het Hugo Naudé gesê dat hy nog verdere planne vir Worcester het, en dat die 'Herdenkingstuin', soos hy dit genoem het, die hart van Worcester moet word. Dit moet mooier en mooier gemaak word, want dit is 'n tuin van herinnering aan dié wat in die verlede gely het. Die Worcesteriete moet iets moois aan hul kinders nalaat; 'n plek waar die jeug en groot manne en vroue van die toekoms kan vergader. Nog meer monumente en tuine kan opgerig word. *Hy het voorgestel dat 'n spesiale fonds gestig word, waarin Worcesteriete bydraes kan stort. Hy sou begin met die £100 as bydrae.*

In 1923 het 'n besoeker van die Tuin gesê: '. . . Church Square, in the middle of which is by the bye a really pretty if somewhat small garden well laid out and planted almost entirely with wild flowers, and having quite a fair sized pond'.[9]

Hugo Naudé het kort voor sy dood met hartseer gesê dat dit futiel is om te verwag dat die mense die estetiese in sy plan met die Tuin en Kerkplein sal raaksien — soveel was al in 1946 aan sy oorspronklike plan verander: Die sipresse het verdwyn wat met 'n doel geplant is nl. om in 'n lyn met die Kerktoring te vertoon; die vergroting van die tuin trek die aandag af van die relatiewe grootte van die dammetjie wat die sentrale tema van die hele tuin moes wees; die oorspronklike omheining wat uit 'n lae muur of wal van gepakte klip bestaan het en beplant met veldblomme en aalwyne was, het verdwyn; dit is vervang met 'n ysterpypheining wat enige kunssinnige dwars in die krop sou steek!, en die struikeheining het ook verdwyn![10]

## MONUMENTE IN TUIN

Behalwe die Eeufees- en Oorlogsgedenktekens, is ook verskeie ander monumente deur die jare in die Tuin opgerig. Hugo Naudé wou hê dit moet 'n Herdenkingstuin word.

Op 27 Januarie 1922 is toestemming gevra vir die oprigting van 'n sonnewyster, geskenk deur mnr. en mev. P. Truter, destydse magistraat van Worcester. Dit is op 'n granietblok geplaas.

In 1938 het die Voortrekker-Eeufeesgedenktrek plaasgevind. Die waens het op 13 Augustus 1938 op Worcester aangekom en op die Plein uitgespan. 'n Klipstapel is tussen die Herinneringstuin en die Stadsaal gepak, wat later die middelpunt van 'n tweede tuin sou word. Op 28 Oktober 1938 is die Voortrekker-Gedenktuin ingewy. 'n Lae muur skei die twee tuine van mekaar. In die middel is 'n granietblok waarop 'n eenvoudige ontwerp van 'n ossewa en osse met die inskripsie 'Voortrekker-Eeufees 1938-1938' uitgebeitel is. Onder die steen is eksemplare van die Worcester Standard & Advertiser geplaas asook notules van vergaderings van die Gedenkteken-Komitee, programme van die vroeëre Voortrekker-Eeufeesvierings en die onthullingsplegtigheid, asook 'n lys van bydraes tot die fonds. Rondom die monument is inheemse plante geplant.[11]

In 1939 is die 250ste gedenkdag van die koms van die Franse Hugenote gevier. 'n Gedenksteen is op die een hoek van die Herinneringstuin met die oorkant na die Kerk opgerig. Dit is van Paarl-graniet met die inskripsie 'Les Huguenots 1688-1938'. Die Gedenksteen is deur senator F.S. Malan ingewy. As voorsitter van die Volksmonumentekommissie het hy aanbeveel dat die Gedenksteen tot 'n Volksmonument verklaar word. Aangesien die Kommissie nie alle monumente in stand kan hou nie, het hy die Munisipaliteit as Kurator aangestel om die Gedenksteen te bewaar. Hugo Naudé het by hierdie geleentheid van sy beste werke aan die Munisipaliteit geskenk om die begin van 'n Hugenote-gedenkmuseum te vorm.[12]

Op 26 Maart 1952 is die Gedenkplaat vir die Van Riebeeck-Drie-Eeufees op Kerkplein deur die oudste inwoner van die dorp, mnr Danie Hamman, 94 jaar oud, ingewy. Op die steen is 'n afbeelding van die Drommedaris waarin Jan van Riebeeck en sy familie opvarendes was. Die geleentheidspreker was raadslid A.W. Koorts, onder-burgemeester.[13]

Met die Uniefees in 1960 het Jean Welz, skilder, 'n spesiale monument vir die geleentheid ontwerp. Sommige van die dorpsinwoners het egter niks daarvan gehou nie, en het dit 'n 'monstrosity' genoem. Hulle bynaam daarvoor was die 'gallows'. Vandag egter het hul hul sienswyse heeltemal verander. Op 21 Mei 1960 vind die inwyding deur dr. A.L. Geyer plaas. Die monument het uit 4 suile bestaan wat die vier provinsies van die Unie verteenwoordig het en wat oorspronklik deel van die ou Breërivierhoutbrug was. Dit is tussen Hoogstraat en die Tuin van Herinnering opgerig, en loop aaneen met die sypaadjie. 'n Spesiale ingang is ont-



**Ligging van Tuin van Herinnering vanuit lug gesien, 1920/1930**

werp wat uitgelê is met stene, in die middel waarvan 'n gedenkplaat aangebring is. Lae muurtjies is gebou wat 'n driehoekige omheining vorm wat ook die ou kanon en die vlagpaal ingesluit het. 'n Draaihek skei die ingang van die sypaadjie.[14]

Met Worcester se 150-jarige jubileum in 1970 is 'n Gedenkplaat op 20 April onthul. Die onthulling is deur die oudste vrou op die dorp, mev. M.N. Smal, 88 jaar gedoen. Die plaat herdenk die stigting van die Drostdy. Die geleentheidspreker was prof. D.J. Kotzé van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.[15]


In 1975 is die laaste monument in die Herinneringstuin opgerig, nl. die Worcesterse Taalmonument. Die Komitee van die Afrikaanse Sakekamer was belas met die oprigting daarvan; die struktuur is deur lede van die Sakekamer geskenk. Dit stel 'n fakkel voor, die embleem van die F.A.K. en is op 9 Okt. onthul deur mnr. P.D. Palm, L.V. vir Worcester.[16]

Die ou kanon is nou wel nie 'n monument nie, maar net so deel van Kerkplein as al die ander. Dit is 'n ou Kaapse kanon wat altyd met feesgeleenthede gevuur is. Daar was slegs een man op Worcester wat die ou kanon kon vuur, en dit was John Butler alias Gunner Butler. Hy het altyd 'n verslete Bowler-hoed gedra, en die kinders was baie versigtig vir hom. Die kanon het altyd langs die ou Victoria-fontein gelê, gemik op die ou stadsaal.[17] Toe Jean Welz die Unie-monument ontwerp het, is 'n spesiale plek vir die ou kanon voorsien. Vandag staan hy egter heeltemal eenkant.

## HISTORIESE GEBOUE RONDOM KERKPLEIN

### N.G. Moederkerk:


Die erwe wat uitgehou is vir die Kerk en die Plein kom alreeds op die eerste kaart van Worcester-dorp voor. Tulleken, die landmeter, het 'n kruiskerk op die kaart ingeteken. Aanvanklik was daar besware teen 'n kruiskerk nl. hoër koste en gevaar van



**Die NG Moederkerk met die latere bliktoring 1898-1920.**

stormwinde, maar in 1831 is met die bouery begin. Die kerk is op 3 Februarie 1832 ingewy. In 1848 is die kerk vergroot, so ook in 1897. Sedert 1862 was die toring feitlik plat. Na die eerste aanbou is die nuwe toringspits ingewy. In 1905 is die toring kwaai beskadig deur windstorms. Herstelwerk het gesloer tot 1920 toe die hele toring weer afgebreek is soos dit voor 1899 gelyk het. In 1927 egter is die nuwe kerktoringgebou ingewy. Die kerk staan nog steeds op sy oorspronklike plek en redelik nog volgens sy oorspronklike plan. In 1962 is 'n gerestoureerde kerk ingewy, met slegs die preekstoel as oorblyfsel van die oorspronklike interieur.[18]

Die eerste pastorie langs die kerk is in 1841 gebou. In 1925 is dié pastorie ook herbou; dit is o.a. in 'n dubbelverdieping omskep. Die gebou het egter baie probleme geskep en daar is gewik en geweeg of dit gesloop sal word. In 1951 is besluit



**Die huidige NG Moederkerk 1985.**

om dit wel te sloop en is die nuwe moderne pastorie op dieselfde plek opgerig.[19]


Waar die Kerksaal vandag staan, was eers die 'Undenominational Boys' Public School', vanaf 1873 tot 1898. Later is dit omskep in koster- en voorleserhuise. Die geboue is gesloop en 'n gebou op die terrein opgerig en in 1916 ingewy. Dit is gebou as 'n Sondagskoolsaal, die eerste van sy soort in Kaapland, en dien vandag nog in sy doel.

### Beckhuis:

Hierdie huis is in 1841 deur D.F. Laguerénne gebou. Cornelius Beck koop die huis in 1854, en woon daar tot 1919. Vanaf 1919 woon J.E.J. Krige in die huis tot 1963 toe dit deur die Munisipaliteit gekoop is. In samewerking met die Provinsiale Adminis-



**Die NG Moederkerk met die oorspronklike plat toring 1862-1897.**



**Beckhuis na restourasie soos dit daar uitsien in 1985.**


### Ou Stadsaal en Markplein:

Al die jare was die oop stuk grond oorkant Kerkplein die Markplein. Die Stadsaal is daar in 1861 opgerig. In 1938 met die Voortrekker-Eeufees is die naam van Markplein na Voortrekkerplein verander. So amper was dit Kerkplein wat se naam verander was. Die ou Stadsaal was volgens die Georgiaanse styl gebou. In die boverdieping is opvoerings en vergaderings gehou, en die Rondgaande Hof het hier sitting gehad. Die eintlike stadskantore was op die onderste vloer. Hierdie gebou is 110 jaar later gesloop om plek te maak vir die nuwe Burgersentrum wat in 1974 gebou is. Die mense was tog trots op hul ou Stadsaal soos blyk uit 'n gediggie

trasie is die huis gerestoureer as deel van die 150 jarige feesvierings van die dorp en in 1970 deur Worcester-museum in gebruik geneem. In 1971 is die gebou tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar. Die huis is vernoem na die Beckgesin, omdat hulle die langste in die huis gewoon het en ook in die Victoriaanse tyd waarvolgens die huis gemeubileer is.

### Boys' High School:

Die skoolgebou is in 1899 op die hoek van Baring- en Hoogstraat ingewy, nadat bouwerk in 1897 begin is. Dit was volgens die Victoriaans-Edwardiaanse styl gebou. Dit was 'n skoolgebou tot 1933. Gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) was die skool 'n ruk gesluit, omdat krysgevangenes daar gehou is. Op die hoek was ook 'n blokhuis vir beskerming van die ou Stadshuis gedurende hierdie oorlog. Die Munisipale kantore was in die gebou tot in 1974 toe dit aan Edgars verkoop is. Dit is gesloop en 'n nuwe winkelkompleks is daar gebou: die Edgars van vandag.



**Die stadsaal kort voor sloping 1971.**



**Boys' High School op die hoek van Hoog- en Baringstraat 1897-1933.**

wat in 'n ou Worcester Standard verskyn het:


'Manas built thee in days of yore  
Long hast thou braved the  
North wind's war  
And sure thou shalt for ever  
more  
Be Worcester's proud Town Hall'[20]

### Poskantoor:

In 1820 het Worcester alreeds Poskantoorkommunikasie gehad. In 1882 is die Poskantoor vergroot en 'n plaaslike woonhuis is in gebruik geneem. In 1925 is 'n nuwe poskantoor op dieselfde plek gebou wat in 1968 te klein geword het. Die gebou is gesloop en 'n nuwe poskantoor is gebou wat op 15 Junie 1970 ingewy is.

### H/v Adderley- en Hoogstraat:

Hier was 'n pragtige ou winkel 'Worcester




**Die ou poskantoor soos dit daar uitgesien het voor sloping ± 1925.**



**Worcester Shoe and Boot Store, op die hoek van Hoog- en Adderleystraat (1936 afgebreek).**

Shoe and Boot Store' en 'n huis wat in 1936 afgebreek is om plek vir die nuwe Boland Bankgebou te maak.

**Standard Bank:**

Die oorspronklike gebou het aan die African Banking Co. behoort. Dit is herbou en in 1920 deur Standard Bank in gebruik geneem. Eersgenoemde is by Standard Bank ingelyf.

**Tegniese Kollege:**

Die gebou is beter bekend as die Afdelingsraadgeboue. Die gebou is in 1860 opgerig, en het deur verskillende eienaars gegaan. In 1973 is die gebou amper gesloop, maar is gered en op 4 Oktober 1974 tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar. Die gebou was eers 'n woonhuis en besigheid; in 1893 het Standard Bank oorgeneem; in 1923 Old Mutual; 1957 die Afdelingsraad; in 1977 die Bantoe-Administrasieraad van Suidwes-Kaap; en sedert 1979 word die Tegniese Kollege in die gebou gehuisves.

**Hoefsmidhuis (Baringstraat 25)**

Wat ou woonhuise rondom die Plein betref, het net die Hoefsmidhuis en Beckhuis basies oorgebly. Melt die verkoping van erwe in 1820 is hierdie eiendom deur P.U. Fischer gekoop. Die huis is omstreeks 1835 gebou. Die dorp se hoefsmid het daar gewoon, vandaar die naam. In 1907 het mnr. P.A. Malan die eiendom van F. Lindenberg gekoop, hoewel die eiendom op daardie stadium eintlik aan Frank Myburgh behoort het. Die huis is in 1963 gerestoureer. Die oorspronklike sewe vertrekke wat deur die hoefsmid gebruik is, is na vyf verander. Die gewels van beide hierdie huis en Beckhuis kom dikwels voor in die boustyl van ongeveer 1830-1840.

**BIBLIOGRAFIE**



1. Die Burger: 16 Februarie 1972.
2. Nederduitse Gereformeerde Kerk; Gedenkboek Worcester, opgestel deur J.A. Heese. Worcester N.G. Kerk, 1970.
3. Worcester Argief: Dorpsgeskiedenis-lêers.
4. Worcester Advertiser:
   20 Januarie 1887
   3 Februarie 1887
   4 en 17 Maart 1887
   3 April 1887
   25 Junie 1887
5. Worcester Standard:
   6 en 13 September 1919
   15 November 1919
   13 Desember 1919
   12 en 26 Maart 1920
   12 November 1920
   25 Maart 1921





**Ou Standardbankgebou, Adderleystraat ± 1920.**



**Afdelingsraadgebou tot ± 1957.**



**Afdelingsraadgebou na restourasie en as Tegniese Kollege 1985.**



**Hoefsmidhuis (Baringstraat 25), is omstreeks 1935 gebou en was die woning van die dorp se hoefsmid.**



**Die huidige Kerkplein in 1985.**

13 Mei 1921
22 Julie 1921
23 Desember 1921
9 Februarie 1921
27 Januarie 1922
17 Maart 1922
7 September 1923
22 Oktober 1924
8, 22 en 29 Mei 1925
26 November 1919

6. Worcester Standard & Advertiser:
29 Maart 1931
9, 16 en 23 Julie 1932
13 Februarie 1934
Junie 1934
8 Desember 1934
9 Mei 1936
Oktober 1938
23 September 1939
20 Februarie 1946
2 Maart 1946
29 Junie 1946
20 September 1946
25 November 1946
18 Januarie 1952
15 Februarie 1952
28 Maart 1952
15 April 1960
18 en 25 Maart 1960
27 Mei 1960
17 Julie 1970
November 1972
3 en 31 Oktober 1975

7. Worcester Argief: Foto's.

## Voetnote

1. *Worcester Standard & Advertiser, 09/05/1936, p.7.*
2. *Worcester Standard & Advertiser, 18/01/1952, p.3.*
3. *Worcester Advertiser, 20/01/1887, p.3.*
4. *Worcester Advertiser, 04/03/1887, p.2.*
5. *Worcester Advertiser, 25/06/1887, p.3.*
6. *Worcester Standard, 13/09/1919, p.3.*
7. *Worcester Standard, 09/02/1923, p.3.*
8. *Worcester Standard, 29/05/1925, p.7.*
9. *Worcester Standard, 07/09/1923, p.3.*
10. *Worcester Standard & Advertiser, 20/09/1946, p.3.*
11. *Worcester Standard & Advertiser, 31/10/1938, p.3.*
12. *Worcester Standard & Advertiser, 23/09/1939, p.2.*
13. *Worcester Standard & Advertiser, 15/02/1952, p.2.*
14. *Worcester Standard & Advertiser, 15/04/1960, p.1.*
15. *Worcester Standard & Advertiser, 08/05/1970, p.1.*
16. *Worcester Standard & Advertiser, 31/10/1975, p.2.*
17. *Worcester Standard & Advertiser, 15/02/1952, p.3.*
18. *N.G. Kerk Gedenkboek: Worcester, saamg. deur J.A. Heese, p.23, 44, 45, 57, 91, 92.*
19. *N.G. Kerk Gedenkboek: Worcester, saamg. deur J.A. Heese, p.63, 89.*
20. *Die Burger, 16/02/1972.*

# RESTOURASIE OF HERBOU

## 'n paar losse gedagtes

**Dr. C. Pama**

als oude stenen branden
dan branden geesten weg
dan branden zielen honderd zielen
eeuwighede uit
en niets meer wat hen bindt . . .

ja, ik huil, mijn kind:
er sterven hier verhalen
er sterft hier nostalgie
als monumenten branden
dan branden levens uit . . .

ik hoor een pijn-geluid:
daar breken oude balken
daar storten stenen diep
daar vluchten nu geheimen
voorgoed· vergetelheid . . .

ja recht mijn kind, ik lijd
als monumenten branden
dan branden eeuwen weg.

**Carole Vos**[1]

Toe op Sondagmôre 16 Augustus 1981 brand in Newlands House uitgebreek het en die gebou met al sy interessante besonderhede grotendeels verwoes is, het baie van ons gedink: dit is die einde van die huis wat goewerneur Ryk Tulbagh in 1751 gebou het. Sy historiese agtergrond as tuiste van Hollandse en Engelse goewerneurs, sy verbinding met lord en lady Somerset en ander historiese figure, later ook met bekende Kaapse families, had dit 'n ware nasionale monument gemaak. Ons het darem gehoop dat iets gedoen sou kan word om die oorspronklike gebou te behou. Dit het eers gelyk of die mure nie gebars het nie en die huis dus gerestoureer kon word. Die openbare mening het hom geroer, die staat het die ruïne aangekoop en die mure is so goed moontlik teen weer en wind bedek.

Ongelukkig het die een jaar na die ander verby gegaan sonder dat met restourasie begin is. Die mure van halfgebakte klei het nie twee swaar winters swak beskerm kon deurstaan nie en het as 't ware begin wegsmelt. Desondanks is steeds weer gesê dat restourasie nou met erns sou begin.

In April 1984 is ons toe plotseling opgeskrik met 'n heeltemal ander berig nl. dat Newlands House in een dag klaar met die grond gelyk gemaak is. Die eerste reaksie was ontsteltenis en wanhoop. Ook woede oor die volkome gebrek aan kommunikasie tussen die betrokke regeringsdepartement en die Kaapse publiek wat baie mense die gevoel gegee het hulle is om die bos gelei. Ongelukkig het ons egter geen ander keuse gehad as om te aanvaar dat daar nou niks meer aan die saak gedoen kon word nie. Daar was net een ligpunt. Die bougeskiedenis was blykbaar goed gedokumenteer, na bewering was baie van die bouonderdele gered en die versekering is gegee dat die huis nou weer uit die grond sou gaan verrys, soos dit in die begin van die vorige eeu daar uitgesien het.

Hierdie "oplossing" is nie so nuut as wat baie mense gedink het nie. Wat die Kaap betref het in die loop van 'n paar honderd jaar waarskynlik meer opstalle half of geheel verbrand en is weer opgebou, gewels ingestort en herbou, as waarvan ons bewus is. Selfs van die beste van hulle, wat ons vandag nog ken het Groote Schuur, Groot Constantia en Saasveld momente van ondergang en heropbou geken wat ons laat wonder hoeveel vandag nog werklik oorspronklik is.

Groote Schuur was, soos die naam sal aandui, oorspronklik 'n voorraadskuur van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (VOC). In 1791 verkoop die VOC dit aan Hendrik Christiaan Herhold(t) en nadien bly dit in privaat besit. David G. Anosi het die naam van De Schuur na Groote Schuur verander en en in 1870 het Hester Anna van der Bijl dit na The Grange verengels. Daar bestaan geen twyfel dat verskillende eienaars die huis verander en verbou het. Omstreeks 1815 het 'n bergbrand die strooidak afgebrand. Die gewels is daarna afgebreek en 'n leidak met 'n lae helling is op die ou mure wat nog gestaan het, gebou. In 1855 koop Cecil Rhodes die huis, gee dit weer sy ou naam terug en gee opdrag aan sir Herbert Baker om die huis te herbou en die oorspronklike Kaaps-Hollandse voorkoms te herstel. Dit het hy gedoen en die resultaat was 'n Kaaps-Hollandse gebou met wit pleisterwerk en gewels wat in sagte rondings gevorm was. Hierdie werk het twee jaar geduur en was in 1895 voltooi.[2]


Die huis was nouliks gereed toe dit in 1896 amper heeltemal afbrand terwyl Rhodes in Matabeleland was. Hierdie rampspoed het dit nodig gemaak dat die huis opnuut herbou moes word. Daar is toe ook nog 'n nuwe vleuel bygevoeg.

In die opdrag van Rhodes aan Baker in verband met Groote Schuur word niks gesê oor 'n getroue herstel van die oorspronklike huis nie, nog minder moes dit terug gebring word tot die vorme wat eens die Schuur van die VOC gehad het. In 'n skrywe oor Rhodes sê Baker:

"The ennobling influence of natural scenery was present in his mind in connection with every site he chose and every building he contemplated . . . his first and greatest work in architecture was the preservation of the old colonial Dutch farmhouses . . . By doing so he influenced the public towards a respect for antiquity, and put a stamp of taste and originality on the present — and it is hoped, the future architecture of South Africa . . ."[3]

Met Groote Schuur wou Rhodes dus 'n voorbeeld stel vir die bevolking van Suid-Afrika. Dit was nie die gees van 'n bewaarder en hersteller nie, dit was eerder dié van 'n sendeling en evangelis. Die volk moes weer tot die ou deugde van die vaders bekeer word en Groote Schuur was daartoe die middel. Rhodes se metode het ook geslaag. Kaaps-Hollands, wat op pad was om as ouderwets en uitgedien verwerp te word, het weer aansien gekry en mense het die waarde daarvan leer insien.

Dit blyk toe, op 19 Desember 1925, 'n



**Newlands House 1818.**

was van sir Herbert Baker en ook by die herbou van Grootte Schuur betrokke was, met die restourasie belas.

Drie soorte van restourasie was moontlik en is uitvoerig bespreek. Die eerste was om die huis in sy oorspronklike vorm te herstel. Dit sou egter beteken het dat al die gewels neergehaal moes word en dat daar pleks van die elegante woning van die Cloetes die reghoekige eenvoudige huis sou kom waarin Simon van der Stel moontlik gewoon het. Iedereen het daarvoor teruggeskrik.

'n Tweede moontlikheid is toe ondersoek nl. om die huis weer presies terug te bring tot die staat waarin dit vóór die brand was. Ook dié oplossing het op groot besware gestuit, want dit sou beteken dat die lelike aanbousels van later jare, die dak van sinkplate aan die agterkant en meer van sulke inkonsekwensies almal weer sou terugkom.

Ten slotte is besluit dat wat gerestoureer sou word "Constantia op sy beste" sou wees. Dit het o.a. beteken dat die groot rietdak weer herstel sou word, en dat, sover dit moontlik was, die ou mure behou en met ou materiaal weer herstel sou word, maar dat darem ook 'n brandsolder ingesit sou word. Kendall het die hele restourasie in al sy besonderhede in 'n boek vasgelê.[4] Eintlik het hy hom by sy restourasie deur soortgelyke oorwegings as wat Rhodes gehad het, laat lei. Hy het 'n "ideale" Kaaps-Hollandse huis geskep en daarmee bewys wat gedoen kan word as 'n mens Rhodes se ideale konsekwent toepas. Ook hierdie huis staan dus eintlik daar as 'n voorbeeld, ook al het Kendall nie die missionêre visie en drang van Rhodes gehad nie.

Geen van die drie moontlikhede wat by die herstel van Groot Constantia oorweeg is, kon blykbaar in die oë van dié wat die beheer oor die ruïne van Newlands Huis gehad het, genade vind. Hulle het met 'n vierde moontlikheid gekom nl. algehele sloping van die ruïne en volledige herbou van Newlands House soos dit daar in die begin van die vorige eeu moes uitgesien het. In 'n sekere sin bestaan ook hiervan 'n voorbeeld in die Kaap, ook al is dit nie met voorbedagte rade gedoen nie: Saasveld.

Toe hy nog Fiskaal was, voor sy dood in 1773, had Pieter van Rheede van Oudtshoorn land tussen Hofstraat en Kloofstraat gekoop wat hy Oudtshoorn genoem het. Na die dood van sy weduwee koop sy seun Willem Ferdinand 'n deel van hierdie eiendom wat aan Kloofstraat grens en bou daarop 'n huis wat hy Saasveld noem, die naam van 'n ou besitting van dié familie in Europa. Met sy twee wynkelders, stalle en buitegeboue is dit in sy dae as die mooiste huis in Kaapstad beskou en moontlik was die argitek Thibault. In 1822, na baron Willem Ferdinand se dood, kom die huis in ander hande. Op die duur word groot stukke van die tuin verkoop, die gebou raak verwaarloos en in 1913 word wat nog oorgebly het gekoop deur die N.G. Kerk, wat direk al die wynkelders gaan sloop en in 1954 ook die huis self omdat hulle 'n kerksaal daar wil oprig. Die destydse voorsitter van die Hugenote-Vereniging, dr D.P. de Villiers het 'n oproep om geldelike steun gedoen om die gebou nog te red, maar dit het op dowemansore geval. Daar is darem tog 'n Saasveldkomitee in die lewe geroep bestaande uit prof. Dirk Bax, dr. Mary Cook, prof. Matthys Bokhorst, mnr. A.L. Steens, 'n bekende boukontrakteur en mnr. Brian Mansergh, argitek en afstammeling van baron Pieter van Rheede van Oudtshoorn. Toe die kerkraad onwillig bly om die huis te behou, het die komitee hulle beweeg om wel die boumateriale van die te slope huis aan hulle af te staan, insluitende die raamkosyne, die deure en selfs die bakstene. Prof. Bax het hulle almal gemerk, mnr. Steens het werklui en vragmotors ter beskikking gestel en het alles by hom in veiligheid gebring om dit weer te kan gebruik indien die geleentheid hom ooit sou voordoen. Intussen het studente van prof. Pryce Lewis, van die Skool vir Argitektuur van die Universiteit van Kaapstad, alle geboue vóór die afbraak noukeurig opgemeet, geteken en afgeneem sodat oor 'n uitstekende dokumentasie beskik is.

Toe in 1957 op Franschhoek 'n Hugenote-Museum opgerig sou gaan word, is besef dat Saasveld 'n ideale gebou vir dié museum sou wees indien dit finansieel en tegnies moontlik sou wees om die ou gebou weer te laat herrys. Franschhoekse boere het toe op hul eie koste met vragmotors die materiaal uit Kaapstad gaan haal, prof. Bax se nummering het van onskatbare waarde geblyk en danksy geldelike steun van die Kaaplandse Provinsiale Raad het Saasveld op Franschhoek weer herrys. Die werk het in Oktober 1964 begin en was in Maart 1967 gereed, toe dit deur staatspresident C.R. Swart geopen is. Hoewel daar dus baie onderdele van die ou huis in die museum verwerk is, was dit in wese tog 'n nuwe gebou, veral wat betref die wynkelders en buitegeboue wat ook weer uit die grond herrys het. Dit was seker wel die mees drastiese 'restourasie' wat ons tot nou toe in die Kaap nog geken het[5]. In wese was ook by hierdie herbou die leidende gedagte nie om 'n ou gebou vir die nageslag te bewaar nie, maar om die erfenis van die Hugenote aan die Kaap in 'n so goed moontlike lig te plaas deur 'n huis wat in die Franse styl en moontlik deur 'n Frans-gebore argitek ontwerp was, ook al was die opdrag dan deur 'n Nederlander gegee en al het die Franse invloed aan die Kaap aan die einde van die agtiende eeu min met die Hugenote te doen gehad.

Daar is egter geen rede om sinies oor hierdie restourasies te voel nie. Ver buite hul argitektoniese waarde uit het Groote Schuur, Groot Constantia en Saasveld ons historiese en kulturele gevoelens versterk. Hoeveel armer sou ons, kultureel gesproke, vandag nie gewees het nie indien destyds besluit was om hierdie huise nie te herbou nie, en dan noem ek nog maar net die vernaamste, want daar was nog talle ander bv. die sg. Richterhuis in Kerkstraat, Kaapstad, waarin vandag die S.A. Kunsvereniging gevestig is, en wat amper 'n nuwe geboutjie is.[6]

Die herbou-gedagte het trouens nie hier aan die suidpunt van Afrika ontstaan nie, maar het 'n lang voorgeskiedenis in Europa. Dit het eintlik al begin met die sg. Gotiese herlewing in die begin van die vorige eeu. In Engeland is — eers weens die Reformasie, en later weens die verheerliking van die Georgiaanse boustyl — die Middeleeuse katedrale, kerke, kastele en huise so verwaarloos, dat argitekte soos William Burges, sir Gilbert Scott e.a. hul groot vryhede veroorloof het om dit te "restoureer". Ander het dit in 'n heeltemal ander lig beskou en by sommiges het dié "vandalisme" so 'n woede gewek, dat William Morris selfs 'n *Society for the protection of ancient buildings* gestig het om hierdie soort restourasies teen te staan.

In die katolieke Frankryk was dit weer die agtiende-eeuse voorkeur vir die klassieke styl en die afbreekwoede van die Franse Revolusie en sy nasleep wat tot die totale verval van Middeleeuse bouwerke gelei het. Hier was dit veral die argitek E.E. Viollet-le-Duc wat met selfvertroue — of liewer 'n onverbiddelike genadeloosheid — geboue "gerestoureer" het. Hy sê onder die trefwoord *restauration* onomwonde: "Sowel die woord as die daad is nuut. 'n Gebou word nie gerestoureer om dit te behou, herstel of weer funksioneel te maak nie, maar slegs om dit tot 'n ideale staat terug te bring, ook al het dit in geen enkele tydvak van sy bestaan ooit werklik so uitgesien nie."[7] Van hom is ook die gesegde: "Elke vorm, wat nie uit die konstruksie voortvloei nie, moet verwerp word".[8] Viollet-le-Duc het veral deur die baie artikels en boeke wat hy geskryf het, 'n groot invloed op Franse en ander vastelandse argitekte gehad. Aan hom het ons die kragtige Nôtre Dame-katedraal in Parys (d.w.s. soos dit vandag lyk) te danke, die restourasie van die 13de-eeuse Mont St. Michel en so baie ander ou geboue in Frankryk. Dat die versterkte Middeleeuse stad Carcassonne met die omringende stadsmuur vandag weer so uitsien soos vyf eeue gelede, is ook aan hom te danke.


In Nederland het die bekende 19de-eeuse argitek Pierre J.H. Cuypers onder Viollet-le-Duc se invloed gekom, wat later geboue soos die Amsterdamse Rijksmuseum, die Amsterdamse Centraalstation



**"Groote Schuur"**

soortgelyke brand Groot Constantia verwoes. Tot op daardie dag was dié huis as die oudste en een van die belangrikste van al die Kaaps-Hollandse opstalle in Wes-Kaapland beskou. Besoekers het in die namiddag 'n bietjie rook uit die rietdak naby die kombuis sien opstyg en 'n half uur later was die trotse huis al heeltemal uitgebrand en 'n ruïne. Net soos Newlands House was Groot Constantia ná die brand 'n patetiese gesig. Die enorme massa messelwerk wat die hoofgewel gevorm het, het hom in sy naaktheid in die lug verhef en die ander gewels het hulle daarby aangesluit. Van die swaar lateie, deure, vensterkosyne, ingeboude kaste en so meer, almal van swaar hout gemaak, was net gapende openinge oor.

Groot Constantia het ten tyde van die brand al aan die staat behoort. Nadat advies gegee is deur die Kaapse Instituut van Argitekte, die Nasionale Genootskap en die Historiese Monumentekommissie, is F.K. Kendall, wat voorheen 'n vennoot



**"Voyage Pittoresque", 1800.**



**Richterhuis — Nuwe tuise van Kunsvereniging.**

en talle kerke en ander geboue in neo-gotiese styl sou bou. Hy het o.a. aan die einde van dié eeu die kasteel De Haar naby Utrecht "gerestoureer", d.w.s. hy het eers alles afgebreek wat nog bestaan het en in die plek daarvan 'n pragtige "Middeleeuse" kasteel gebou.[9]

Die mees onlangse voorbeeld van so 'n aard is die dubbele restourasie van die Gelderse kasteel Doornenburg, aan die rivier De Linge. Sedert 1847 was die kasteel onbewoon en het dit volkome vervalle geraak. In 1936 koop 'n ryk nyweraar, J.H. van Heek, die bouval en dra dit oor aan 'n spesiale stigting De Doornenburg, wat ook die nodige fondse van hom kry. Met die hulp van ou afbeeldings begin die restourasie in 1937 en in 1942 is dit voltooi.

Inmiddels het die oorlog uitgebreek en het die Duitse besettingsleër die kasteel betrek. Ongelukkig verwoes hulle dit met hul aftog in 1945 volkome met dinamiet. Weer het Van Heek ingespring en onder leiding van die argitek M. van Beveren word die Middeleeuse kasteel tussen 1948 en 1964 opnuut van die grond af opgebou. Vandag pryk dit weer in al sy glorie en is 'n groot toeriste-besienswaardigheid.[10]

Na die Tweede Wêreldoorlog het rekonstruksie en herbou van wat daar eens was maar nou nie meer bestaan het nie, op groot skaal in deur die oorlog verwoeste stede plaasgevind. In Nederland is die bekendste voorbeelde Rhenen, Wageningen en Middelburg, maar die mees dramatiese en indrukwekkendste voorbeeld wat daar is, was die herbou van die binnestad van Warschau. Rekonstruksie van 'n hele historiese stadskern op hierdie skaal is 'n onderneming wat nie dikwels aangepak sal word nie. Dit gebeur ook maar selde dat 'n stad so volledig verwoes is as die Duitsers die binnestad van Warschau verwoes het as vergelding van die opstand van die Poolse bevolking teen die besetters in Augustus 1944. Vyf-en-tagtig persent van die totale oppervlakte van Warschau is toe verwoes en die bevolking weggevoer. Die bedoeling was om met die ou historiese hoofstad ook die Poolse kultuur as 't ware te vernietig en om dit weer ongedaan te maak was die groot aansporing tot rekonstruksie en herbou waaraan die hele bevolking saamgewerk het. Nie net die ou sentrum van Warshau, maar die hele Pole moes weer uit sy as herrys, materieel en geestelik. Dit is as 'n nasionale taak gesien waaraan almal moes help.[11]

Die verwoeste stad het 'n naspeuringslaboratorium geword van argeoloë, argitekte en geskiedkundiges. 'n Enorme argief is gestig wat panorama's, skilderye, prente en foto's bevat het. Al hierdie materiaal sou egter onvoldoende gewees het as die Instituut vir Poolse Argitektuur nie 'n unieke versameling in sy besit sou gehad het nie. Onder toesig van hul professore het Poolse studente in argitektuur gedurende 1923-1939 van die hele binnestad boukundige tekeninge gemaak, in alle onderdele noukeurig. Hoewel die kantore van die Instituut in 1944 ook ten onder gegaan het, was dié versameling betyds in veiligheid gebring en was van onskatbare waarde vir die herbou van die stad. Daar was tot in die kleinste besonderhede bekend hoe die verwoeste huise uitgesien het en so het die ou stad, wat 4,3 hektaar beslaan het, straat vir straat weer herlewe.

Dit was dan ook nie onvanpas nie dat toe in 1965 onder die beskerming van UNESCO die Internasionale Raad vir Monumente en Terreine (*International Council of Monuments and Sites*) ICOMOS opgerig is, die setel van dié organisasie in Warschau gevestig is.[12] Wat veral interessant is by die herbou van Warschau is dat dit ook hier weer nie gegaan het om die rekonstruksie van ou huise *per sé* nie, ook al was die hele appa-

raat wat argitekte beskikbaar kon stel 'n noodsaaklike voorvereiste vir die herbou. Die leidende gedagte was die herlewing van die Poolse eenheidstaat en van sy onontbeerlike historiese en kulturele agtergrond, beliggaam in die ou binnestad van Warschau. Die restourasie het sy eie doelstellings gehad.

Dit sou ons te ver en heeltemal buite die bestek van hierdie artikel voer om in te gaan op die gevolge wat die herbou van verwoeste stede op die argitektoniese denke gehad het. Hierby het die tema "historiserende argitektuur" in die middelpunt kom staan nl. dat nuwe geboue moet inpas by die bestaande ou omgewing. Maar ook binne hierdie denke is daar verskillende stromings.

Ons kom liewer weer terug by ons uitgangspunt, die verwoesting van Newlands House, sy volledige afbraak en sy herbou as — laat ons aanneem — 'n getroue kopie van wat dit in die begin van die vorige eeu was. Dis duidelik dat ook hier argitektoniese argumente min gewig in die skaal gelê het. Ek het trouens nog nêrens 'n pleidooi vir die behoud van Newlands House gesien wat berus het op die argitektoniese uniekheid van die gebou. Daar moet dus ander motiewe wees, waarna 'n mens net kan gis. Wanneer jy dan die artikels lees wat na die brand verskyn het, is daar een rooi draad wat deur almal heenloop. Indien ek dit goed sien, is dit so dat Newlands House vir baie mense die simbool was van ou Kaapse kultuur en samelewing waarin Nederlandse en Britse elemente deureengestrengel was. Gebou as 'n soort buitehuis deur Willem Adriaan van der Stel, later uitgebrei tot somerresidensie deur Ryk Tulbagh, verbind met name soos Abbé Nicolas Louis de la Caille, John Barrow, William Duckitt, sir David Baird. Dan opnuut residensie van amptenare en goewerneurs: generaal Dundas, lord Charles Somerset, daarna die Louws, Cruywagens, Hiddinghs, Gwelo Goodman, Newton Thompson en ander. Hierdie vermenging van goewerneurs met landboukundiges, skilders en so meer het aan Newlands House 'n reputasie gegee, waaraan 'n sekere mistiek nie vreemd is nie. In baie mense se gedagtes het dit die simbool geword van die beskaafde ou Kaapse lewe, miskien meer 'n geïdealiseerde as 'n werklike samelewing maar dit doen eintlik nie ter sake nie. Newlands House was die ou Kaap, met al sy deugde en tekortkominge.

Net so min as wat dit werklik saak maak of so baie ou geboue in die Kaap vandag wel so uitsien as wat hulle vroeër uitgesien het, net so min sal dit op die lang duur saak maak of Newlands House nou die egte ou huis sal wees of 'n replika. Dit gaan om 'n idee. En indien daardie idee histories en argitektonies ten volle verantwoord sal wees — en dit sal seker wel die geval wees — dan nog des te beter.


**BRONNE**

1. *Carole Vos, 'Het monument brandt' in* **Monumenten,** *jg. 2 no. 1 p. 6 (1981).*
2. *Vir die bougeskiedenis:* **Groote Schuur, Woning van Suid-Afrika se Eerste Minister.** *Dept. v. Inligting. (1970)*
3. **Id.** *p.13.*
4. *F.K. Kendall,* **The restoration of Groot Constantia** *(1927).*
5. *Meer uitvoerig in C. Pama,* **Vintage Cape Town** *(1973) pp. 54-58.*
6. **Id.** *p.49.*
7. *E.E. Viollet-le-Duc,* **Dictionnaire raisonné de l'achitecture française** *du 11e au 16e siècle (1854-61).*
8. **Monumenten,** *jg. 5 no. 6 p. 7 (1984).*
9. *Oor hom vgl. B. van Hellenberg Hubar, 'Pierre J.H. Cuypers (1827-1921), Oeuvre en legendevorming' in* **Monumenten,** *jg 5 no. 6 p. 6-9 (1984).*
10. *W. Anderson,* **Castles of Europe** *(1970) p.268.*
11. *Hierdie restourasie is volledig beskryf in J. Zachwatowicz & P. Bieganski,* **The old town of Warsaw** *(1956).*
12. *Vgl. W. Kramer, 'Oud en nieuw, nieuw in oud' in* **Monumenten,** *jg 3 no. 6 pp. 5-13 (1982).*


THE ART OF RESTORING.




The Original Designer (some few hundred years ago):—"There—that's my idea of the thing—something quite plain and simple." (*He passes away, together with the few hundred years.*)

The Modern Architect:—"Grand ruin, isn't it? Not enough to restore from? Bless you! I've restored a whole cathedral from a chip of pavement."

"There now, that's about the thing the Original Designer evidently intended—something florid and complicated."

"All you have to do, you know, is to get yourself thoroughly imbued with the *spirit* of the Original Designer."

Spirit of the Original Designer, taking a look round:—"Well, what strange things these moderns *do* design, to be sure. Quite original, though!"

**Skets deur J.F. Sullivan, ca 1877.**

# Medaljes — Medals 21 September 1984

## Bruinette, Kruger en Stoffberg

Anders as in die Kaapprovinsie, was die Transvalers redelik traag om hul argitektoniese erfenis te bewaar en word dit selfs vandag nog nie na waarde geskat nie. Elkeen wat die statige eenvoud van 'n Transvaalse woning leer ken het, sal weet dat daar in hierdie provinsie van die mooiste voorbeelde van ons volksboukuns aangetref word.

Bruinette, Kruger en Stoffberg, 'n firma van raadgewende ingenieurs, was een van die eerste privaatinstansies wat die potensiaal van hierdie Transvaalse geboutjies ingesien en ontgin het. Nie alle bewarenswaardige geboue kan in museums omskep word nie en om hulle te bewaar moet 'n voortgesette funksie daarvoor gevind word. Dit is dan ook reeds bewys dat om 'n ou gebou funksioneel te herskep, dikwels meer ekonomies is as om 'n nuwe gebou op te rig. Bruinette, Kruger en Stoffberg het daarin geslaag om bewaring en besparing te kombineer en sodoende twee van die mooiste bewaringsprojekte in die Transvaal van stapel te stuur.

In 1982 is daar begin met die restourasie van die W.D. Pretorius-woning te Potchefstroom, 'n huis waarvan die vroegste gedeelte uit ongeveer 1853 dateer. Hierdie gebou is in samewerking met die Stigting Simon van der Stel en die argitek Hannes Meiring, gerestoureer en baie suksesvol in kantoorruimte omskep. So is twee doelwitte bereik, naamlik die bewaring van een van die oudste geboue in Potchefstroom en die verskaffing van nodige kantoorruimte. Die waenhuis op die terrein is gerestoureer en sal uiteindelik deel uitmaak van 'n groter restourantkompleks wat op die terrein opgerig gaan word. Hierdie projek het bewys dat bewaring ekonomies lewensvatbaar is.

Na die sukses van die eerste projek is 'n tweede aangepak. Die Doors Erasmus-huis, een van die mooiste en enigste voorbeelde van 'n Kaaps-Hollandse gewelhuis in Transvaal, is in ongeveer 1850 deur die legendariese Doors Erasmus net noord van Pretoria opgerig. Hiedie argitektoniese juweel is in 1983 ook in samewerking met die Stigting Simon van der Stel en mnr Hannes Meiring, gerestoureer. Die woning, skoolgebou, smidswinkel en stalle vorm 'n pragtige eenheid en gee 'n mens 'n kykie op 'n plaaswerf vanouds. Groot planne word vir dié terrein beraam: onder andere die gebruik van die historiese geboue as restourant, die oprigting van 'n kunsgalery, kantore, winkeltjies, laboratoria, ensovoorts. Die bewaring van die Doors Erasmus-kompleks is 'n prestasie wat nog nie deur 'n ander privaatmaatskappy in Transvaal geëwenaar is nie.

Die betrokkenheid van Bruinette, Kruger en Stoffberg by die beplanning van die heraanwending van die historiese Rietvleiplaas naby Johannesburg, belowe om in nog 'n mooi projek te ontwikkel.

Die Stigting Simon van der Stel huldig Bruinette, Kruger en Stoffberg vir sy finansiële en daadwerklike betrokkenheid by bewaring en vir sy baanbrekerswerk op die gebied van funksionele restourasie van die volksboukuns in die Transvaal.

## Municipal Council of Stellenbosch

For many years the Councillors of the Municipality of Stellenbosch have done their best to preserve the rich legacy of historical buildings in the municipal area of Stellenbosch.

The following is a list of some of the restoration projects which have been completed:

1. The historical Burgerhuis which bounds on the Braak.
2. The double-storeyed buildings in Dorp Street: Transvalia, Alma, Bosmanhuis, Tinetta.
3. The Voorgelegen group in Dorp Street.
4. The Binnehuis group of buildings in the Bergzicht area.
5. Neethlinghuis in van Ryneveld Street.
6. The Gentleman's Residence "Aan-het-Pad" in Cloetesville.
7. The Dewitthuis in Plein Street.

All these properties have been bought and belong to the Municipal Council.

However, the Council has looked beyond its immediate interests and has motivated other bodies to preserve that which is historically valuable.

At the same time special rules and regulations have been passed to ensure that preservation will be observed. The Council has completed a survey of historical buildings and those that are worthy of preservation. This survey formed the basis for the demarcation of the "historical core" of Stellenbosch. Subsequently the Council drew up a special set of rules so that adequate control could be exercised over buildings and structures in this core.

This set of rules acts as a safeguard for the preservation of the unique character of Stellenbosch and also guarantees that developments will be in keeping with the concept of preservation.

Furthermore, by allowing additional coverage on a building area for residential purposes — provided the developer is prepared to preserve the historic building on such an area — the Council motivates and encourages owners to maintain buildings worthy of preservation.

The Council also readily concedes deviant rights of usage for a property containing a building worthy of preservation, on condition that the owner is prepared to have the old building proclaimed as a National Monument.

It is with gratitude and appreciation that the Simon van der Stel Foundation has the privilege of acknowledging the remarkable contribution to preservation by presenting this medal to His Worship, the Mayor of Stellenbosch, in his capacity as representative of the Municipal Council of Stellenbosch.

# The need for a Cape Dutch houses foundation

G.S. Hofmeyr

## I. The Uniqueness of the Cape Dutch Style

It is generally accepted that the Cape Dutch houses in South Africa form the most important part of our architectural heritage — if not of our cultural heritage as a whole. John Ruskin, well-known British philosopher and author, once reputedly remarked that the Cape Dutch style is virtually the only worthwhile architectural contribution to Western civilization over the last few centuries.[1]

There are many aspects which make our Cape Dutch architecture unique. Sir Herbert Baker, who was one of the first persons to recognize and describe these qualities, once remarked how thrilled he was to discover the dignity, qualities and beauty of this style soon after his arrival in South Africa. He described it as "dignified in the ordered layout of houses, outbuildings, avenues, orchards and vineyards; beautiful in the simplicity of the architecture, white walls, solid teak or green-painted shuttered windows and doors, gracefully curved gables with softly modelled enrichments and quiet 'moleskin' thatch."[2]

The pioneer restoration architect in South Africa, Norman Eaton, referred to the charm of the various elements which characterize this style with its harmony of scale, size and proportion. He said: "The work of this period possessed qualities of inherent harmony, of wholeness, of simplicity infused with a rich warmth, of repose touched with gaiety, of variety within a basic sameness. These are the qualities of greatness[3] . . .

I do not believe that the aesthetic pinnacle reached by this Cape Dutch work, in and of its own time and country, will ever be exceeded. If we preserve it, it will stand for all time as permanent evidence of the ideals and qualities that must be striven for . . ."[4]

The uniqueness and special qualities of the Cape Dutch style have been described by many others, but usually with a different emphasis on the essential beauty of the style. Architecture, after all, is an art form with subjective connotations.

The gable is, however, most often described as the striking feature of this style. It reflects the period as well as the artistic preferences of the owner. (Although the gable was largely practical in origin, it gradually came to have an important decorative rôle of its own). Many other elements contribute to the typical character and charm of the Cape Dutch style, including the geometrics of the doors, windows and shutters, the thatched roof, the ground plan, the stoep, the wooden floors and the brandsolder. The outbuildings and ring-wall were always treated as an integrated architectural whole with the main dwelling, which add to the beauty of this style.

Another aspect which makes the Cape Dutch style unique, is that it is undoubtedly less the product of a formal School of Architecture than are European houses of the same period. Before the last quarter of the eighteenth century it is unlikely that any professionally trained architect ever practised in the Cape Colony.[5] The Cape Dutch style was therefore largely the result of good taste rather than of any training. Many of the craftsmen were Malays. The materials employed were also chosen because they were locally available and not necessarily because they were the most suitable. Being fairly isolated from any other civilized country and therefore cut off from the sources of accustomed supply, the local inhabitants were largely forced to improvise with the available materials.

Although it can be stated that the gables and other characteristics of the Cape Dutch style were Dutch, or German, in design or origin, the end result was in many respects a true product of its new environment. The construction of the houses was to a large extent "home-made", as shown by the lack of plumb lines and level floors for example. This resulted in the walls never being even, which in turn prevented concentrated light reflections.

Another quality of the Cape Dutch architecture is that it always forms an integral part of its environment.[6] The pioneer farmers were constantly in need of fresh water and the farmsteads were therefore usually situated near a river or a fountain. A good view was of prime importance too. When one walked out of the front door a magnificent vista usually met the eye. It almost always resulted in a perfect harmony between nature and culture. There were also the contrasts of stark, white-washed walls and the smooth grey thatch and mouldings, set against the background of oaks or indigenous trees and often mountains.

It is of course true that South Africa still has a wealth of Georgian and Victorian architecture which also deserves the attention of conservationists. These styles, however, show many similarities to those of the United Kingdom and other British colonies like Australia. As such, these styles cannot be regarded as unique to the same extent.

## II. Objectives of a Cape Dutch Houses Foundation

Considering the uniqueness of the Cape style and the growing public awareness for conservation, the time is probably ripe to consider the establishment of a Cape Dutch Houses Foundation. Such an organization should deal exclusively with this style and need in no way be in opposition to any of the existing conservation bodies. Some of the objectives of such an organization could be the following:

(i) The scientific listing of all Cape Dutch buildings or structures (including slave-bells and ring-walls) associated with this style. Some experts have estimated the number of Cape Dutch structures at about 300, but the figure is undoubtedly much higher;

(ii) The declaration as monuments of as many of these structures as possible;

(iii) Advice to owners of Cape Dutch buildings and other structures on aspects such as restoration, maintenance, usage and insurance. Even a relatively minor detail such as the correct painting of the exterior woodwork could materially improve the appearance of a Cape Dutch building;

(iv) The purchase and restoration of "unsafe" buildings with a revolving fund, as well as their eventual sale after safeguarding their future and declaration as monuments;

(v) The finding of alternative uses for Cape Dutch buildings which may otherwise face demolition. This can

happen, for example, on farms where new dwellings are erected, after which the Cape Dutch buildings are left to deteriorate because of lack of maintenance;

(vi) A primary objective of such a Foundation should be the proper and scientific research of this style, including aspects such as origins, and use of local materials;

(vii) The research should, ideally speaking, be followed by a well-illustrated publication, for which there is a dire need;

(viii) Other publications, including an elementary guide to basic restoration work and maintenance, as well as brochures on important Cape Dutch buildings and restoration projects;

(ix) The creation of a museum and/or an interpretative display centre devoted to the Cape Dutch style;

(x) The promotion of the subject at all levels through publicity and by educational means (including models, essays, a documentary film, T.V. coverage, etc.); and

(xi) The giving of awards for conservation work associated with this style.

**REFERENCES AND FOOTNOTES**



1. I have seen this statement quoted on several occasions, but could not trace its source.
2. D.E. Greig: Herbert Baker in South Africa, p. 41.
3. R.F.M. Immelman and G.D. Quinn (editors): The Preservation and Restoration of Historic Buildings in South Africa (Chapter 5 by N. Eaton entitled Aims and Procedures in the Preservation and Restoration of Historic Buildings), pp. 38-39.
4. Ibid, p. 40.
5. Louis Michel Thibault is generally regarded as the first trained architect in South Africa. He arrived at the Cape in 1783.
6. R.F.M. Immelman and G.D. Quinn (editors): The Preservation and Restoration of Historic Buildings in South Africa (Chapter 4 by B.E. Biermann entitled The Sources of Designs for Historic Buildings at the Cape), p. 32.


---

# SAMMY MARKS- EN KYNOCH-GEBOU GERESTOUREER

Volkskas het op 27 Maart 1985 aangekondig dat hy R3 miljoen beskikbaar gaan stel vir die restourasie van hierdie twee pragtige geboue oorkant die Staatsteater, in die hart van Pretoria. Dit beëindig jare se onsekerheid oor die toekoms van dié argitektoniese juwele.

Die eksterieur van die geboue gaan in samewerking met die Stigting deur die argitek Samuel Pauw gerestoureer word, terwyl die interieurs modern ingerig gaan word.



**'n Vroeë foto van die twee geboue.**




**Die Sammy Marksgebou (links) en Kynochgeboutjie soos dit tans daar uitsien.**

# DIE W.D. PRETORIUS-HUIS, POTCHEFSTROOM

## DIE KULTUURHISTORIESE AGTERGROND VAN DIE WDP-HUIS

**Prof. Frans Pretorius**
**Hoof: Departement Interne Geneeskunde, Medunsa**

Vir Suid-Afrika sal 1988 'n grootse kultuurhistoriese feesjaar wees. Verskeie historiese gebeurtenisse sal in dié jaar herdenk word: Bartholomeus Dias se reis 500 jaar gelede om die Kaap in 1488, die koms van die Hugenote aan die Kaap in 1688 en die 150-jarige herdenking van die Groot Trek rondom die Slag van Bloedrivier. Dit sal ook die 150ste bestaansjaar van Potchefstroom, die eertydse "hoofplaats der Republiek" wees en die eeufeesjaar van die W.D. Pretorius-huis op Potchefstroom. In 1888 het Willem Daniel Pretorius sekere aanbouings aan die oorspronklike huis voltooi en sy voorletters W.D.P. en die datum 1888 bokant die voordeur van die nuut aangeboude deel aangebring.

Hierdie geskiedkundige huis op die noordwestelike hoek van Kerk- en Jeugdstraat in die Suiddorp, is één van slegs drie huise op Potchefstroom wat voor 1855 in Potchefstroom gebou is en waarvan daar minder of meer gegewens beskikbaar is.[1]

Dié huis was sedert 1888 in besit van WDP wat in 1942 in hierdie huis oorlede is. Na die afsterwe van W.D. Pretorius se weduwee, Susanna Petronella Pretorius (gebore Reyneke) op 26 Oktober 1956, het van W.D.P. se dogters vir hulle suster en swaer mnr. en mev. Van der Merwe, in 'n poging om die woning vir die familie en nageslag te bewaar, die woongedeelte van een van die buitegeboue as woonplek aangebied met 'n verdere voorwaarde dat hulle dit aan een van hul seuns moet bemaak. Die aanbod en voorwaarde was egter nie op dié tydstip vir die Van der Merwe-egpaar aanvaarbaar nie. Die gevolg was dat W.D. Pretorius se oudste seun J.P.S. Pretorius die huis en buitegeboue uitverhuur het tot en met die verkoop in 1970 aan Sondam Beleggings Edms. Bpk.

Die uitverhuring van die woning en buitegeboue is sedert die oorname in 1970 voortgesit deur die nuwe eienaars. Deur die simpatieke toedoen van 'n plaaslike eiendomsagent, is die terrein, woning en buitegeboue in stand gehou en sodoende van sloping gered.

Tien jaar later in 1980, terwyl daar weer van nuuts af wyer belangstelling gaande was om die woning te bewaar, wissel die woning en eiendom weer van eienaars. Die doel van dié nuwe eienaars was om die eiendom onmiddellik in moderne woonsteleenhede te ontwikkel en hiervoor is 'n slopingsaansoek tot die Potchefstroomse Stadsraad gerig. Toe hierdie toedrag van sake aan belanghebbende instansies bekend word, is 'n aktiewe reklame- en bewaringspoging van stapel gestuur.

Die restourasie en bewaring van die geboukompleks is hierna moontlik gemaak deur die ondernemingsgees, ywer en belangstelling van verskeie persone en instansies. Na verskeie onderhandelings is die eiendom in 1980 deur die raadgewende ingenieursfirma Bruinette, Kruger en Stoffberg aangekoop. Dié firma het sedertdien die huis en buitegeboue gerestoureer met behulp van kundiges soos mnr. Hannes Meiring, mev. Elize Labuschagne van die Stigting Simon van der Stel, die personeel van die Potchefstroommuseum en mnr. Roland Daniël, 'n plaaslike bou-aannemer.

### INLEIDING

Van die weinige oorblywende historiese huise in Potchefstroom is die WDP-huis een van die opvallendste. Dit is geleë op die hoek van Kerk- en Jeugdstraat, op gedeelte 4 van erf 257, bekend as Kerkstraat 258.

Alhoewel die W.D. Pretorius-huis die datum 1888 saam met die voorletters WDP bokant die voordeur aandui, het familie-inligting en navorsing aan die lig gebring dat dié datum slegs die datum van uitbreidings aan die oostelike kant van die huis was wat die destydse nuwe eienaar WDP, aangebring het. *Die kern van die huis dateer sover vasgestel kan word uit 1853, wat dit waarskynlik die oudste nog bestaande woning in Potchefstroom maak, en heelwat ouer as die kruithuis wat vantevore as die oudste bestaande gebou beskou is.* 'n Dorpskaart wat in April 1863 deur die bekende kartograaf, Fred Jeppe, geteken is, gee 'n duidelike beeld van die uitleg van die dorp aan die begin van die sestigerjare van die vorige eeu. Op dié kaart word duidelik reeds 'n gebou op die hoek van Kerk- en Jeugdstraat aangedui asook 'n langer gebou geskei en net noord van die hoekgebou parallel met Kerkstraat.[1].

Die restourasie en bewaring van hierdie woning is dus as buitengewoon wenslik beskou en wel vanweë die volgende aspekte daarvan:

- Die familiegeskiedenis en die bydrae wat die inwoners van die huis gemaak het ten opsigte van die kulturele lewe van die gemeenskap.
- Die argitektuur.
- Die feit dat die woning, buitegeboue en gedeeltes van die ringmuur nog as 'n kompleks bestaan.
- Die historisiteit van die erf en omliggende grondbesit van WDP.
- Die historisiteit van die woning en buitegebou.


### 1. VOORGESKIEDENIS EN FAMILIE VAN W.D. PRETORIUS

#### Willem Daniël Pretorius

WILLEM DANIËL PRETORIUS (hierna genoem WDP) is op 14 Desember 1855 op Waterval in die Villiersdorp-Rivier-Sonder-End se omgewing gebore en op 10 Februarie 1856 op Franschhoek gedoop. Hy was sy vader JOHANNES (PETRUS) LODEWIKUS PRETORIUS (JPLP) se tiende kind en die sesde kind en vierde seun van sy vader se tweede vrou, MARIA HELENA SUSANNA PRETORIUS (gebore Steyn).

#### Johannes Lodewikus Pretorius

JOHANNES LODEWIKUS PRETORIUS (hierna genoem JPLP) die vader van WDP, is op 10 Januarie 1813 en net soos



**W.D. Pretorius (agter, 2de van links), met sy broers en een suster saam met hul moeder en president M.W. Pretorius (3de van links voor).**

sy seun WDP in die omgewing van Villiersdorp-Rivier-Sonder-End (op Zeekoekraal) in die destydse distrik van Stellenbosch gebore. Hy is op 17 April 1813 op Tulbagh gedoop en was die vierde seun van WESSEL PRETORIUS en MARTHA JACOBA PRETORIUS (gebore de Wet) se dertien kinders.

JPLP, die vader van WDP, was twee keer getroud. Die eerste huwelik was met HELENA HERMINA DU TOIT op 20 April 1834. Sy is op 18 April 1842, waarskynlik tydens of kort na die geboorte van hul vierde kind, HERMINA HELENA PRETORIUS, op die plaas Zeekoekraal, in die huidige Villiersdorpdistrik oorlede.

Die tweede huwelik van JPLP met MARIA HELENA SUSANNA STEYN is op 13 November 1843 op Caledon in die destydse distrik van Swellendam voltrek.

Uit hierdie huwelik van JPLP is nege kinders gebore, waarvan WDP die sesde was. Al die seuns uit hierdie tweede huwelik van JPLP, behalwe die tweede seun JACOBUS PETRUS STEYN PRETORIUS, het uiteindelik uit die Kaap na Transvaal of die Vrystaat getrek.

JPLP en sy vrou, MARIA HELENA SUSANNA het later na Potchefstroom getrek, en tot hul afsterwe by WDP ingewoon. Sy was aan die familie bekend as "Ouma Pretorius".

**Wessel Pretorius**

WESSEL PRETORIUS, die vader van JPLP, en grootvader van WDP was die sesde van agt kinders van WILLEM STERRENBERG PRETORIUS en ELIZABETH CORNELIA CRAFFORD. WESSEL PRETORIUS was met MARTHA JACOBA DE WET getroud. Uit hierdie huwelik is dertien kinders gebore, waarvan JPLP een was.

WILLEM STERRENBERG, die vader van WESSEL PRETORIUS en 'n burger van Stellenbosch, wat op 20 Junie 1756 met ELIZABETH CORNELIA CRAFFORD getroud is, was die oorgrootvader van WDP. Hierdie WILLEM STERRENBERG was die tweede jongste van tien kinders en die tweede jongste broer van die derde PRETORIUS-stamvader met die naam JOHANNES. Hierdie JOHANNES, die oudste broer van WILLEM STERRENBERG is op 21 Maart 1711 gedoop. Sy kleinseun was die Voortrekker-Kommandant-generaal ANDRIES WILHELMUS JAKOP PRETORIUS. Aangesien MARTHINUS WESSEL 'n seun van die Kommandant-generaal was, is dit hiervolgens duidelik dat WDP en MARTHINUS WESSEL PRETORIUS agterkleinneefs was.

**W.D. Pretorius se huwelik, hulle verblyf in Calvinia en die trek na Transvaal**

WILLEM DANIEL PRETORIUS en sy vrou SUSANNA is albei in die Wes-Kaap gebore. WDP trou met SUSANNA PETRONELLA REYNEKE op 15 April 1879 in Calvinia. Daar is 15 kinders uit die huwelik gebore.


Weens die ontdekking van groot goudneerslae aan die Witwatersrand besluit WDP in November 1882 dat hy en sy familie na Transvaal sou trek. Die lang trek na Transvaal is met muilwaens onderneem. WDP se ouer broer Pieter met sy gesin en



**Willem Daniël Pretorius en Susanna Petronella Pretorius (geb. Reyneke).**

'n jonger broer, Gerhardus, het ook in dié tyd na Transvaal getrek. Op 2 Februarie 1883, op pad na Transvaal, sterf hul eerste kind in Kimberley. Die tweede oudste kind wat op 26 Junie 1881 op Calvinia gebore is, JOHANNA MARIA PERTORIUS, oorleef die trek na Transvaal oor die Vrystaat en het die oudste kind van die familie geword.

Op pad na Transvaal besoek WDP en sy familie sy oudste broer, WESSEL FRANCOIS PRETORIUS, op Boshof in die Vrystaat. Hierdie broer van WDP het intussen reeds vanuit die Kaap na die Vrystaat getrek.



**Die WDP-woning op 'n effens latere stadium as die foto links onder.**

### Die aankoms op Potchefstroom

In 1883 vertrek WDP met vriende verder noord na Transvaal en kom in Potchefstroom aan waar hy besluit om hom te vestig. Hy ontmoet die voormalige president MARTHINUS WESSEL PRETORIUS (MWP) op die dorp en gaan woon in dieselfde jaar op MWP se plaas Witstinkhoutboom waar die oud-President se skoonseun IZAK MEYER, ook woonagtig was. Hier bly hy vir 'n jaar.

### Die WDP-woning — geskiedenis, aankoms en aanbouing

WDP huur in 1884 'n stuk grond met 'n huis in Kerkstraat van Gerhardus Paulus Swart en Mathys Johannes Uys. Hierdie huis (soos reeds vermeld) het oorspronklik aan die Voortrekker Cornelis Janse Uys behoort en is ook deur hom opgerig. Die Uys-familie was uit die Winburg-distrik afkomstig.

Gedurende dié tyd reis WDP verskeie kere na die Witwatersrand waar hy kleims afsteek. Dit het hom in staat gestel om die huis en 'n aantal aangrensende erwe te koop. In 1888 is 'n aanbouing aan die oorspronklike opstal in die rigting van Kerkstraat voltooi. Dié datum van aanbou verskyn saam met sy voorletters WDP bokant die voordeur van die huis.

Die oorspronklike huis wat van mnr. C.J. Uys gehuur is, het 'n grasdak en twee stoepkamers gehad. Die aanbouing wat WDP gemaak het, was om vier kamers aan die voorkant van die huis in te rig. Sodoende sou daar ook 'n gang van die voordeur na die eetkamer wees en is die destydse stoepkamers met vier ander voorkamers vervang. Die suidelike hoekkamer is as skoolkamer ingerig en het slegs 'n suidelike buitedeur gehad. 'n Ander een was die ontvangskamer, terwyl die oorblywende twee slaapkamers was — een 'n gastekamer en die ander die slaapkamer van WDP en sy vrou. Die huidige binnedeur tussen die skoolkamer en die oorspronklike suidelike slaapkamer is later aangebring toe die goewernanteskool in die huis beëindig is en die kinders van WDP na die Publiekeskool gegaan het.



**'n Vroeë foto van die vooraansig van die WDP-huis, met die voorkoms wat dit kort na 1888 sou gehad het.**

### Die familielewe tot die Tweede Vryheidsoorlog

Nadat WDP hom in sy huis, wat later as "Die Klip" vir die familie en vriende bekend sou staan, gevestig het, het sy ouers vanuit die Kaap by hom op Potchefstroom kom inwoon. Die bynaam "Die Klip" is aan die huis gegee weens 'n groot klip wat naby die huis in die watervoor wat langs die suidelike deel van die huis verbygeloop het, geleë was. Hierdie klip het die oorgang oor die watervoor vergemaklik. MARIA JOHANNA REYNEKE (gebore THERON), die skoonmoeder van WDP, het haar ook vanuit Kenhardt gedurende dié tyd by die familie aangesluit. Sy het vir 40 jaar saam met die familie gewoon en het verkies om in die buitegebou, wat aan Kerkstraat grens, te woon. WDP se jonger broer GERHARDUS FRANCOIS JACOBUS DE WAGER het ook gedurende die tydperk in hierdie buitegedeelte van die opstal kom inwoon en het WDP 'n tydlank met sy boerdery bygestaan.

WDP het voor die Vryheidsoorlog en daarna met beeste gespekuleer en weens die aansienlike eiendom wat hy werklik in die dorp besit het, ook 'n gemengde boerdery met koring, mielies, lusern, vrugte en groente bedryf.

WDP is aan die begin van die Tweede Vryheidsoorlog in 1898 gevange geneem en na St Helena gestuur tot aan die einde van die oorlog. Hy het sy voorman, ene Breers, as 'substituut' na die oorlog gestuur, en WDP is self na St Helena as krygsgevangene.

Gedurende sy verblyf op St Helena het sy vrou SUSANNA die boerdery behartig. Sodoende het die familielewe gedurende die Vryheidsoorlog behoue gebly.

Die oud-President MWP en sy vrou het as "familie" en goeie huisvriend van WDP, dikwels by WDP besoek afgelê. Hulle het

ook jare lank saam op die Kerkraad van die N.G. Moedergemeente gedien.

**WDP en die onderwys en kultuur in Potchefstroom**

WDP het hom besonder vir die onderwys beywer. Goewernantes wat hy in sy huis laat inwoon het, het vir sy kinders se onderwys gesorg. Onder die goewernantes se toesig het die skoolonderrig in die skoolkamer van die huis wat spesiaal vir die doel ingerig is, plaasgevind. Omdat daar nie onderwysgeleentheid vir die ander behoeftige kinders van sy buurt was nie, het hy ook van dié kinders in die skoolkamer ingeneem.

WDP was ook 'n stigterslid van die latere Suidskool en vyf van sy kinders het in die onderwys gestaan.

WDP het as diaken en later as ouderling, 'n hele leeftyd aan die diens van sy kerk gewy. Hy het die eerste Sondagskool in sy omgewing met bystand van sy dogters gestig. Hy het ook die N.G.-Sendinggemeente in die Swartwoonbuurt begin en vir meer as 30 jaar het hy elke Sondagmiddag dienste in die tronk gehou. In 1917 was hy een van die stigters van die Mooiriviergemeente. Die finale stigtingsbesluit is onder 'n wilgerboom in sy tuin geneem.

2. **DIE ARGITEKTUUR**

Die kern van die woning, wat sover vasgestel kon word uit 1853-54 dateer, se grondplan is tipies van die huise wat in die vroeë jare in die Zuid-Afrikaansche Republiek opgerig is. Daar was 'n voorhuis wat oor die hele diepte van die huis strek, en vier vertrekke wat (twee aan elke kant) daaruit loop soos op die sketsplan met dubbele lyne aangedui. Hierdie *sketsplan* met byskrifte is op 28 April 1979 deur die drie-en-negentig-jarige dogter van WDP, mev. E.J. van der Merwe (gebore Pretorius) opgetrek.

Die mure van hierdie kerngedeelte van die huis is ongeveer 850 mm dik. Die plafonbalke en plafonplanke is van geelhout, soos ook die deure van hierdie gedeelte.


Tydens die restourasie-ondersoek het die aangeboude gedeelte nog besondere mooi houtluike met handgesmede luikknippe gehad. Gelukkig het 'n voorbeeld van elk oorgebly en het as voorbeeld vir die restourasie gedien. Hoewel die buitedeure en kosyne van die nuwer gedeelte verskil van die kerngedeelte, bied dit interessante vergelykingsmateriaal en is verteenwoordigend van laat negentiende-eeuse houtwerk.

Een van die opvallendste eienskappe van die woning is die mooi omlysting in die pleisterwerk rondom die deure en vensters. Die vuurherd wat die hele suidelike breedte van die kombuis beslaan en die bakoond wat daarop open, is nog 'n aantreklikheid van die huis. Hoewel die kerngedeelte argitektonies en histories ongetwyfeld die interessantste aspek van hierdie woning is, het die beplanner van die aanbouings van 1888 daarin geslaag om 'n besonder rustige en simmetriese klassisistiese fasade te skep in eenvoudig-sombere uitvoering.

Die aansig van die woning wat tans op die straatgrens loop, herinner sterk aan die "Karoo-styl" en met die bruin geverfde luike en strelende verhoudings vorm dit 'n treffende fasade. Die enigste moontlike steurende element is die dak wat volgens familie-inligting sedert 1888 van sink was.

Die *buitegebou*-eenheid aan die noordekant van die huis het gedien as waenhuis, stal en buitewoonkamers. Aan die suidwestelike gedeelte van die buitegebou was die kraal met 'n suidelike ingang. Die plafon van die woonkamergedeelte is 'n goedgehoue tradisionele rietplafon bedek met 'n juutlaag wat op sy beurt met 'n braklaag bedek is.

Vanaf die suidelike solderdeurtjie, bokant die waenhuisdeur, is daar 'n loopplank van breë geelhoutplanke wat strek oor die hele lengte van die waenhuis. Aan weerskante van die geelhoutloopplank is 'n rietplafon van dié soort waarop groente en vrugte dikwels vir wintergebruik geberg is. Die geelhoutbalke bokant die stal toon duidelik die kenmerkende tekstuur van handgesaagde hout en is afwisselend saam met ronde ongesaagde of geskaafde populierbalke gebruik. Die waenhuisdeure het besonder mooi handge-




| | | |
|---|---|---|
| **P = pakkamer** | **St = stoep met gaas toe** | **Or = ontvangkamer** |
| **B = bediendekamer** | **S = slaapkamer** | **H = hek** |
| **O = oond** | **E = eetkamer** | **Ko = koeistal** |
| **V = vuurherd** | **Sk = skoolkamer** | **Kr = kraal** |
| **K = kombuis** | **Sp = spaarkamer** | **W = waenhuis** |

**Skets van die grondplan van die WDP-woning, gemaak deur mev. E.J. van der Merwe.**

smede skarniere. Die ringmuur wat selde nog in oorspronklike vorm in Transvaal behoue gebly het, maak 'n besondere onderdeel uit van die geheel.

## 3. DIE WONING, BUITEGEBOUE EN GEDEELTES VAN DIE RINGMUUR AS KOMPLEKS

Dit is een van die minder aangename eienskappe van Potchefstroom dat historiese geboue deur die jare gesloop is om plek te maak vir nuwes. Daar is dus feitlik geen ou buurte of strate wat 'n beeld van vergange jare gee nie en die enkele behoue geboue word dikwels verdwerg deur nuwes. Een van die mooiste eienskappe van die WDP-huis is juis dat dit uit 'n kompleks bestaan en met die buitegeboue en muur 'n bevredigende geheel vorm. 'n Ander voordeel is dat dit op 'n straathoek geleë is en dus aan Jeugdstraat se kant nie deur ander geboue begrens word nie.

die gerestoureerde gebouekompleks iets van die historiese karakter van die omgewing en van die dorp in die geheel in herinnering roep.[1]

## 4. DIE HISTORISITEIT VAN DIE ERF EN OMLIGGENDE GRONDBESIT VAN WDP


Die geskiedenis van die woningerf en omliggende erwe is op sigself baie interessant. Die eerste eienaar, Karel Minnaar, het die erf in 1853 direk van die Goewerment gekoop. Die oorspronklike oordragaktes is tans in die besit van die skrywer. Wat belangriker is, is dat Minnaar in dieselfde jaar die erf verkoop aan Cornelis Janse Uys. Volgens laasgenoemde se sterfkennis (kopie in lêer 2.1 P.M.) was hy 'n "landbouer en veeboer" gebore op Wydgelegen, Swellendam 22 Desember 1813, oorlede 23 Maart 1884 in Winburg en in 1834 te Swellendam getroud met Alida Maria, gebore Uys, 5 Augustus 1816 — 15 Maart 1897. Volgens C.C. de Villiers en Pama was hy 'n eie neef van Kommandant Petrus Lafras (Piet) Uys — die vader van Dirkie Uys.

Cornelis Janse Uys was 'n vermoënde man wat weer eens volgens genoemde sterfkennis, dertien erwe in Potchefstroom besit het benewens die plase Tygerfontein 641, Roodekraal 678 en Rietfontein 503, asook vyf plase in die distrik Wakkerstroom. Die bewering dat hy 'n assistent Landmeter-generaal was, is tot nog toe nie dokumentêr bevestig nie.

Op 30 Mei 1888 word die betrokke grond deur Gerhardus Paulus Swart en Mathys Johannes Uys gekoop uit die boedel van C.J. Uys, onderskeidelik 'n skoonseun en seun van laasgenoemde. (J.P. Swart is getroud met Diana Maria, agtste en jongste kind van C.J. Uys). Die volgende dag, 31 Mei 1888, word die grond aan Willem Daniel Pretorius oorgedra. (Transportaktes in dokumentêre versameling, lêer Pretorius P.M.) Hierdie vinnige oordrag lyk oënskynlik vreemd maar is ook in vorige navorsingsprojekte van hierdie aard gevind. Dit was skynbaar gebruik, veral onder familie en vertroude vriende, dat amptelike oordrag (transport) nie noodsaaklik geag is na onderlinge kooptransaksies nie, maar dat dit wel by herverkoop aan iemand anders noodsaaklik was. So is dan dikwels eers transport geneem wanneer 'n volgende transaksie dit nodig gemaak het.

Die nuwe eienaar sedert 1888, W.D. Pretorius, (WDP) het in dié tyd die betrokke erf waarop die huis staan, erf 257, met die omliggende erwe 249 (suid) en 248 (noord) aangekoop.

Hy het ook terselfdertyd van bogenoemde persone kaart en transport ontvang van al die grond oorkant sy huis in Kerkstraat wat begrens was deur Jeugd-,



**'n Gedeelte van die ringmuur, met die buitegeboue regs.**

Vanuit beide Kerk- en Jeugdstraat is 'n mooi aansig op die geboue. Die tweede buitegebou en waenhuis wes van die huis met 'n melkkamer-, pakkamers en 'n waenhuis, bestaan ongelukkig nie meer nie en gaan moontlik weer opgerig word. Die raamwerk van die fondamente het nog tot onlangs toe bestaan maar is tydens die onlangse restourasie van die huis deur 'n stootskraper weggestoot. Gelukkig is die opmetings van die terrein beskikbaar om die heroprigting op die regte plek moontlik te maak.

Alhoewel die WDP-huis ten tye van die oprigting daarvan feitlik op die suidgrens van die oorspronklike uitgemete dorp geleë was, is dit tans 'n sentrale punt in die betrokke gedeelte van Potchefstroom. Dié gedeelte het gedurende die afgelope aantal jare veel van sy historiese karakter verloor. Daarom is dit verblydend dat hier-



**Die gesloopte buitegebou.**



**W.D. Pretorius (derde van regs, voor) en sy gesin teen 1908.**

Gouws-, Suid- en Greylingstrate, dus aan weerskante van Kerkstraat. (Erwe 260-265 en erwe 272 en 273). WDP kon al hierdie aankope doen uit sy mynbelange aan die Rand en het hy ook uit sy boerdery en spekulasie 'n goeie inkomste verwerf.

Al hierdie grondaankope het vir hom en sy groot gesin en familie 'n leeftog voorsien. Dit is opgeteken in die herinneringe van sy tydgenote (lêer 2.1 PRE.PM) dat die nagenoeg 8,57 Ha (10 morg) 'n lushof was van 'n groot verskeidenheid van vrugtebome en dat daar ook baie koring gewen is. Dit is ook bekend dat die grond ook 'n leeftog voorsien het aan die familielede wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog agtergebly het gedurende W.D. Pretorius se verblyf op St. Helena asook aan al die kinders van familielede en vriende wat later daar tuisgegaan het ter wille van hul skoolopleiding. Van die omliggende grond is later gedeeltelik aan kinders van WDP afverkoop terwyl die erf met die woning in die besit van W.D. Pretorius se nakomeling tot in 1970 bly.

## RESTOURASIE EN HERBENUTTING

Sedert die eiendom die besit van die firma Bruinette. Kruger en Stoffberg geword het, is daar met restourasiewerk 'n aanvang gemaak.

Die behoefte van die eienaars, naamlik om geskikte kantoorruimte te skep, is deur die restourasiespan in aanmerking geneem. Die besluit om die gebouekompleks na sy 1888-stadium te neem, het die herbenutting van die geboue vergemaklik.

Tans word die woning as kantoorruimte benut, terwyl daar beplan word om die buitegebou as restaurant in te rig. So is daar vir Potchefstroom 'n kleinood bewaar en baie effektiewe kantoorruimte in 'n aangename deel van die dorp geskep.

Aanvanklik was die ingenieurs redelik skepties oor die muurpapier waarmee die kantore uitgeplak sou word, maar tans is hulle baie gelukkig in hulle huis-kantoor met sy geblomde mure, glimmende houtvloere en groot skuifvensters. Hierdie projek het weer bewys dat restourasie en praktiese herbenutting mekaar wel kan komplementeer. Daar is reeds by die RNG aansoek om die verklaring van hierdie gebouekompleks gedoen, en Potchefstroom behoort dus binnekort nog 'n nasionale gedenkwaardigheid by te kry.

**Nota: Die restourasie van die WDP-gebouekompleks sal moontlik in 'n latere uitgawe van Restorica bespreek word.**

### BRONNE


1. Die W.D. Pretorius-woning Potchefstroom. 'n Motivering vir die restourasie en bewaring van hierdie historiese woning.
   Opgestel deur prof. F.J. Pretorius in samewerking met die personeel van die Potchefstroomse Museum.
2. De Villiers C.C. en Pama C. 1966. Geslagsregisters van die ou Kaapse families. Kaapstad, Balkema.
3. Gawie en Gwen Fagan. 1974. Kerkstraat in 't land van Waveren. Die Tulbagh-Restourasiekomitee.
4. Potchefstroom. Stadsraad. 1939. Potchefstroom, 1938-1938. Johannesburg, A.P.B.
5. Potchefstroomse Museum, Inligtingslêer 2.1.
6. Versamelings van die volgende instansies:
   (i) Nederduits-Gereformeerde Kerkargief, Kaapstad.
   (ii) Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Afdeling Genealogie.
   (iii) Staatsargiefbewaarplek, Kaapstad.
   (iv) Staatsargiefbewaarplek, Pretoria.
   (v) U.O.V.S. Instituut vir Eietydse Geskiedenis.
7. Restorica No 11, Julie 1982 p. 2.
8. Restorica No 13, April 1983. Voorblad en p. 3.

# Verblyfplekke van die boeregeïnterneerdes in Portugal, 1901-1902

Dr. O.J.O. Ferreira Universiteit van Pretoria

Namate die Britse opmars na die Oranje-Vrystaat en Transvaal aan die begin van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) gevorder het, het berigte die Afrikaners in die noordoostelike Kaapkolonie bereik dat die Engelse die huise afbrand van Afrikanerkolonialers wat met die Boererepublieke simpatiseer en hulle daarna in konsentrasiekampe stop. Om hierdie lot te ontkom, het 'n aantal Boere hulle waens vol van die nodige lewensmiddele gelaai en met hulle families noordwaarts voor die Engelse uit tot in Bloemfontein gevlug.

Daarvandaan is hulle per trein na Pretoria, maar toe die Engelse ook dié stad nader, is hulle verder ooswaarts na Lydenburg — weer eens per ossewa. Van Lydenburg is hulle verder met die trein na Lourenco Marques, waar hulle teen die einde van September 1900 aangekom het.[1] Die Kolonialers se voorbeeld is ook deur gesinne uit Natal en die twee Boererepublieke nagevolg, asook deur vreemdelinge wat aan Boerekant geveg en gevangeneming deur die Engelse gevrees het.[2] Die Engelse het ook in September 1900 'n Boerekommando onder bevel van generaal F.J. Pienaar by Komatipoort vasgekeer, sodat hulle verplig was om die Mosambiekse grens oor te steek. In Mosambiek het generaal Pienaar sy burgers beveel om hulle wapens neer te lê en is hulle deur die Portugese owerheid geïnterneer. Hieroor skryf kommandant N.J. Grobler in sy dagboek: "Het was als een doodslag voor alle ware Afrikaners zulks te hooren en de ontevredenheid was algemeen."[3] Etlike Boerevroue en -kinders wat deur die Britse militêre owerheid vir versorging na Boerekommando's in die omgewing van Barberton gestuur is, het ook aan die begin van 1901 na Mosambiek uitgewyk en is daar geïnterneer.[4]

Weens onvoldoende huisvestingsfasiliteite in Lourenço Marques, maar ook onder druk van die Engelse regering, het die Portugese owerheid besluit om die Boeregeïnterneerdes na Portugal te stuur.[5]. Buitelandse vrywilligers wat aan die Boerekant geveg het, is met die Oostenrykse skip *Styria* na Triëst verskeep. Met uitsondering van die enkele geïnterneerde burgers wat hulle aan die Engelse owerheid in Lourenço Marques oorgegee het, is die res aan boord van die transportskepe *Benguella* en *Zaire* en die Portugese oorlogskip *Afonso d' Albuquerque* in verskillende groepe kort na mekaar aan die begin van Maart 1901 na Portugal verskeep[6], waar hulle onderskeidelik op 27 Maart, 2 April en 12 Junie 1901 in die hawe van Lissabon aangekom het.[7]

Direk na hulle aankoms in Lissabon is die Boeregeïnterneerdes per trein na 'n sestal dorpe in die sentrale gedeelte van Portugal vervoer, waar hulle vir ongeveer twee jaar sou vertoef en vriendelike en simpatieke behandeling van die Portugese owerheid, maar ook van die plaaslike bevolking ontvang het. Hoewel daar radikale verskille tussen die Portugese en Boere ten opsigte van taal, lewens- en wêreldbeskouing, godsdiens, feesvierings, voedselvoorbereiding, hofmaakgebruike, ensovoorts, bestaan het, is lewenslange vriendskappe gesluit en is selfs huwelike tussen Portugese mans en Boeremeisies voltrek.[8]

Oor die aantal Boere wat in Portugal geïnterneer was, bestaan daar verskil van mening. Macnab meld dat 1433 Boere (mans, vroue en kinders) in Lissabon geland het,[9] terwyl Ploeger meld dat 'n sensus op 'n keer die syfer op 1 157 gestel het.[10] Volgens 'n ander sensuslys in die Transvaalse Argiefbewaarplek was daar op 'n tydstip 1 002 Boeregeïnterneerdes in Portugal.[11] Die lys bevat egter nie die name van kommandant Mostert en sy vier burgers wat in Abrantes geïnterneer was nie. Alle getalle wat hierna vermeld word, is op laasgenoemde sensuslys gebaseer. Dat die getalle verskil, is nie vreemd nie, want sommige geïnterneerdes is op parool vrygelaat, terwyl ander ontsnap en spoorloos verdwyn het.[12] Ook die aantal geïnterneerdes op die verskillende dorpe het nie konstant gebly nie, want na vele vertoë van Boerekant het die Portugese owerheid die langbegeerde verlof toegestaan dat familiebetrekkinge van een plek na 'n ander oorgeplaas mag word sodat familielede saam kon woon.[13]

Die dorpe waar die Boere geïnterneer was, is van die mooiste plekke in Portugal en die geboue waarin hulle op hierdie dorpe gehuisves was, is sonder uitsondering historiese geboue wat vandag nog bloot vanweë hulle argitektoniese interessantheid 'n besoek regverdig. Die Boeregeïnterneerdes was nie in hierdie geboue ingeperk nie, maar was "vrij om rond te gaan zoveel zij willen, in de verschillende dorpen, waar zij zich bevinden."[14] Die enigste beperking wat op hulle bewegings geplaas is, was dat hulle twee keer per dag vir die aflees van hulle name moes aanmeld.


***

Vervolgens dan een en ander oor die verblyfplekke van die Boeregeïnterneerdes in Portugal:

### Tomar

Tomar, met sy smal, met klip geplaveide straatjies aan die oewer van die Rio Nabão, is 143 kilometer noordoos van Lissabon in die distrik Santarém geleë.[15] Hoewel Tomar vandag 'n belangrike industriële dorp is, het hy sy roem te danke aan die klooster op 'n heuwel net buite die dorp, die Klooster van die Orde van Christus (O Convento da Ordem de Christo).[16]

In 1160 het die Ridderorde van die Tempeliere op hierdie heuwel 'n kasteel gebou nadat hulle die More verdryf het. Omdat die ridderorde veels te magtig na pous Clemens V se sin geword het, het hy die orde in 1314 ontbind. As teenreaksie het koning Dinis van Portugal (1279-1325) 'n nuwe ridderorde, die Orde van Christus,




**Die Klooster van die Orde van Christus, Tomar.** **Foto: Estelle Maré**

ingestel om die rykdomme van die Tempeliere te erf. Die Orde van Christus was aktief betrokke by die veldtogte in Marokko aan die begin van die vyftiende eeu en hulle embleem — die Kruis — was op die seile van die Portugese karavele wat die aarde omseil het, aangesien Prins Hendrik die Seevaarder die Grootmeester van die Orde was. Hy het die orde se rykdomme vir die ontdekkingstogte aangewend, maar daardeur ook weer aan die orde welvaart besorg. Eers in 1523 is die orde se ridderlike aard na die van monnikewese verander, maar hulle het steeds die koninklike guns geniet.[17]


Die oudste gedeelte van die Kloosterkerk (Charola) dateer uit die twaalfde eeu en is volgens die voorbeeld van die Moskee van Omar in Jerusalem gebou. Die Gotiese kloostergang (Cemitério) is in die vyftiende eeu deur die toedoen van Prins Hendrik die Seevaarder aangebou; terwyl koning Manuel die Gelukkige — ook Grootmeester van die Orde van Christus — in die sestiende eeu opdrag gegee het dat die Manuelynse gedeelte van die Kerk en die Kapittelhuis (Casa do Capitulo) tot die bestaande geboue toegevoeg moet word. Die kloostergang van die Filipsse (Claustro dos Felipes) herinner ons daaraan dat dié gedeelte van die klooster tydens die Spaanse oorheersing in die sestiende eeu voltooi is.[18]

Die Manuelynse skip van die Kloosterkerk by Tomar, gebou tussen 1510 en 1514, is die werk van Diogo de Arruda, wat hom streng by die inheemse Portugese boustyl gehou het en in wie se werk by Tomar daar nog geen teken van die invloed van die Renaissance te bespeur is nie. By Tomar het die Manuelynse geneigdheid tot naturalisme en die gebruik van eksotiese versieringsmotiewe 'n uitspattige hoogtepunt bereik, waarvan die venster in die westelike muur, die sogenaamde "Venster van die See", waarskynlik die beroemdste (of berugste) voorbeeld is.[19]

Dit was in die Klooster van die Orde van Christus waar generaal F.J. Pienaar en sy geselskap hulle interneringstydperk sou deurbring. Generaal Pienaar en sy mense is met volle militêre eerbewys by hulle aankoms in Lissabon deur generaal Almeida Pinheiro ontvang en ook na hulle verblyfplek by Tomar vergesel.[20] In die Klooster is hulle in die Kloostergang van die Herberg (Claustro da Haspedaria) gehuisves, waarvandaan hulle 'n manjifieke uitsig op



**Die gedeelte van die Klooster van die Orde van Christus, Tomar, waarin die Boere-geïnterneerdes gehuisves was.** **Foto: O.J.O. Ferreira**



**"Venster van die See", Tomar.**
**Foto: O.J.O. Ferrera**



**Genl. F.J. Pienaar (sittend) en vier van sy seuns in die Klooster van die Orde van Christus, Tomar.** **Foto: Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria**

die "Venster van die See" gehad het.[21] Saam met generaal Pienaar was sy vrou en ses seuns; kommandant P.S. Naudé, sy vrou en twee seuns; sersant G.C.P. Brink en adjudant F. Eksteen.[22] Generaal Pienaar en sy geselskap, 'n totaal van veertien mense, is soos helde ontvang en behandel en het in Tomar gebly totdat hulle na die vredesluiting in 1902 gerepatrieer is.[23] Vandag is slegs vier van die sewe kloostergange vir besoekers toeganklik, maar verlof om die destydse woonkwartiere van die boere te besigtig, kan wel by die aangrensende Kloosterkollege verkry word.

**Abrantes**

Abrantes is 'n mooi stadjie in die distrik Santarem in die sentrale gedeelte van Portugal ongeveer 150 kilometer noordoos van Lissabon. Hierdie stadjie, gebou op 'n heuwel hoog bo die regteroewer van die Taagrivier, was 'n strategiese punt gedurende die Moorse aanval in 1179, maar ook tydens die Napoleontiese Oorloë toe die Franse generaal Andoche Junot Abrantes in 1807 verower het en deur 'n dankbare Napoleon tot Hertog van Abrantes verklaar is. Slegs twee jaar later, in 1809, het generaal-majoor sir Arthur Wellesley (die latere Hertog van Wellington) daarin geslaag om Abrantes te beset en sy hoofkwartier te maak.[24]

Baie van Abrantes se strate is nog op eg Portugese manier geplavei, met aan weerskante die fraai huisies met hulle balkonnetjies met smeedysterwerk. In een van hierdie strate, Rua Actor Taborde, naby die Kapel van die Heilige Anna (Capela de Sant' Ana), het kommandant H.P. Mostert, sy twee adjudante en nog twee burgers hulle interneringstyd deurgebring. Die naam van die gebou waarin hulle gebly het, is die Huis van Hoop (Casa da Esperança).[25] Dis 'n eenvoudige drieverdiepinggebou, met 'n treffende hoofingang, waarin enkele monnike gewoon het. Die ongelooflike ver uitsig na alle kante vanuit hierdie gebou moes Mostert en sy geselskap ongetwyfeld sterk aan die uitgestrekte vlaktes van hulle vaderland herinner het.

**Alcobaça**

Ongeveer 108 kilometer noord van Lissabon, op die hoofroete na Oporto by die samevloeiing van die Alcoa- en Baçarivier, is die dorp Alcobaça in die distrik Leiria geleë.[26] Die dorp en die omgewing se ontwikkeling staan in direkte verband met die Klooster wat die middelpunt van die dorp vorm en hoofsaaklik vir die landboukundige en kulturele ontwikkeling van die streek verantwoordelik was.[27]

Grond vir die oprigting van die Klooster is deur Afonso Henriques, die eerste koning van Portugal, aan Bernard de Clairvause, wie se voorsate van Boergondië gekom het, geskenk, waarskynlik uit dankbaarheid vir sy militêre suksesse teen die More. Teen die middel van die twaalfde eeu het 'n groep Franse Cisterciënse monnike hulle op Alcobaça gevestig en teen ongeveer 1153 met die bou van die Klooster begin. Die bouwerk aan die Koninklike Abdy van Santa Maria van Alcobaça (Real Abadia de Santa Maria de Alcobaça), die grootste Cisterciënse klooster in die Iberiese Skiereiland, is in 1222 voltooi.[28] Die Klooster het vinnig uitgebrei en in 1580 was daar reeds nagenoeg 'n duisend monnil van wie gesê is dat hulle besondere smulpape was. Die glorie en mag van die Klooster het teen die einde van die sesdiende eeu begin taan en in 1810 is die



**Die Kapel van die Heilige Anna en daarnaas die Huis van Hoop, Abrantes, waar kmdt. H.P. Mostert en sy manne gewoon het.** **Foto: O.J.O. Ferreira**




**Die Koninklike Abdy van Santa Maria, Alcobaca.** **Foto: Estelle Maré**

gebou erg beskadig toe die Franse troepe 'n plunderveldtog in Alcobaça onderneem het. In 1834 is die Klooster van Alcobaça gesluit.[29]

Die fasade van die Klooster, ongeveer 240 meter lank, was nie 'n deel van die oorspronklike gebou nie, maar is in die sewentiende eeu deur die Italiaanse monnik João Turriano ontwerp en onder sy leiding aangehou. Agter die Barokfasade en -ingang vind ons die grootste kerk in Portugal, met 'n enorme lengte van 109 meter en twee rye van dertien heuningkleurige suile elk waarop die 20 meter hoë dak rus. Die skoonheid van die Gotiese interieur is in die byna volmaakte verhoudings van die vleuels en suile van die gebou geleë, asook in die afwesigheid van enige oorbodige versierings. Daar is 'n strengheid en askese in die struktuur van die kerk wat die besoeker aangryp. Benewens die kerk, bestaan die kloostergebou vanselfsprekend onder meer uit slaapsale vir die monnike, kloostergange, 'n kapittelhuis, 'n noviaatsaal, 'n eetsaal, kombuis, ensovoorts.[30]

Wat die besoekers aan die Klooster van Alcobaça waarskynlik die meeste aangryp, is die grafte van koning Pedro, wat van 1357 tot 1367 geregeer het, en sy geliefde Inês de Castro. As kroonprins is Pedro in 1336 met Constanza van Kastilië getroud, maar hy het op haar hofdame, Inês, verlief geraak en by haar buite-egtelike kinders verwek. Nadat Constanza in 1345 tydens die geboorte van 'n kind gesterf het, het Pedro in die geheim met Inês in die huwelik getree omdat so 'n huwelik nie die goedkeuring van sy vader weggedra het nie. In 1355 is Inês in opdrag van Pedro se vader deur drie edelmanne vermoor. Twee jaar later het Pedro die troon bestyg, twee van die moordenaars van sy geliefde laat teregstel — die ander een het gevlug — en daarna die lyk van Inês laat opgraaf. Haar stoflike oorskot is in koninklike klere geklee en met 'n kroon op haar hoof is sy op die troon langs Pedro geplaas. Pedro het sy onderdane beveel om in rye voor haar verby te loop en haar vleeslose hand te soen. Met 'n grieselrige fakkeloptog is Inês se stoflike oorskot die 103 kilometer van Coimbra na Alcobaça gedra en daar in die kloosterkerk in 'n ryklik versierde Gotiese sarkofaag ter ruste gelê. Ook Pedro is na sy dood in die kerk begrawe met sy voete in die rigting van Inês se voete sodat hy op die opstandingsdag direk in sy geliefde se gesig sal vaskyk. Op albei sarkofae verskyn die woorde: 'Até do fim do




**Die gedeelte van die Klooster van Alcobaca waarin die Boeregeïnterneerdes gehuisves was.** **Foto: Estelle Maré**

mundo" (Tot aan die einde van die wêreld).[31] Onwillekeurig wonder 'n mens wat die Boeregeïnterneerdes van hierdie grusame, maar tegelykertyd romantiese brok Portugese geskiedenis gedink het.

In die Klooster van Alcobaça is 273 manlike Boeregeïnterneerdes gehuisves.[32] Hulle het hulle intrek in die agterste gedeelte van die kompleks, wat as die "Quartette" bekend gestaan het, geneem.[33] Die meeste Boere het in gewone kloosterslaapsale geslaap, maar 'n groot aantal het ook in die lokaal geslaap wat vroeër die kloosterbiblioteek was. Dit was juis in hierdie kloosterbiblioteek waar Prins Hendrik die Seevaarder in die vyftiende eeu manuskripte bestudeer het met die oog op die uitbreiding van sy kennis van die seevaart en geografie.[34] Vandag is die "Quartette" 'n inrigting vir seniele ou mans en word die eertydse kloosterbiblioteek as handvaardigheidsentrum vir hulle gebruik.


Die leier van die Boere in Alcobaça was kommandant N.J. Grobler,[35] 'n streng Gereformeerde Afrikaner. Hoewel die Boeregeïnterneerdes vryelik in Alcobaça en die omgewing kon rondbeweeg en ook van hierdie voorreg gebruik gemaak en dit geniet het, het kommandant Grobler anders oor die saak gevoel. Aan sy vrou het hy geskryf: ". . . ik zal hier zoo lang ik leef nooit tuis wordt. Ik gaan zelde en ooit buiten kant, alles gaan mij tegen, o hier is zoo veel verlijdelijkheeden van aller lij aard, hier kan men ziet wat de wereld doen kan met zijne begeerlijkheden, o, de Heere beware ons in die vreemde land . . ."[36]



**Die Kloosterbiblioteek, Alcobaça, wat vir die Boeregeïnterneerdes as slaapsaal ingerig is.** **Foto: Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria**

### Caldas da Rainha


Caldas da Rainha, in die distrik Leiria, lê ongeveer 96 kilometer noord van Lissabon. Die dorp het sy ontstaan aan koningin Leonor te danke en die pleknaam beteken "Die Koningin se Warmwaterbad". In 1484 was Leonor, eggenote van koning João II, onderweg na Batalha om 'n begrafnisseremonie vir haar oorlede skoonvader, Afonso V, by te woon. Langs die pad het sy Portugese boeremense gesien wat in onwelriekende, stomende poele water gebaai het. Belangstellend het sy gevra waarom hulle dit doen en is sy meegedeel dat hulle hul rumatiek daardeur genees. Omdat sy self 'n rumatieklyer was, het sy dadelik hulle voorbeeld gevolg en verligting van haar pyne gekry. So dankbaar was Leonor dat sy in 1485 van haar kroonjuwele en kant verkoop het om geld in te samel om 'n hospitaal op die plek te bou. Sy het verder besluit om self hierdie hospitaal te bestuur en het opdrag gegee dat 'n kerk langs die hospitaal gebou en 'n groot park daar naby uitgelê moes word. Die oorspronklike hospitaal is in 1892 deur 'n nuwe gebou vervang, terwyl 'n indrukwekkende militêre barakke enkele jare later in die park opgerig is. Caldas da Rainha is vandag nog wêreldwyd bekend vir sy warmbronhospitaal, maar plaaslik ook vanweë sy bedrywige mark en (on)aantreklike keramiek.[27]




**Kmdt. N.J. Grobler (met kruisie aangedui) en ander Boeregeïnterneerdes in die kloostertuin, Alcobaça. Saam met hulle is enkele Portugese offisiere in uniform.** **Foto: Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria**

Aanvanklik was die Portugese owerheid van voorneme om 89 burgers, 56 vroue en 172 kinders wat uit Mosambiek in Lissabon aangekom het in Sagres, die plek in die suidwestelike hoek van Portugal waar Prins Hendrik die seevaarder sy seevaartskool gehad het, te interneer. Om praktiese redes is hierdie voorneme gewysig en is dié groep na Caldas da Rainha geneem.[38]. Hulle is per trein van Lissabon tot op die stasie van Caldas da Rainha vervoer en daarvandaan per perdekarre na hulle blyplekke geneem. Langs die strate was dit gepak van die Portugese; sommiges het gehuil en ander het blomme na die Boere gegooi om hulle simpatie te betuig.[39]

Uiteindelik sou daar 351 Boeregeïnterneerdes in Caldas da Rainha gehuisves word. Van hulle was 201 mans en seuns en 150 vroue en dogters. Die leiers van hierdie geïnterneerdes was kommandante W.J. Geerling, P.T. de Kock, J.S. Marais en A. v.d. L de Villiers.[40]. Die Boere-offisiere en -onderoffisiere is in die Warmbronhospitaal gehuisves en wel in sale met die name Santa Isabel, Santa Antonia en San José — name wat vandag nog gebruik word. Die ander Boeregeïnter-



**Die Warmbadhospitaal, Caldas da Rainha, waarin geïnterneerde Boere-offisiere gehuisves is.** **Foto: Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria**



**Die Militêre Barakke, Caldas da Rainha, waarin geïnterneerde Boeregesinne gehuisves is.** **Foto: Estelle Maré**

neerdes is in groot sale van die pas voltooide militêre barakke vlakby die hospitaal geplaas. Die sale was ingerig met rye beddens soos in 'n hospitaal en 'n moeder en haar kinders se beddens was langs mekaar. Die mans was almal bymekaar in ander sale gehuisves.[41]


Vir 'n hele tyd lank was almal so in groot sale saamgehok, totdat hulle herhaalde versoeke vrugte afgewerp het en die Portugese owerheid die Boeregeïnterneerdes wat dit wou doen en kon bekostig, toegelaat het om vir hulle huisies in die dorp te huur. Wat kosrantsoene betref, is hulle egter nie bo diegene wat in die sale agtergebly het bevoordeel nie. Baie gesinne het van hierdie vergunning gebruik gemaak en dit het ook verligting gebring vir dié wat dit nie kon bekostig nie, want nou was daar meer ruimte in die sale en kon hulle van plank en ongebleikte linne afskortings maak sodat elke familie tog 'n mate van privaatheid kon geniet.[42]

Die Warmbronhospitaal is vandag nog steeds 'n toevlugsoord vir Portugese wat aan rumatiese en ander siektes ly, terwyl die eertydse militêre barakke vandag as Onderwyskollege van Caldas da Rainha benut word, terwyl die plaaslike tak van die biblioteek van die Gulbenkian-stigting in een vleuel van dieselfde gebou gehuisves word.


## Peniche

Peniche, in die distrik Leiria, lê sowat 96 kilometer noordwes van Lissabon en is een van Portugal se belangrikste vissershawens. Die dorp is op 'n skiereiland geleë wat tydens hoogwater 'n eiland word. Die skiereiland is besonder rotsagtig en by Kaap Carvoeiro het die branders fantastiese rotsformasies uitgekalwe. Die skiereiland word reeds sedert prehistoriese tye bewoon en was veral gedurende die Romeinse tydperk 'n strategiese punt. Benewens die inmaak van sardiens, is Peniche ook bekend vir die kloskant wat deur die vroue gemaak word.[43]

Die opvallendste boustruktuur in Peniche is die Fort (Fortaleza), wat in die sestiende eeu onder leiding van Filippo Terzi gebou is. Tydens die bewind van koning João IV (1640-1656) is die oorspronklike fort vergroot en versterk deur die toevoeging van bastions en mure, sodat dit een van die sterkste Portugese seevestings geword het. Met sy onvernietigbare hoë mure en skerphoekige bastions met hulle uitkyktorings waak hierdie fort trots oor die hawe van Peniche en die see aan die suidekant. Maar die fort is nie altyd as vesting gebruik nie; so is dit tydens die diktatuur van Antonio de Olivera Salazar van 1932 tot 1968 as 'n tronk vir politieke gevangenes gebruik. Selfs na Salazar se uittrede is die fort steeds as 'n staatsgevangenis gebruik



**Die Fort, Peniche.** **Foto: Estelle Maré**



**Hoofingang van die Fort, Peniche.** **Foto: Estelle Maré**

totdat die voormalige Portugese oorsese provinsies, Angola en Mosambiek, in 1975 onafhanklik geword en duisende Portugese burgers uit hierdie gebiede na Portugal gevlug het.[44]

Hierdie vlugtelinge is op verskeie plekke in Portugal gehuisves — onder meer in die Fortaleza van Peniche. Teen die einde van 1983 het die vlugtelinge wat in die fort 'n heenkome gevind het, opdrag gekry om elders huisvesting te soek omdat die fort binnekort as 'n museum ingerig sal word.

In die Fortaleza op Peniche is daar aan 337 Boeregeïnterneerdes huisvesting verskaf. Daarbenewens het twee Kleurlinge en 'n Swartman wat saam met die Boere na Portugal gestuur is ook hier onderdak gevind, wat die totale aantal geïnterneerdes in die fort op 340 te staan bring. In hulle geledere was daar ook 'n hele aantal polisiemanne van die Zuid-Afrikaansche Republiek wat noodgedwonge die Mosambiekse grens oorgesteek het. Die leier van die Boeregeïnterneerdes in Peniche was kommandant G.A. de Villiers. Soos op ander plekke, kon die Boere daagliks vryelik in die dorpie en die omgewing rondbeweeg, maar hulle moes op gesette tye by die Portugese polisie aanmeld en is saans in die fort toegesluit.[45]

**Oeiras**

Ongeveer 19 kilometer wes van en in die distrik Lissabon lê die mooi dorp Oeiras, met sy tuinvoorkoms en goeie strande.[46]

Net buite die dorp, langs een van die strande is die Fort de São Julião da Barra geleë. Soos in Peniche, was Filippo Terzi ook vir die ontwerp en oprigting van hierdie fort verantwoordelik en wel tydens die bewind van koning Filipe II, wat van 1598 tot 1621 geregeer het. Die magtige silhoeët van die Fort de São Julião da Barra vertoon dan ook vele ooreenkomste met dié van die Fortaleza van Peniche en bewys dat vestingsbou nie noodwendig onaantreklik en lomp hoef te wees nie.[47] Hierdie fort word vandag as aanhoudingsplek vir politieke gevangenes gebruik en is gevolglik nie vir besoekers toeganklik nie.

Fort de São Julião da Barra was die plek waar die wederstrewige en wetsoortredende Boeregeïnterneerdes aangehou is. Hulle getalle het vanselfsprekend gedurig gewissel, maar ons weet dat daar by drie afsonderlike sensusopnames onderskei-



**Fort de São Julião da Barra, Oeiras.** **Foto: O.J.O. Ferreira**

delik 13, 24 en 44 geïnterneerdes in aanhouding was.[48] In sy verslag oor sy herderlike besoek aan die fort skryf ds. P.B.J. Stofberg onder meer dat hy daarheen is "om een dertiental te gaan zien, die daar door de Portugeezen opgesloten sijn, sommigen wegens wangedrag, anderen omdat zij onwillig waren van Delagoabaai hierheen [na Portugal] te komen. Hun toestand is dus minder aangenaam en zij zuchten achter de groote muren van 't fort."[49]

***

Nadat die Tweede Vryheidsoorlog op 31 Mei 1902 met die ondertekening van die Vrede van Vereeniging tot 'n einde gekom het, het die Britse owerheid besluit om die Boerekrygsgevangenes in oorsese kampe, maar ook die Boeregeïnterneerdes in Portugal te repatrieer. Hoewel die Boere betreklik vry kon rondbeweeg en goed behandel is tydens hulle interneringstyd in Portugal, was dit tog vir hulle 'n vreugdevolle dag toe hulle op 4 Augustus 1902 aan boord van die Britse transportskip *Bavarian* Tafelbaai binnegevaar het. 'n Groep van die gerepatrieerdes is daar ontskeep, terwyl die oorblywendes met dieselfde skip na Port Elizabeth is, waar hulle op 7 Augustus 1902 aangekom het.[50]

Danksy die goeie versorging wat die Boeregeïnterneerdes in Portugal te beurt geval het, is slegs veertien van hulle daar oorlede (dit wil sê 'n sterftesyfer van slegs 1,4%) en in die onderskeie begraafplase begrawe. Vir hulle is in 1913 'n sentrale monument in die Engelse begraafplaas langs die St. George's Kerk in Lissabon onthul. Die monument is deur die Portugese klipkapper, H. Miguel Prazeres, uit Portugese rooimarmer vervaardig en het die vorm van 'n obelisk, ongeveer vyf meter hoog met 'n kruis bekroon. Dis 'n gepaste huldeblyk aan hulle wat in 'n vriendelike, maar vreemde land gesterf en aan 'n vreemde aarde toevertrou is.[51]

**VOETNOTE**


1. Oorlogmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: Aanwins 4508 ''n Kykie in die lewe van ons moeder en ouma Catharina Magdalena de Beer (geb. Vorster)' (Ongepubliseerde manuskrip), pp. 3-5.
2. J. PLOEGER, Die geskiedenis van die gedenkteken te Lissabon ter nagedagtenis aan heengegane Boere-geïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, *Restorica* 10, Desember 1981, p. 29.
3. Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein: Oorlogmuseum-versameling 155/68/2 N.J. Grobler, 'Deposito os Boers' (Ongepubliseerde manuskrip), p.1.
4. Instituut vir Geskiedenisnavorsing, R.G.N., Pretoria: dagboek van O.R. Belling (1.1.1900-30.8.1902) (Ongepubliseerde manuskrip uit Duits vertaal deur dr. O.A. Hesse), p.21.
5. O.J.O. FERREIRA, Eensame monument in die vreemde, *Die Taalgenoot* 40(9), Augustus 1971, p.6; PLOEGER, *op. cit.*, p. 29.
6. A.N. PELZER, Burgergrafte in Lourenço Marques, *Historiese Studies* 8(2), Januarie 1948, p. 101; PLOEGER, *op. cit.*, p. 29.
7. C.A.R. SCHULENBURG, *Sterfgevalle onder Boere-krygsgevangenes van die Anglo-Boere Oorlog 1899-1902* (Ongepubliseerde manuskrip), p. 63; O. ADENDORFF, In Portugal word soms nog Afrikaans gepraat, *Die Huisgenoot* 36(1566), 1952.03.28, p. 30.
8. O.J.O. FERREIRA, *Boeregeïnterneerdes in Portugal* (Ongepubliseerde manuskrip), p. 2.
9. R. MACNAB, *Journey into yesterday* (Kaapstad, 1962), p. 23.
10. SCHULENBURG, *op. cit.*, p. 31.
11. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: S.O./P.O.W. 81 Prisoners of war in Portugal.
12. ADENDORFF, *op cit.*, p. 31.
13. H.P. VAN STRATEN, *Saam verban* (Stellenbosch, 1940), p. 80.
14. *De Kerkbode* 20 (48), 1903.11.26, pp. 583-584.
15. G.M. GRAHAM en A. ISRAEL, *Portugal — land of sunshine* (Lissabon, 1971), p. 121.
16. *Loc. cit.;* R. RASQUILHO, *Portugal* (Genève, 1938), p. 40.
17. F. TUOHY, *Portugal* (Londen, 1970), pp. 153-154; GRAHAM en ISRAEL, *op. cit.*, p. 121.
18. TUOHY, *op. cit.*, pp. 154-155; GRAHAM en ISRAEL, *op cit.*, p. 121.
19. TUOHY, *op cit.*, p. 154.
20. V.C. WOOD, Ons en Portugal, *Lantern* 14(3), Maart 1965, p. 102.
21. Vgl. die grondplan van die Klooster in H. STRELOCKE, *Portugal* (Keulen, 1983), p. 229.
22. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: S.O./P.O.W. 81 Prisoners of war in Portugal; ADENDORFF, *op. cit.*, p. 31.
23. E. WILLIAMS-FOXCROFT, Byna 'n James Bond vir die Boere, *Lantern* 19(2), Desember 1969, p. 81.
24. GRAHAM en ISRAEL, *op. cit.*, p. 99; RASQUILHO, *op. cit.*, p. 38; S. LOWNDES, *Travellers' guide to Portugal* (Londen, 1982), p. 89.
25. ADENDORFF, *op. cit.*, p. 30; WOOD, *op. cit.*, p. 103.
26. GRAHAM en ISRAEL, *op. cit.*, p. 98.
27. RASQUILHO, *op. cit.*, p. 34.
28. A FINK, *Portugal* (New York, 1967), p. 37; RASQUILHO, *op. cit.*, p. 34; TUOHY, *op. cit.*, p. 91.
29. C.V. da S. BARROS, *Four altars to the Virgin* (Lissabon, 1978), p. 48; GRAHAM en ISRAEL, *op. cit.*, pp. 98-99; TUOHY, *op cit.*, pp. 91-93.
30. BARROS, *op. cit.*, p. 47; FINK, *op. cit.*, p. 37; LOWNDES, *op. cit.*, p. 82; RASQUILHO, *op. cit.*, p. 34; TUOHY, *op. cit.*, p. 91.
31. ANDRÉ P. BRINK, *Fado: 'n reis deur Noord-Portugal* (Kaapstad, 1970), pp. 69-70; GRAHAM en ISRAEL, *op. cit.*, p. 98.
32. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: S.O./P.O.W. 81 Prisoners of war in Portugal.
33. B.H.J. VAN RENSBURG, Ballingskap in Portugal, *Die Volksblad*, 1935.08.03.
34. BARROS, *op. cit.*, p. 48; MACNAB, *op. cit.*, p. 23; WOOD, *op. cit.*, p. 103.
35. ANGLO-BOER WAR PHILATELIC SOCIETY, *The Anglo-Boer War 1899-1902: Philately of the Boer and British prisoner of war camps, part B: Prisoner of war camps overseas (S.P., ca. 1976), p. 66.*
36. *Instituut vir Geskiedenisnavorsing, R.G.N., Pretoria: G//BP. 10 N.J. Grobler — Mev. S.H.F. Grobler, 1902.05.23.*
37. *O.J.O. FERREIRA, Boeregeïnterneerdes in Portugal,* p. 4; Brink, *op. cit.*, p. 66.
38. WOOD, *op. cit.*, pp. 102-103.
39. Oorlogmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: Aanwins 4508 ''n Kykie in die lewe van ons moeder en ouma Catharina Magdalena de Beer (geb. Vorster)', p. 7; VAN STRATEN, *op. cit.*, p. 80.
40. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: S.O./P.O.W. 81 Prisoners of War in Portugal.
41. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: Aanwins 4508 ''n Kykie in die lewe van ons moeder en ouma Catharina Magdalena de Beer( geb. Vorster)', p. 7; Instituut vir Geskiedenisnavorsing, R.G.N., Pretoria: Dagboek van O.R. Belling, p. 29; VAN STRATEN, *op. cit.*, p. 68; *De Kerkbode* 20(48), 1903.11.26.
42. Instituut vir Geskiedenisnavorsing, R.G.N., Pretoria: dagboek van O.R. Belling, p. 30 en Aanhangsel; VAN STRATEN, *op. cit.*, p. 69; *De Kerkbode* 20(48), 1903.11.26.
43. GRAHAM en ISRAEL, *op. cit.*, p. 119; RASQUILHO, *op. cit.*, p. 37.
44. STRELOCKE, *op. cit.*, p: 213; O.J.O. Ferreira, *Boeregeïnterneerdes in Portugal,* pp. 4-5.
45. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria; S.O./P.O.W. 81 Prisoners of War in Portugal; VAN RENSBURG, *op. cit.;* ANGLO-BOER WAR PHILATELIC SOCIETY, *op. cit.*, p. 66.
46. GRAHAM en ISRAEL, *op. cit.*, p. 80.
47. STRELOCKE, *op. cit.*, p. 129.
48. *De Kerkbode* 20(48), 1903.11.26; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: S.O./P.O.W. 81 Prisoners of War in Portugal; WOOD, *op. cit.*, p. 103.
49. *De Kerkbode* 20(48), 1903.11.26.
50. PLOEGER, *op. cit.*, p. 29.
51. O.J.O. FERREIRA, Eensame monument in die vreemde, *Die Taalgenoot* 40(9), Augustus 1971, pp. 6 en 8; PLOEGER, *op. cit.*, pp. 29-32; SCHULENBURG, *op. cit.*, p. 31.

# The Towers

## Ou gebou suksesvol in kantore omskep

**Mnr. J.M.D. Erasmus**
**Besturende Direkteur, Prestasi**



Sy-aansig van gebou na restourasie.

Prestasi se nuwe hoofkantoorgebou is op 15 Junie vanjaar amptelik deur dr. J.G.H. Loubser geopen. Dit is nie alleenlik 'n mylpaal in die twaalf jaar van die maatskappy se bestaan nie, maar dit is ook die behoud van 'n stukkie argitektoniese erfenis waarvan daar al hoe minder in die Goudstad oorbly.

Die inploffingkonsep wat die afgelope paar jaar al talle historiese geboue binne 'n paar sekondes met die druk van 'n knoppie in puin gelê het, sou ook op die ou Tower Building in Pleinstraat toegepas gewees het as dit nie vir twee belangrike faktore was nie.



The Towers voor restourasie.

Die eerste faktor is die vinnige groei van Prestasi wat as 'n organisasie van mense al hoe meer beweegruimte begin nodig kry om duisende korttermynversekering-polishouers met behulp van sy gesofistikeerde koste-effektiewe toerusting te dien — geen maklike taak nie as 'n mens in gedagte hou dat die prys van kantoorruimte vandag hemelhoog is. Dikwels kom dié geboue in die plek van ou afgeleefde, maar nogtans waardige geboue wat te duur geword het om staande te hou teen die aanslag van staal, glas en beton.

Die tweede faktor is besparing weens versigtige maar tog moderne kapitaalbesteding asook die behoud van ou beproefde waardes. Die nuwe ou Tower Building, soos hy vandag daar staan, is 'n samevoeging van ou en nuwe deugde.

Deur die fasade van die gebou op te knap en daaragter nuwe moderne kantore te bou, het R5,5 miljoen gekos. Die fasade was, uit 'n ingenieursoogpunt, stewig en goed gekonstruktureer. Daar is besluit om 60% van die binnekant van die gebou te

sloop en dit te omskep in moderne winkels en kantoorruimte van hoë gehalte. Die grondverdieping van die gebou word aan verskeie ander sakeondernemings, onder andere 'n restouranthouer, verhuur. Die pilare wat die fasade in die binnekant versterk, beslaan 15% verhuurbare kantoorruimte waarop die eienaar geregtig sou wees indien 'n nuwe, moderne gebou opgerig was. **Die besluit om die gebou vir die nageslag te bewaar, het die eienaar, indien die gebou gesloop sou word en 'n nuwe opgerig word, R1 miljoen bespaar aangesien 'n nuwe gebou R6,6 miljoen sou kos.**

Die ou gebou was toegewikkel in sinkplaat en in 'n stofwolk vir ongeveer twee jaar omhul terwyl die verjongingsproses aan die gang was. Teen April 1984 kon die gebou uiteindelik betrek word.

Tower Building is in 1930 voltooi en het sy naam ontleen aan 'n telefoontoring wat as sentrale vir die telefoondiens deur die Zuid-Afrikaansche Republiek se Regering in 1894 opgerig is. Die destyds oop gedeelte grond tussen Eloff- en Rissikstraat is as ideale ligging vir hierdie sentrale beskou.

Tower Building het 'n parkuitsig gehad wat destyds as ideale ligging vir 'n prestige woonstel beskou was. Dus was dit 'n gesogte woonplek vir die stadselite van die twintiger en vroeë dertigerjare! Die park is vandag nog daar, maar ongelukkig is die geskiedkundige telefoontoring al lank reeds gesloop. Die naam het nogtans bly voortleef.



**Hoofingang voor restourasie.**

The Towers, soos die gebou nou bekend staan, is een van die weinige staande voorbeelde van die Neo-Barokboustyl in Johannesburg — moontlik kan dit as die vroegste voorbeelde van Art Deco beskou word. Die outydse klein houtraamvensters, die ondersteunende pilare op die grondvlak, die aaneenlopende bandpatroon op die derde vlak, die Romeo en Juliet-balkonne en die gerustikeerde hoeke met hul dekoratiewe, geometriese karakter verleen steeds 'n bekoorlikheid en grasie eie aan historiese geboue — voorwaar 'n argitektoniese erfenis.

Die gebou is luisterryk op 15 Junie 1984 deur dr. J.G.H. Loubser, voormalige hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, geopen. Mnr. Nigel Mandy, voorsitter van die Vereniging vir die Sentrale Sakedeel, het by dié geleentheid hulde gebring en sy waardering betuig vir die omskepping van 'n ou, verwaarloosde gebou in 'n gebou waarop Johannesburg met reg trots kan wees. Die gedenkplaat wat by die ingang na die gebou aangebring gaan word en wat tydens die amptelike opening deur dr. Loubser onthul is, is aan die werkerskorps van Suid-Afrika opgedra. Die bewoording is in Afrikaans, Engels en Zulu en lees soos volg:

RESTOURASIE VAN THE TOWERS

Deur Prestasi aan die werkerskorps van ons land opgedra ter erkenning van hul bydrae tot 'n bestendige en ekonomies vooruitstrewende Suid-Afrika.

Amptelik geopen deur dr. J.G.H. Loubser.

15 Junie 1984.

RESTORATION OF THE TOWERS

Dedicated to the labour force of South Africa by Prestasi in recognition of their contribution towards a stable and economically prosperous country.

Officially opened by Dr. J.G.H. Loubser.

15 June 1984

UKwenziwa ngcono kwe-The Towers

Inikezelwe kumnyango wezisebenzi zezwe lakithi ngokubonakalisa umnikelo wabo eNingizimu-Afrika ezinzile nechichimayo

Ivulwe ngokomthetho ngudkt J.G.H. Loubser

15 uJuni 1984

# Briewe

## Was die Kaapse huise wit en groen?

Ek is bly u het Gerhard Froneman se artikel oor Graaff-Reinet geplaas (*Restorica* 16), want mnr. Froneman raak 'n punt aan waaroor ek reeds geruime tyd bekommerd voel. Hy meld, naamlik, dat dit tans "... 'n besoek aan Graaff-Reinet werd (is) om te sien hoe baie geboue gerestoureer word tot hulle jeugglorie van *haelwit mure en groen luike.*"

Tydens twee besoeke aan Graaff-Reinet (een gedurende Maart 1984 en die ander gedurende April) was ek juis verbaas oor die verblindende wit mure en groen houtwerk (dit het ietwat aan Stellenbosch herinner) waarin die gerestoureerde fasades byna deurgaans geverf is, aangesien ek nog altyd onder die indruk verkeer het dat die Karoostylhuis nie noodwendig wit (en groen) was nie. Tewens, op die eerste en laaste bladsye van 'n brosjure wat deur die Stigting Red Reinet self uitgegee word, verskyn onderskeidelik twee "ou" foto's van Graaff-Reinet wat duidelik toon dat die geboue in 'n verskeidenheid skakerings geverf was en dat daar selfs 'n aantal geboue was wat besonder donker vertoon het. Baie geboue toon ook venster- en deuropeninge wat in 'n kontrasterende skakering omraam is. Aangesien my verwysingsraamwerk hoofsaaklik tot Transvaal beperk is, kan ek ook meld dat die deeglike navorsingswerk wat met die restourasie van die Goetz-Fleischackhuis op Potchefstroom gepaard gegaan het, getoon het dat daardie Karoostylhuis, wat in die 1850s opgerig is, se oorspronklike kleur 'n ligte pienk was. Voorts het 'n kenner van volksboukuns my meegedeel dat dit wil voorkom asof dit in die vorige eeu gebruiklik was om staandakhuise wit te verf, terwyl die platdakhuise, waarvan daar so 'n groot aantal op Graaff-Reinet is, in 'n verskeidenheid kleure geverf is.

Ek wil nie 'n argument op slegs bogemelde twee ongedateerde foto's en gegewens baseer nie, maar wil dit eerder as 'n aanloop tot my eerste vraag gebruik, naamlik, watter beleid ten opsigte van restourasie word op Graaff-Reinet gevolg en, indien 'n beleid wel bestaan, is dit wetenskaplik verantwoordbaar?

Indien die beleid sou bepaal dat alle fasades na hulle oorspronklike voorkoms gerestoureer moet word en dat hulle deurgaans wit en groen geverf moet word ongeag die oorspronklike kleur — nou ja, dan gaan Graaff-Reinet baie van sy sjarmante aangeboude Victoriaanse verandas verloor en sal 'n beeld van die dorp geskep word wat nooit bestaan het nie, bloot omdat al die huise sekerlik nie gelyktydig opgerig is nie. So 'n beleid sou ook meebring dat 'n pragtige huis soos dié geleë te Parkstraat 8 sy erkers en golwende borswering- en stoepmure sal verloor, want hierdie huis het na bewering ook oorspronklik 'n tipiese Karoostylhuisfasade gehad.

Die verwydering van gebou-elemente op Graaff-Reinet bring my by 'n tweede vraag wat gestel moet word, naamlik, tot watter mate word die fasades vóór en tydens die restourasieproses gedokumenteer en waar word hierdie dokumentasie bewaar? Hierdie vraag word uit groot kommer gestel, want baie van die fasades se pleister word verwyder om die posisies en groottes van vroeëre deur- en vensteropeninge te bepaal. Indien behoorlike en volledige dokumentasie nie gedoen word nie, sal 'n magdom inligting oor byvoorbeeld vroeëre verfkleure vir altyd verlore gaan, asook besonderhede oor die strukture wat deur die huidige restoureerders ontbloot word. Die restourasie van Graaff-Reinet se huise bied 'n seldsame geleentheid om navorsingswerk van onskatbare waarde te doen en om ons relatief karige kennis oor ons argitektuurgeskiedenis aansienlik uit te brei. Word hierdie geleentheid benut of word beskikbare inligting eerder vernietig?

Graaff-Reinet is nie net die juweel van die Karoo nie, maar 'n nasionale juweel. Dit word bevestig deur die feit dat letterlik honderde huisfasades onlangs tot nasionale gedenkwaardighede verklaar is. Indien bevredigende antwoorde op bogemelde vrae nie verskaf kan word nie, sou dit beteken dat die juweel gevaar loop om uit Suid-Afrika se reeds beskeie bewaringskroon te val.

**C.F. van R. Zietsman**
**Pretoria**

## Standbeeld vir pres. F.W. Reitz

In 1985 is die jaar van die herdenking van die Vrystaatse Republiek (1854-1900) en die inwyding van die Ou Presidensie ná die restourasie daarvan. Dit sal 'n groot feesgeleentheid wees. Maar ons wil ook 'n blywende herinnering aan die feesjaar skep.

Wat is dit? Voor die Ou Goewermentsgebou staan die standbeeld van pres. J.H. Brand, die "vader des volks" met sy beroemde gevleuelde woorde: "Alles sal regkom." Voor die Universiteit van die Oranje-Vrystaat sien ons die standbeeld van president M.T. Steyn, die laaste president van die Vrystaat. Één standbeeld ontbreek in die straat van die presidente en generaals — pres. Brandstraat: die beeld van president F.W. Reitz. Saam met pres. Brand en pres. Steyn het hy gebou aan die "Modelrepubliek", maar hy is nog nie erken deur sy land en volk nie.

Hy het die langste in die Ou Presidensie gewoon: hy was 'n fyn kultuurmens; hy was 'n digter (die eerste *Afrikaanse* digter); hy het 'n letterkundige vereniging met sy eie tydskrif (*O.F.S. Monthly Magazine*; tweetalig) in die lewe geroep; die Nationale Museum, gestig in 1877, was sy skepping. In 1890 bring hy die Spoorweg na die Vrystaat.

Pres. Reitz verdien 'n standbeeld. Laat ons dit in die feesjaar aan hom gee en 'n ereskuld betaal. Ons plaas sy standbeeld voor die Ou Presidensie.

'n Jong beeldhouer wat reeds gepresteer het, sal die beeld


vervaardig: Pieter Lategan. Die koste sal ongeveer R60 000 wees — gietkoste is vandag baie duur.

Ons doen 'n beroep op die Vrystaters, op die feesgangers, op Suid-Afrikaners, om die beeld moontlik te maak. Nie net die Vrystaters nie, want hy het aan die hele land behoort; gebore naby Swellendam, ontvang hy sy onderrig in Kaastad (later ook Londen), praktiseer in Kaapstad as advokaat; vanaf 1889 tot 1895 is hy president van die Vrystaat en gaan dan in 1898 na die Zuid-Afrikaansche Republiek as staatsekretaris; die hele Tweede Vryheidsoorlog is hy op kommando. In 1910 word hy voorsitter van die Senaat en bly dit tot 1920; hy dien in die Senaat tot 1919. In 1934 is hy in Kaapstad oorlede. Drie provinsies was sy tuiste. Ons vra dus almal om finansieel by te dra en sy standbeeld moontlik te maak.

Die Provinsiale Administrasie van die Vrystaat het toegestem dat die Stigting NALN 'n Standbeeldfonds in die lewe mag roep en 'n standbeeld oprig vir 'n geliefde en waardige President: F.W. Reitz.

Stuur u bydrae aan:
**PROF. P.J. NIENABER**
**SEKRETARIS STIGTING NALN**
**PRIVAATSAK X20543**
**BLOEMFONTEIN**
**9300**

**P.J. Nienaber**
**SEKRETARIS STIGTING NALN**



**Pres F W Reitz**

# DASSE

Lede word daaraan herinner dat die Stigting se dasse teen R12 elk, plus R1 posgeld beskikbaar is. Indien u nog nie een bestel het nie, doen dit so gou moontlik deur te skryf aan Posbus 1743, Pretoria.

## DETACHED KITCHEN

In the article by Dr D Radford on the detached kitchen (Restorica 16) fig 14 was repeated as fig 15. Fig 15 is therefore reproduced in this issue.






**Fig. 15: First floor plan of flats, Grey Street, Durban, 1926, J.J. Lubke, architect. Original drawing at School of Architecture, University of Natal.**



# Boeke

## Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis/South African Journal of Cultural History

**Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis. Nommers 1 en 2, Jaargang 1, 1984. R2,00 (eksklusief).**

Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis het in 1982 tot stand gekom. Met die verskyning van die eerste twee nommers van die vaktydskrif van die Vereniging in 1984 is nog 'n mylpaal in die beoefening van Kultuurgeskiedenis as wetenskap bereik.

Die enorme terrein van die kultuurgeskiedenis word duidelik weerspieël in die wye verskeidenheid onderwerpe wat in die eerste nommers gedek word: kultuurfilosofie, argitektuur, huisinrigting, beeldhoukuns, straatnaamgewing, siekte en genesing, ensovoorts.

Daar word heel gepas baie klem op die filosofiese en metodologiese aspekte van kultuurgeskiedenis gelê, byvoorbeeld kultuurgeskiedenis as wetenskap (P.G. Nel, O.J.O. Ferreira); die filosofie van Jan Romein (Maria Hugo); volkskundige navorsing (P.W. Grobbelaar) en die metodologie van kultuurhistoriese navorsing (W. Aukema). O.J.O. Ferreira se bydrae "Verbeelding in Kultuurgeskiedenisskrywing (no. 2) verdien hier spesiale vermelding vir sy wetenskaplike benadering tot die erkenning van die artistieke element in kultuurgeskiedenisskrywing.

Aspekte van die argitektuur en huisinrigting wat aandag geniet is: kerkargitektuur (Werner van der Merwe) die Suid-Afrikaanse ambassadeurswoning in Den Haag (T.B. van der Walt); die interaksie tussen kultuur en argitektuur (Estelle A. Maré); Victoriaanse interieurs (Retha de Wet); Regency-stoele (P.W. Grobbelaar) en gebruike van die kokerboom (Gré van der Waal-Braaksma). Laasgenoemde se werk oor versieringsmotiewe en simboliek in die volkskuns (no. 2) getuig van insig en deeglike navorsing.

Met "Antjie Scheepers: onverskrokke pionier" (no. 2) en "Medicine at the Cape in the 17th and 18th centuries" (no. 1) bewys dr. Celestine Pretorius hoeveel stof daar uit die relatief min dokumentêre bronne tot die Suid-Afrikaanse Kultuurhistorikus se beskikking, te haal is.

Die redaksie verdien lof vir tegniese versorging van die blad. Die gehalte van die fotografie is egter dikwels amateuragtig en dit is duidelik dat baie kultuurhistorici, ten spyte van hul ander deugsaamhede, nog nie die wêreld van die moderne tegnologie bemeester het nie. Dit sou onregverdig wees om die Tydskrif op sy baadjie te takseer, maar die keuse van 'n ossewa op die voorblad kan moontlik verkeerdelik die indruk skep dat die blad slegs te make het met die Boerekultuur.

**Magda Olivier**

## Almanach Der Africaansche Landbouwers en Hoveniers. Suid-Afrikaanse Biblioteek. Algemene reeks, nommer 4, 1984. 37 bladsye. R4,50.

Vanjaar se publikasie uit bogenoemde reeks bestaan uit 'n transkripsie en vertaling van 'n agtiende eeuse manuskrip wat in die Von Dessen-versameling aangetref word. Dit is waarskynlik gebaseer op die *Caepsen Hoveniers Almanach* van Jan van Riebeeck. Die oorspronklike van laasgenoemde het ongelukkig verlore gegaan.

Onder die verskillende maande van die jaar bevat dit inligting vir die landbouer aan die Kaap. Dit is egter ook deurspek met vele boererate. So word byvoorbeeld beskryf hoe om die noodlottige uitwerking van 'n skerpioensteek te besweer deur onder andere die ongedierte op die wond dood te vryf en te vermorsel. Daarenteen kan 'n persoon wat kortasem is, genees word deur 'n teelepel gedroogde otterlewer met bier of wyn te neem. Afgesien daarvan dat die boekie vir die persoon wat 'n insig wil verkry van die denkwyse van die agtiende eeuse Kapenaar van veel waarde sal wees en desnoods ook deur die kultuurhistorikus benut sou kan word, is die doodgewone geniet daarvan 'n heerlike ervaring. Soos meermale selfs in die amptelike Nederlandse dokumente uit die agtiende eeu aangetref word, is dit in die *Hoveniers Almanach* weer eens die Kaapse weer wat tot gevatte beskrywende taal aanleiding gee. 'n Voorbeeld is die Suidoostewind wat onder die instruksies vir Aprilmaand "sijn bulderen" staak, maar in Novembermaand begin om "alleen de meester te speelden".

Die Engelse vertaling is akkuraat en professioneel gedoen en 'n vergelyking daarvan met die oorspronklike teks help meermale selfs die leser wat moderne Nederlands ken om by die betekenis van woorde uit te kom.

Hoewel in sagte omslag, is die werkie keurig versorg en die enkele illustrasies uit *Den Nederlandtsen hovenier* van Johann van der Groen (Amsterdam 1696) was 'n paslike keuse.

Die Onderkomitee vir Publikasies van die Raad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek kan geluk gewens word met 'n uitgawe wat die status van Suid-Afrika se oudste biblioteek waardig is.

**Anton Roux**

# BLOEMSPRUIT EN SY SANDSTEENBRÛE

**Dr. C.J.P. le Roux** Universiteit Vista Bloemfonteinkampus

Tans word beplan om 'n hoë gebou van vyftien miljoen Rand, wat wydsbeen oor 'n gedeelte van Bloemspruit in Bloemfontein sal staan, op te rig. Bouwerk sal na verwagting reeds in April 1985 begin. Aangesien Bloemspruit skaars twee blokke suid van die middestad vebyloop, is dit onvermydelik dat die Spruit met sy pragtige boogbrûe van sandsteen onder skoot sal kom wanneer die stadsentrum hom wil uitstrek. Omdat Bloemspruit, in besonder die ongeveer een kilometerlange gedeelte onder bespreking, nie net nóg 'n gewone spruit is nie, maar wel een met 'n buitengewone aansyn en verlede, is 'n terugblik sekerlik geregverdig.

Die sandsteenbrûe oor Bloemspruit sal in 1985 bykans 80 jaar oud wees. Hulle is in 1904-06 opgerig nadat 'n wolkbreuk die stad op Sondag, 17 Januarie 1904, getref het en die brûe van ysterwerk wat gedurende 1892-94 opgerig is, beskadig het. Hierdie ou brûe van ysterwerk was geleë in Kerk-, Gordon-, Fraser- en Aliwalstraat. Hulle het die smal voetgangersbruggies uit die vroeë dae van die Vrystaatse Republiek vervang.[2] In Harveyweg was 'n drif om die toenemende verkeer te behartig. By die Presidensie (ampswoning van die Vrystaatse Presidente) wat langs die Spruit geleë is, was 'n voetgangersbruggie aangesien President Brandstraat toe nog nie oor die Spruit gestrek het om die Presidensie met die regeringskantore te verbind nie.[3]

### 1. Die Bloemspruitprojek

In die vloedwaters wat daardie Sondag deur Bloemfontein gestroom het, het bykans 60 mense die lewe gelaat, 175 geboue is verwoes en skade ten bedrae van £250 000 is aangerig. Die stadsingenieur, mnr. H.F. Peet, het 'n week later sy verslag oor die kanalisering van die Spruit en die bou van nuwe brûe, by die stadsraad ingedien.[4] Die verslag sou daartoe lei dat die loop van die Spruit wat heen-en-weer geslinger het, drasties verander is om die herhaling van só 'n ramp te verhoed. Die nuwe beplande loop van die Spruit het vanaf die Presidensie reguit ooswaarts gestrek tot by die Spoorwegbrug, ongeveer 'n halfmyl ver, soos reeds gemeld. Die Spruit sou gekanaliseer word tot 'n diepte van tussen sestien en agtien voet, die bodem 75 voet breed en bolangs 100 voet, ten einde in die toekoms in staat te wees om twee maal die volume water wat die stad getref het, te behartig. Ook is voorsiening gemaak vir die bou van twee strate, elk 50 voet breed, weerskante van die Spruit, te wete Peet- en Selbornelaan.[5]

In sy verslag het die stadsingenieur ook vir die konstruksie van ses brûe oor die Spruit voorsiening gemaak. Die brûe sou geleë wees in President Brandstraat, Gordonstraat, Aliwalstraat, Fraserstraat, Kerkstraat en Harveyweg.[6] Hulle was identies — 29½ voet breed, van sandsteen en het oor 'n boog met 'n span van 85 voet beskik. Op daardie tydstip was die brûe die grootste van hulle soort in Suid-Afrika.[7] Die stadsraad van Bloemfontein was aanvanklik voornemens om weer brûe van ysterwerk op te rig, maar op aanbeveling van die luitenant-goewerneur van die Oranje-rivierkolonie (O.V.S.), sir Hamilton J. Goold-Adams, is besluit om die brûe van sandsteen te bou.[8]

Die kontrakteur, Parfitt en Roberts, het ingestem om hulle kontrak wat in 1903 aangegaan is vir die oprigting van 'n staalbrug in President Brandstraat, te kanselleer teen vergoeding van £475 vir gelewerde werk.[9] Die stadsraad het die tender vir £132-10-0 van F.M. Garrett and Company aanvaar vir die verwydering van die ou brûe in Aliwal-, Gordon- en Kerkstraat.[10] Waarskynlik is dié ou brûe aan die Munisipaliteit van Ficksburg teen £400 stuk verkoop.[11]

Die onteiening van die eiendom weerskante van die Spruit sodat die Spruit reguit gemaak kon word, het heelwat bespreking in die pers uitgelok. Veral die vergoeding van die ongeveer 77 oewereienaars was sentraal.[12] Die stadsraad het 'n kommissie, bestaande uit J. Williams, F.M. Jones, H. Scrivenor en W.J.C. Brebner aangestel om die betrokke eiendom te waardeer.[13] W. Ehrlich (onderburgemeester), E.E. Watkeys, F.W. Bolt, B. Levy, J. Hanna, T.F. Torbet en A. Deale is gemagtig om die nodige onteienings- en vergoedingsooreenkomste met die eienaars aan te gaan. 'n Spesiale wet is deur die wetgewende raad van die koloniale regering gemaak om die stadsraad in staat te stel om die eiendom van die oewereienaars te onteien, die eienaars te vergoed, en in die geval van ontevredenheid vir 'n beslissing deur middel van arbitrasie te reël.[4]

Die spesiale komitee het in 1904 35 sittings belê en met 22 eienaars tot ooreenkoms geraak. Teen die einde van 1904 is reeds £42 282 aan vergoeding uitbetaal.[15] Die totale bedrag wat uiteindelik gedurende 1905 uitbetaal is, was £69 602-7-0.[16] 'n Bedrag van £157 000 is deur die stadsraad, met die goedkeuring van die stad se belastingbetalers geleen om te voorsien in die beraamde onteieningskoste van £53 327 en uitgrawings vir die ses brûe wat op £68 673 gestel is. 'n Bykomende £36 000 is geleen om in moontlike toekomstige onteieningskoste te voorsien.[17] Die koloniale regering het 'n lening van £8 000 aan die stadsraad beskikbaar gestel.[18] Uiteindelik sou die werklike uitgawes aan die Bloemspruitprojek, wat die ingenieurswerk aan die kanalisering van die Spruit, die brûe en die onteiening van eiendom ingesluit het, £188 042-0-0 bedra.[19]

Die stadsraad het gedurende die eerste helfte van 1904 die spesifikasies in verband met die uitgrawing en bestrating van die sykante van die Spruit na hulle Londense agent, Davis en Soper, gestuur om daar vir tenders te adverteer. Plaaslik is ook vir tenders gevra. Davis en Soper het aanbeveel dat die Spruitprojek in vyf kontrakte uitgevoer moes word:

1. Aankoop van ysterwerk.
2. Uitgrawings vir Spruit en brûe.
3. Bou van brugpilare.
5. Konstruksie van boogbrûe.[20]

Agt-en-twintig tenders is ontvang. Die hoogste tender ws £101 653 en die laagste £42 320. Die tender van die Transvaal Engineering Company, ook bekend as Pauling Brothers, is aanvaar. Hulle tender van £54 267-5-5 is met elf stemme teen een deur die stadsraad aanvaar.[21] Mnr. W. Peters van die Transvaal Engineering Company wat in Augustus 1904, nog voor

die aanvaarding van die firma se tender, 'n ondersoek ter plaatse uitgevoer het, het hom soos volg oor die Spruit- en brugbouprojek uitgelaat: "it would require a large plant and a considerable amount of capital to complete the work. It is rather a big thing."[22] Die kontrak wat al vyf bogenoemde fases van Spruit- en brugbou ingesluit het, is op 6 Oktober 1904 onderteken en moes binne twaalf maande voltooi word.[23]

## 2. Die kanalisering van Bloemspruit

In Oktober 1904 is begin met die uitvoering van die kontrak. 'n Tekort aan arbeiders en reën het die werk aanvanklik stadig laat vorder. Meer Nie-Blanke arbeiders is plaaslik in diens geneem om die werk te bespoedig.[24] Op 31 Desember 1904 is reeds 39 050 kubieke jaart grond en 317 kubieke jaart rots verwyder.[25]

Aanvanklik is sandsteen vir die bestrating van die Spruitwalle en die bou van die brûe verkry vanaf die Waaihoeksteengroef suid van die stad. In September 1905 het dié steengroef egter ingegee en is die steengroef van mnr. Hagen, wes van die stad, ingespan om in die Spruit- en brugboubehoeftes te voorsien.[26]

Die stadsingenieur het die kontrakteur teen die gevaar van reën en gevolglike oorstromings gewaarsku. In November 1904 was dit reeds nodig om nege uur per dag water uit die Spruit te pomp. Ongeveer 200 000 gallon water is uitgepomp.[27] Die somerreën het in Desember 1904 en in Februarie en Maart 1905 die Spruit- en brugbouprojek verder vertraag.[28] Die stadsingenieur het die kontrakteur in Januarie 1905 gevra om vinniger te werk, veral wat die bestrating van die Spruit se walle betref het.[29] Sy versoek het nie op dowe ore geval nie want tot en met 16 Maart 1905 is 61 380 kubieke jaart grond uit die nuwe loop van die Spruit verwyder. Omdat die gevaar van oorstroming egter steeds aanwesig was, is die tender vir £2 541-14-10 van die kontrakteur, Thomas en Hopkins aanvaar om Bloemspruit te dreineer.[30] Teen die middel van April 1906 was die kanalisering van die Spruit so ver gevorder dat die stadsraad, op versoek van die kontrakteur, die helfte van die retensiegeld, wat £9 180 bedra het, aan die kontrakteur betaal het. Die oorblywende werk aan die Spruit het nie meer as £3 000 bedra nie.[31]

Op 6 Junie 1906 was die kanalisering van Bloemspruit wat die bou van die ses brûe ingesluit het, prakties gesproke afgehandel.[32] In dieselfde maand is 'n begin gemaak met die grawe van die fondament (base course) vir die enkelry gekapte sandsteenblokke op beide walle van die gekanaliseerde Spruit. Die ysterrelings weerskante van die Spruit is op dié basis van sandsteen aangebring. 'n Kontrak is aangegaan met Neil Black vir die lewering van die 6 500 voet gekapte sandsteenblokke, nege duim breed.[33] Die tender van Robert McRae vir £301-17-6 is aanvaar vir die lê van die sandsteenblokke en die aanbring van die sierysterrelings op die sandsteenblokke was as 'n lae borsweringmuur diens moes doen.[34] Die lê van die sandsteenblokke wat as 'n lae borsweringmuurhandel, terwyl die sierysterrelings eers in Februarie 1907 voltooi is.[35] Die sierysterrelings, sowel as die ses elektriese ligte (arc lamps) wat op die brûe aangebring is, is deur middel van die stadsraad se Londense agent, Davis en Soper, uit Engeland bestel. Die beraamde koste van die sierysterrelings was £4 064-10-7.[36] In Maart 1907 is die relings geverf deur T. Braithwaite. Sy tender was £55-10-0.[37] Nou, 80 jaar later, is dié ysterrelings geheel en al verroes en in 'n uiters verwaarloosde toestand. Die ses elektriese ligte, tesame met pale en ander toebehore, het £214 gekos.[38] Die ligte is eers na die voltooiing van die ryvlak van die Kerkstraatbrug in Julie 1906 in werking gestel.[39] Huidiglik beskik slegs nog die Kerkstraatbrug oor vier ligte wat nie in werking is nie. Die Harveywegbrug beskik oor vier pragtige pale, maar is sonder ligte.

Die loopvlak van die Spruit het aanvanklik sy natuurlike staat behou. In 1935 en weer in 1941 het die moontlike bedekking van die loopvlak met beton ter sprake gekom toe die openbare gesondheidskomitee die aandag van die stadsraad gevestig het op die onhigiëniese toestand wat die rommel en afloopwater in die Spruit vir die publiek geskep het.[40] Weens 'n gebrek aan geld is die aangeleentheid telkens op die lange baan geskuif. Daar is beraam dat só 'n projek £5 - 6 000 sou kos.[41] In 1942 het die stadsraad, op aanbeveling van die Sekretaris van Finansies van die destydse Unieregering, besluit om in die lig van die heersende wêreldoorlog, en die feit dat openbare werke van 'n nie-noodsaaklike aard was, die projek vir 'n onbepaalde tyd uit te stel.[2] Eers omstreeks 1967 is die loopvlak van die Spruit met beton bedek.

## 3. Die ses brûe

Die President Brandstraatbrug was die eerste van die ses brûe wat voltooi is — in Maart 1905. Kort op sy hakke, ook in 1905 het die Fraserstraatbrug, die brug in Harveyweg, sowel as die brûe in Aliwal- en Gordonstraat gevolg.[43] Die Kerkstraatbrug is eers in 1906 voltooi.

### 3.1 Die President Brandstraatbrug

Die stadsraad het sedert 1875 gepoog om President Brandstraat deur middel van 'n brug te verleng om straatverbinding met die Presidensie te maak en later ook met Euniceweg te verbind. Voor die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 was die stadsraad finansieel nie daartoe in staat nie, aangesien die projek ook die onteiening aan aangrensende eiendom behels het. Na die oorlog, en met die finansiële bystand van die koloniale regering, was die stadsraad in staat om gevolg te gee aan hulle ideaal.[44]

Die Desemberreëns het bouwerk aan die brug vertraag, ofskoon 292 kubieke jaart gekapte sandsteen teen die einde van Desember 1904 reeds vir die bou van die brug gebreek is.[45] Op aanbeveling van die stadsingenieur het die stadsraad besluit om bykomende steun (backing) in die vorm van 120 kubieke jaart gekapte sandsteen aan die twee ente van die boog in te bou. Dié versterking is ook ingebou by die Gordon- en Fraserstraatbrug. Die stadsraad het onderneem om self die addisionele koste van £2 500 wat dié voorsorgmaatreël meegebring het, te dra.[46] Soos in die geval van die ander vyf brûe, is 59 wigvormig gekapte sandsteenblokke in die twee vooraansigte van elke boog gebruik.[47] Vir die dekstene (copings) van al ses brûe is gekapte sandsteen vanaf Marseilles (naby Ladybrand) gebruik.[48] Die stadsingenieur was by magte om defektiewe dekstene te vervang ten koste van die kontrakteur.[49] Nadat die randstene gelê is, het die kontrakteur, Main and Company, die brug sowel as die res van President Brandstraat van 'n steengruis-



**President Brandstraatbrug met ander brûe in agtergrond.**

laag voorsien. Die steengruis was waarskynlik afkomstig van die steengroef in Happy Valley.[50]

Die sluitsteenlegging van die brug het in Maart 1905 plaasgevind. Twee maande later, op 25 Mei 1905, is die brug vir verkeer oopgestel, vyf dae na die besoek van lord Selborne (hoë kommissaris vir Suid-Afrika) aan Bloemfontein.[51]

Twee sluitstene is gelê tydens die steenleggingseremonie op 22 Maart 1905. Die luitenant-goewerneur van die Oranjeriviérkolonie, sir Hamilton Goold-Adams, en die burgemeester van Bloemfontein, raadslid W.S.H. Reid, het elk 'n sluitsteen gelê.[52] Dit was 'n formele seremonie wat deur 'n paar honderd mense bygewoon is. Die seremonie was kort — binne vyftien minute was dit verby. Die luitenant-goewerneur het verwys na die voordele wat die brug sowel as die ander brûe wat nog in aanbou was, vir die stad ingehou het. Die brûe het die twee gedeeltes van die stad verbind.[53]

In 1927 het die Willows Citizens' Association (die woonbuurt net oorkant die Spruit), die stadsraad versoek om die sandsteenborswerings van die President Brandstraatbrug sowel as dié van die ander brûe te vervang met ysterrelings aangesien die sandsteenborswerings die gesigsveld van verkeer op en naby die brug belemmer het. Die stadsraad het die versoek toegestaan en onderneem om een brug per jaar, teen 'n koste van £180 elk, met ysterrelings to te rus.[54] Waarskynlik vanweë 'n gebrek aan geld, is eers in 1938 'n begin gemaak met die oprigting van smeeysterrelings op die President Brandstraatbrug en ander brûe. Die tender van Faddels Foundry, Bloemfontein, is vir dié doel aanvaar.[55] Tans beskik slegs die President Brandstraat-, Kerkstraat- en Harveywegbrug nog oor hulle oorspronklike relings.

Nog 'n interessante ontwikkeling het in 1930 plaasgevind toe lede van die stadsraad voorgestel het dat die President Brandstraatbrug, soos die Harveywegbrug verbreed moes word.[56] Die stadsingenieur, mnr. W.S. Lunn, het hom soos volg oor die aangeleentheid uitgelaat: "It seems necessary, also, to widen this bridge which carries much traffic."[57] Voordat Euniceweg, soos die President Brandstraatverlenging oorkant die brug geheet het, nie eers reguit gemaak is en 'n sekere gedeelte van die Euniceskoolterrein vir dié doel deur die Provinsiale Administrasie beskikbaar gestel is nie, kon nie met die verbreding van die brug voortgegaan word nie.[58] Samesprekings met die Provinsiale Administrasie in 1930 en in 1934 was suksesvol, maar weens 'n gebrek aan geld is die brug eers in 1938 verbreed.[59] Die koste van die verbreding, wat uit die padboulening van die munisipaliteit gefinansier is, het ongeveer £835 bedra.[60] Die breedte van die brug het nou op 34 voet te staan gekom.



**Fraserstraatbrug met Kerkstraatbrug in agtergrond.**


### 3.2 Die Fraserstraat- en Harveywegbrug

Die Fraserstraatbrug is kort na die President Brandstraatbrug oopgestel vir verkeer, ofskoon in Maart 1905 nog geringe vordering met die bou van die brug gemaak is.[61] In Mei 1905 is 'n aanvang gemaak met die bou van die boog van die brug en teen die middel van Julie 1905 is die brug voltooi.[62] Enkele van die dekstene op die boog van die brug het na ondersoek geblyk defek te wees. Hulle is deur die kontrakteur vervang.[63] Die tender van £272-1-3 van F. Coates and Company is aanvaar vir die gooi van steengruis op die brug en die aanlope.[64] Die ryvlak van die brug is in Januarie 1906 gesteengruis (macadamised).[65]

Die boog van die Harveywegbrug is in Julie 1905 gebou en teen die middel van November 1905 was die steenwerk van die brug voltooi.[66] In Desember is die aanlope en ryvlak van die brug deur die kontrakteur, F. Coates gesteengruis. Ook die randsteen van sandsteen is vroeg in Desember op die brug gelê, waarna die brug oopgestel is vir verkeer.[67] Soos in die geval van die Fraserstraatbrug, is ook in die Harveywegbrug 'n aantal defekte dekstene vervang.[68] Omstreeks 1927 is die ryvlak van die brug teen 'n koste van £2 000 verbreed.[69]

'n Sekere mate van insinking (settlement) is by die noordelike voetstuk van die brug waargeneem.[70] Die insinking kon nie aan swak bouwerk te wyte gewees het nie aangesien stoomtrekkers (Traction Engines) met vragte van tot 50 ton oor al ses brûe gery het. Die voetstukke van die brûe het onder dié geweldige drukking baie stewig vertoon. Trouens, die President Brandstraat- en Fraserstraatbrug wat in November 1905 reeds weke lank sulke swaar verkeer gedra het, het geen teken van insinking getoon nie.[71] Die Londense agent van die stadsraad, Davis en Soper, sowel as twee deskundiges, mnre. Hobson en Wilson, ook van Londen, het waarskynlik die oorsaak van die insinking korrek geïnterpreteer toe hulle verklaar het: "The settlement in the North abutment of the Harvey Road Bridge was caused by the masonry being too fresh . . . they considered the pressure was let on to the abutment too soon."[72]

Ter versterking van die brug is 'n muur, vyftien voet breed, gebou aan die agterkant van die noordelike sandsteenwerk om die boog van die brug daar te ondersteun. Aan die suidelike voet van die boog is vier



**Gordonstraatbrug.**

beton steunmure wat elk tien voet teruggestrek het en vier voet breed was, gebou.[73] Hierbenewens is op aanbeveling van die stadsingenieur ook nog sewe agtvoetlange spoorstawe vertikaal in elke voetstuk van die boog geplaas vir bykomende versterking.[74]

### 3.3 Die Gordon- en Aliwalstraatbrûe

Die boog van die Gordonstraatbrug is in November 1905 voltooi, 'n maand voor die boog van die Aliwalstraatbrug. Die stadsingenieur het soos volg gerapporteer: "The centres (temporary framing to support arch) had been removed from the Gordon Street Bridge. The Arch only settled one and a quarter inches, which goes to show that it was very well built."[75] Soos in die geval van die Harveywegbrug is by die agterkant van die noordelike sandsteenwerk van die Gordonstraatbrug ook 'n muur, vyftien voet breed gebou om die boog van die brug te ondersteun. Aan die suidelike voet van die boog is vier betonsteenmure wat elk tien voet lank en vier voet breed is, gebou.[76]

In Desember 1905 is die boog van die Aliwalstraatbrug voltooi, nadat die suidelike voet van die boog ook 'n steunmuur ontvang het. Hierna is begin om die loopvlak van beide brûe vir verkeer gereed te kry.[77] Die kontrakteur, F. Coates, het die brûe gedurende die tweede helfte van 1905 gesteengruis en vroeg in 1906 is die ryvlak van die brûe geteer.[78] Oor die geteerde ryvlak van die twee brûe het die stadsingenieur hom soos volg uitgelaat: "this (tar macadam) would provide a much better road surface than the ordinary macadam, and would serve as an experiment."[79]

### 3.4 Die Kerkstraatbrug

Die fondasie van die Kerkstraatbrug is in Desember 1905 uitgesteek terwyl bouwerk aan die Gordon- en Aliwalstraatbrug voltooiing genader het. Die twee voetstukke van dié boogbrug is ook met steunmure (counterforts) versterk.[80] Die suidelike voetstuk van dié brug was einde Januarie 1906 prakties gesproke voltooi. Beide voetstukke was teen die middel van Februarie gereed vir die oprigting van die boog. Die konstruksie van die boog is egter minstens ses weke uitgestel, waarskynlik ter wille van 'n stewige basis, wat insinking moes verhoed.[81]

Bouwerk aan die boog van die brug wat op 1 Maart begin het, sou egter nog weke lank vertraag word nadat die stadsingenieur gevind het dat ene Bennett, die inspekteur van messelwerk, sekere nalate gepleeg het. Hy het naamlik nie toegesien dat die sementklei volgens spesifikasies gemeng word nie. Die bousand is nie vooraf gewas nie en instruksies dat die sandsteenblokke haaks moes lê, sonder die invoeging van enige splinters (spawls) is verontagsaam. In die bouwerk van die boog is inderdaad splinters gevind.[82]

Die gevolg was dat die stadsingenieur gedane bouwerk aan die Kerkstraatbrug afgekeur het, Bennett ontslaan het, en die kontrakteur opdrag gegee het om dié gedeelte van die boog waar genoemde nalate gepleeg is, af te breek. Die stadsingenieur het geweier om enige magtiging vir gedane werk aan die Spruit- en brugbouprojek te onderteken indien aan sy versoek nie gehoor gegee word nie.[83] Ongeveer 'n maand later, op 10 April, kon hy die stadsraad meedeel dat die foutiewe bouwerk reggestel is en ook dat "the pitching of the cut (Spruit) at the top end was almost completed."[84]

Bouwerk het hierna weer gevlot want einde April was die boog voltooi en in Junie is die aanlope tot die brug gemaak. 'n Maand later is begin om die ryvlak van die brug vir sy teeroppervlakte gereed te kry. Die stadsraad het naamlik besluit om ook die ryvlak van die Kerkstraatbrug te teer. Die randstene is ook in dié tyd gelê.[85] Hierna was die brug gereed vir verkeer.

### 4. Konklusie

Die kontrakteur, Transvaal Engineering Company, het die Bloemspruitprojek in Junie/Julie 1906 afgehandel, maande nádat die keerdatum van die kontrak verstryk het, te wete 8 Oktober 1905.[86] Dat daar nie bevredigende vordering met die projek gemaak was nie, moet die burgemeester in sy jaarverslag van 1905 dus toegegee word. Teen die einde van 1905 moes die Kerkstraatbrug nog gebou word, uitgrawings in die Spruit en die bestrating van gedeeltes van die Spruitwal was agterweë. Die gevolg was dat die oprigting van die sierysterrelings op die walle van die Spruit eers in Februarie 1907 gedoen is. So laat as Junie 1906 het die stadsingenieur nog defektiewe sandsteenblokke in die borsweringmure van die brûe ontdek, enkele weke na die brouwerk in die Kerkstraatbrug ontdek is. Ingevolge die voorwaardes van die kontrak het die stadsingenieur oor die bevoegdheid beskik om enige bouwerk wat defektief was, te laat regstel, selfs nadat die werk deur die kontrakteur afgehandel is.[87]

Die positiewe sy van die saak is dat die projek uiteindelik bevredigend afgehandel is, danksy die streng toesighoudende optrede van die stadsingenieur, mnr. H.F. Peet. Sy optrede het verseker dat die konstruksie van die ses brûe en die kanalisering van Bloemspruit aan die vereistes van hoëgraadse bouwerk voldoen het. Oor die gehalte sandsteen en die bouwerk in die algemeen het mnr. Eliot Cooper van Londen, wat monsters van die sandsteen ontvang het, opgemerk: "the stone used in the abutments and interior of the arches was very satisfactory, although that for the outside work rather soft. Mr. Hobson, another expert, had also cabled that the arches were satisfactory."[88]

By monde van die burgemeester, het die stadsraad van Bloemfontein sy tevredenheid oor die voltooiing van die projek soos volg gelug: "The Spruit, so far as the Council has been able to effect this, can now be looked upon as a safeguard against a recurrence of the disastrous and fatal result of the flood which occurred in 1904 . . .[89] The Council has now practically done its part to protect the Town from future floods . . .[90] The whole thing will constitute an immense improvement to the town and will enhance the value of property in the neighbourhood."[92]

Vandag, na 80 jaar is ons in staat om die komplementêre karakter van Bloemspruit in die lig van sy verlede, na waarde te skat, nie slegs sy ekonomiese en funksionele aard nie, maar ook die estetiese en argitektoniese fasette. In Suid-Afrika is daar waarskynlik nie nóg só 'n besondere uitleg van sandsteenbouwerk nie, midde in 'n stad, met statige regeringsgeboue, óók van sandsteen. Daarom is dit verblydend dat die ontwikkeling van Bloemspruit eersdaags 'n groot hupstoot gaan kry as stads- en streekbeplanners en argitekte gaan saamspan om 'n meesterplan op te stel.[93]



**Kerkstraatbrug met vier lamppale.**

**Voetnote**

1. *Die Volksblad, 4.5.1984 en 23.8.1984.*
2. *The Friend, 6.1.1905: The Mayor's Review; Vgl. K. Schoeman: Bloemfontein, die ontstaan van 'n stad, 1846-1946 (Kaapstad, 1980), p. 123.*
3. *Ibid.*
4. *The Friend, 6.1.1905: The Mayor's Review; K. Schoeman: Bloemfontein, die ontstaan van 'n stad, 1846-1946, pp. 185-186; Vgl. ook The Bloemfontein Post, 27.1.1904.*
5. *Twentieth Century Impressions of Orange River Colony and Natal: Their history, people, commerce, industries and resources (Lloyd's Greater Britain Publishing Company, 1906), p. 53; Vgl. ook Argief van die Stadsklerk, Bloemfontein in Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna MBL), MBL 3/1/9: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1904, p. 21; The Friend, 6.1.1905: The Mayor's Review.*
6. *MBL 3/1/9: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1904, p.22.*
7. *Ondersoek ter plaatse deur skrywer. Sien ook Twentieth Century Impressions of Orange River Colony and Natal . . . p. 53; MBL 1/2/3/1/2: Notules van Openbare Werkekomitee, 17.5.1904, p. 2 en 31.5.1904, p. 1; MBL 4/1/1/13: Lêer 104, Bloemspruit Diversion Contract, Transvaal Engineering Company aan H.F. Peet, 19.7.1906; MBL 1/1/1/12: Notules van Bloemfontein Munisipaliteit, 1.9.1904, p. 72.*
8. *Ibid., en 15.9.1904, p. 88; The Friend, 14.7.1904.*
9. *Ibid., 29.7.1904.*
10. *MBL 1/2/3/1/2: Notule van Openbare Werkekomitee, 11.5.1905, p. 3 en 8.6.1905, p. 4.*
11. *Ibid.: Notule van Openbare Werkekomitee, 24.8.1905, p. 4.*
12. *The Friend, 25.7.1904 en 15.10.1904.*
13. *MBL 3/1/9: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1904, p. 22.*
14. *Ibid.*
15. *Ibid.*
16. *MBL 3/1/10: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1905, p. 14.*
17. *MBL 3/1/9: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1904, p. 22.*
18. *The Friend, 23.3.1905. Vgl. ook MBL 1/1/1/11: Notule 10.5.1904, p. 560.*
19. *MBL 4/1/1/13: Statements 1907, Bloemspruit Capital Account.*
20. *MBL 1/2/3/1/2: Notule van Openbare Werkekomitee, 28.6.1904, p. 2.*
21. *The Friend, 17.9.1904 en 7.10.1904; MBL 1/1/1/12: Notule 15.9.1904, pp. 88-89,*
22. *The Friend, 12.8.1904.*
23. *Ibid., 7.10.1904; MBL 1/2/3/1/2: Notule 11.10.1904, p. 3.*
24. *The Friend, 1.10.1904 en 11.10.1904.*
25. *MBL 3/1/9: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1904, p. 57.*
26. *MBL 1/1/1/12: Notule 21.9.1905, pp. 528-529; MBL 1/1/1/13: Notule 5.10.1905, pp. 6 en 14.*
27. *BML 1/2/3/1/2: Notule van Openbare Werkekomitee, 22.11.1904, p. 3.*
28. *MBL 1/1/1/12: Notule 16.3.1905.*
29. *Ibid.: Notule 19.1.1905, p. 213.*
30. *Ibid.: Notule 20.7.1905, p. 469.*
31. *MBL 1/1/1/13: Notule 10.4.1906, p. 136.*
32. *MBL 3/1/11: Corporation of Bloemfontein, Yearbook 31.12.1906, p. 52.*
33. *Ibid.; MBL 1/1/1/13: Notule 15.2.1906, p. 95 en 21,.6.1906, p. 187.*
34. *Ibid.: Notule 18.10.1906, p. 272.*
35. *Ibid.: Notule 6.12.1906, p. 300 en 7.2.1907, p. 345.*
36. *MBL 1/1/1/12: Notule 21.9.1905, p. 530 en 23.11.1904, p. 130.*
37. *MBL 1/1/1/13: Notule 12.3.1907, p. 368.*
38. *Ibid.: Notule 7.6.1906, p. 168.*
39. *MBL 3/1/10: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1905; MBL 1/1/1/13: Notule 19.7.1906, pp. 205 en 222.*
40. *MBL 1/2/3/1/60: Supplementêre agenda, Notule van Openbare Werkekomitee, 17.1.1935, p. 13; MBL 1/2/3/1/80: Notule van Openbare Werkekomitee, 21.1.1941.*
41. *Ibid.*
42. *MBL 1/1/1/37: Notule 29.3.1940, p. 880; MBL 1/2/3/1/83: Notule van Openbare Werkekomitee, 17.8.1942, p. 1.*
43. *MBL 3/1/10: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1905, p. 34.*
44. *The Friend, 23.3.1905. Vgl. ook MBL 3/1/8: Bloemfontein Town Council, Mayor's Minute, 31.12.1903, p. 14.*
45. *MBL 1/1/1/12: Notule 15.12.1904, p. 186; MBL 3/1/9: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1904, p. 57.*
46. *MBL 1/1/1/12: Notule 8.9.1905, pp. 516-517.*
47. *Ibid.: Notule 16.3.1905, p. 299, wat melding maak van: "eighth courses of vousoirs on either side of President Brand Street Bridge."*
48. *The Friend, 22.5.1906, en 23.5.1906.*
49. *MBL 1/2/3/1/2: Notule van Spesiale vergadering van Openbare Werkekomitee, 22.5.1906, p. 1.*
50. *MBL 1/1/1/12: Notule 6.7.1905, pp. 412 en 449; MBL 3/1/11: Corporation of Bloemfontein, Yearbook 31.12.1906, p. 40.*
51. *MBL 3/1/10: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1905, pp. 10 en 34; MBL 1/1/1/12: Notule 1.6.1905, p. 412.*
52. *MBL 3/1/10: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1905, p. 34.*
53. *The Friend, 23.3.1905.*
54. *MBL 4/7/1/63: Lêer 30/28, Stadsklerk aan Stadsingenieur, 30.7.1927.*
55. *MBL 1/2/3/1/69: Agenda Openbare Werkekomitee, 19.1.1938, pp. 2 en 18; MBL 1/1/1/35: Notule 28.1.1938, p. 683.*
56. *MBL 4/7/1/63: Lêer 30/28, Extract from minutes of ordinary meeting of town council, 29.1.1930. Vgl. ook MBL 4/7/1/63: Lêer 30/28, Extract from Minutes of ordinary Meeting of Public Works Committee, 16.5.1927.*
57. *MBL 1/2/3/1/55: Notule van Spesiale vergadering van Openbare Werkekomitee, 8.9.1933, p. 6.*
58. *Ibid.*
59. *MBL 1/2/3/1/40: Notule van Openbare Werkekomitee, 13.2.1930, p. 1 en 12.4.1930, pp. 2-3; MBL 1/2/3/1/60: Notule van Openbare Werkekomitee, 3.12.1934, p. 3 en 17.1.1934, p. 4; MBL 1/2/3/1/69: Notule van Openbare Werkekomitee, 19.1.1938, p. 5.*
60. *Ibid., p. 4 en 17.5.1938, p. 3.*
61. *MBL 1/1/1/12: Notule 16.3.1905, p. 299.*
62. *Ibid.: Notule 18.5.1905, p. 394 en 20.7.1905, p. 469.*
63. *MBL 4/1/1/13: Lêer 96, Bridges over Bloemspruit: report of Public Works Committee for Special Council, 22.5.1906; MBL 1/1/1/13: Notule 22.5.1906, p. 165.*
64. *MBL 1/2/3/1/2: Notule van Openbare Werkekomitee, 13.7.1905, pp. 1-2.*
65. *MBL 1/1/1/13: Notule 26.1.1906, p. 75.*
66. *MBL 1/1/1/12: Notule 6.7.1905, p. 451; MBL 1/1/1/13: Notule 16.11.1905.*
67. *Ibid., 21.12.1905, p. 61; The Friend, 10.11.1905 en 9.12.1905.*
68. *MBL 4/1/1/13: Lêer 96, Bridges over Bloemspruit: Report of Public Works Committee for Special Council, 22.5.1906; MBL 1/1/1/13: Notule 22.5.1906, p. 165.*
69. *MBL 4/7/1/63: Lêer 30/28, Extract from minutes of an ordinary meeting of the Public Works Committee, 16.5.1927.*
70. *MBL 1/1/1/13: Notule 16.11.1905, p. 51.*
71. *Ibid., pp. 51-52.*
72. *Ibid., p. 51.*
73. *MBL 1/1/1/12: Notule 21.9.1905, p. 529.*
74. *Ibid.: Notule 8.9.1905, p. 516.*
75. *MBL 1/1/1/13: Notule 16.11.1905, p. 33.*
76. *MBL 1/1/1/12: Notule 21.9.1905, p. 529 en 6.7.1905, p. 451.*
77. *Ibid.; MBL 1/1/1/13: Notule 26.1.1906, p. 62.*
78. *MBL 1/2/3/1/2: Notule van Openbare Werkekomitee, 13.7.1905, pp. 1-2 en 11.1.1906, p.1. Vgl. ook MBL 1/2/3/1/2: Notule van Openbare Werkekomitee, 10.5.1906, p. 1 en MBL 1/1/1/13: Notule 17.5.1906, p. 156.*
79. *Ibid.: Notule 26.1.1906, p. 75.*
80. *Ibid.: Notule 21.12.1905, p. 62.*
81. *Ibid.: Notule 26.1.1906, p. 77 en 15.2.1906, p. 96.*
82. *The Friend, 27.3.1906; MBL 1/1/1/13: Notule 1.3.1906, p. 119.*
83. *Ibid.*
84. *Ibid.: Notule 10.4.1906, p. 134.*
85. *Ibid.: Notule 24.4.1906 en 19.7.1906, pp. 205 en 222. 17.5.1906, p. 156 en 5.7.1906, p. 196; The Friend, 8.6.1906.*
86. *MBL 3/1/10: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1905, p. 34.*
87. *MBL 1/2/3/1/2: Notule van Openbare Werkekomitee, 22.5.1906, p.1.*
88. *MBL 1/1/1/13: Notule 16.11.1905, p. 33.*
89. *MBL 3/1/11: Corporation of Bloemfontein, Yearbook 31.12.1906, p. 25.*
90. *MBL 3/1/10: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1905, p. 14.*
91. *MBL 3/1/9: Corporation of Bloemfontein, Minute of the Mayor, 31.12.1904, p. 22.*
92. *The Friend, 23.3.1905.*
93. *Bloemnuus, 30 November — 6 Desember 1984, p. 3.*

# DIE WONDERBOOMFORT-BEWARINGSPROJEK

**J. Dreyer**

Om te praat oor bewaring het deesdae mode geword. Indien ons egter net daaroor praat sal ons weldra nie meer iets oorhê wat bewaringswaardig is nie. Dit is hoog tyd dat ons minder sê oor bewaring en werklik fisies iets daaromtrent doen.


Ons by die Hoërskool Pretoria-Noord het gevoel dat ons 'n verantwoordelikheid het teenoor ons eie omgewing en het besluit om die Wonderboom Boerefort in 'n mate te restoureer.


Daar is alreeds gevorder met die uitgrawe van rommel in die kamers van die fort, terwyl die hoofingang en die perdestal reeds skoongemaak is. Daar word beoog om die oorspronklike staaldeure weer te hang en om aanwysborde by die verskillende kasernes op te rig, sodat besoekers dit maklik kan identifiseer.

Totale restourasie van die fort is onmoontlik omdat die dak daarvan opgeblaas is met plofstof. Tog kan ons deur verwydering van die rommel probeer om die kamers ten minste toeganklik te maak vir besoekers.


Ons beoog om later ook 'n bronsplaat aan te bring wat die geskiedenis van die fort kortliks sal uiteensit. Die volledige verhaal sal in 'n brosjure saamgevat word sodat meer mense die interessante geskiedenis van die fort kan oplees.

Ons hoop om in ons poging nie net 'n bewaringsbewustheid onder leerlinge te kweek nie, maar onder al die mense in Pretoria.





**Die uitsig wat die fort oor Pretoria bied getuig van die strategiese ligging daarvan.**



Die enigste manier waarop die rommel verwyder kan word is met 'n pik en 'n graaf, wat beteken dat daar baie hard gewerk moet word.




Meisies van die Hoërskool Pretoria-Noord wat besig is om die binneplein op te ruim.



Dit neem baie hande om so 'n swaar staaldeur weer staan te maak.

# ENERGY FOR LIFE





# How to get 500 000 km from 6 litres of petrol.

Or even from 6 litres of Champagne.

Petrol and Champagne are colours of paint, two of 14 finishes in which Mercedes-Benz cars are available. And 6 litres is the approximate amount used.

So to put the record straight, this is not an advertisement for Mercedes-Benz fuel efficiency, but an advertisement for Mercedes-Benz durability.

And the paintwork is very much a part of the durability story.

Every Mercedes-Benz body shell gets six separate coats: It is cleaned, phosphated and electrophoretically dip-primed. Then a second primer is followed by two top coats. In the case of metallics, such as Petrol, a seventh clear coat is applied.

In all, 20 kg of paint is used. And 14 kg of flexible underseal.

To test the influence of extreme conditions on body and paintwork, Mercedes-Benz models



have been driven through roadless deserts, Alaskan wastes and tropical South American terrain.

This is not an isolated example of thoroughness. Equal concern is shown with every aspect of the car.

As a result, with reasonable care and maintenance it is not impossible for a Mercedes-Benz to last 500 000 km.

Indeed, in the Guinness Book of Records the world record for durability is attributed to a 1957 Mercedes 180D. It accumulated an authenticated 1 906 879 kilometres in its lifetime.

Achieved, we understand, on about 6 litres of Olive.

Mercedes-Benz. Engineered like no other car in the world.

Mercedes-Benz




*Elke Sigaret*
*'n Meesterstuk*

VRFA 226